

Sue Grové

Studiegids

Via Afrika Geskiedenis

Graad 12



Our Teachers. Our Future.

Inhoud

INLEIDING	1
Onderwerp 1: Die Koue Oorlog	2
Eenheid 1: Wat was die oorsprong van die Koue Oorlog?	3
Uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudie 1: China	7
Uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudie 2: Viëtnam	13
OPSOMMING EN VRAE.....	19
Onderwerp 2: Onafhanklike Afrika.....	23
Eenheid 1: Denkrigtings wat pas onafhanklike Afrika-lande beïnvloed het.....	24
Gevallestudie 1: Die Kongo en Tanzanië: 'n Vergelykende gevallestudie	26
Eenheid 2: Uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika	34
Eenheid 3: Afrika in die Koue Oorlog	35
Gevallestudie 2: Angola.....	37
OPSOMMING EN VRAE.....	45
Onderwerp 3: Burgerlike samelewingsverset – 1950's tot 1970's	49
Eenheid 1: Oorsig van burgerlike verset	50
Gevallestudie 1: Die Amerikaanse Burgerregtebeweging.....	60
Gevallestudie 2: Die Swartmagbeweging.....	67
OPSOMMING EN VRAE.....	71
Onderwerp 4: Burgerlike samelewingsverset in Suid-Afrika	75
Eenheid 1: Suid-Afrika in die 1970's en die 1980's	76
Eenheid 2: Die uitdaging van Swartbewussyn aan die apartheidsstaat.....	80
Eenheid 3: Die krisis van apartheid in die 1980s.....	83
OPSOMMING EN VRAE.....	94

Onderwerp 5: Koms van demokrasie na Suid-Afrika	99
Eenheid 1: Onderhandelde ooreenkoms en 'n Regering van Nasionale Eenheid	100
Eenheid 2: Hoe verkies Suid-Afrika om die verlede te onthou?	113
OPSOMMING EN VRAE	122
 Onderwerp 6: Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde	 129
Eenheid 1: Gebeure wat tot die einde van die Koue Oorlog gelei het	130
Eenheid 2: Die einde van die Koue Oorlog – die gebeure van 1989	133
Eenheid 3: 'n Nuwe wêreldorde	140
OPSOMMING EN VRAE	149
 Antwoorde	 155

Eksamenwenke

- 1 Maak seker dat jy die partye met die leier en ideologie kan koppel wat 'n rol in die burgeroorlog gespeel het.
- 2 Die konteks van hierdie tema is Koue Oorlog-politiek. Dit sal duidelik weerspieël word uit verskeie perspektiewe van dieselfde gebeurtenis. Hou dit in gedagte wanneer jy bronne interpreteer.
- 3 Verwys altyd na die toeskrywing van elke bron en probeer om soveel as moontlik inligting oor die oorsprong van die bron, die doel daarvan en wanneer dit geskryf is in te win.
- 4 Wees op die uitkyk na leidrade in alle bronne en plaas dit in hul korrekte geskiedkundige konteks. As daar 'n datum is, gebruik dit om die konteks te bepaal.
- 5 Gebruik die woordelys en teksbokse in die leerderboek om jou begrip en woordeskate uit te brei. Gebruik geskiedkundige terme en begrippe met selfvertroue en in die korrekte konteks.
- 6 Probeer om leiers, simbole, leidrade, ens. te identifiseer en verwys daarna wanneer jy bronne interpreteer.
- 7 Moet nooit aanneem dat die eksaminator, onderwyser of nasiener weet wat jy bedoel nie – stel jou siening duidelik.
- 8 Koppel afdelings met kennis wat jy vroeër opgedoen het. Jou kennis van die Koue Oorlog-periode en kolonialisme sal nuttig wees om vrae in hierdie afdeling te interpreteer.
- 9 Probeer om die inhoud jou eie te maak en moenie hierdie opsommings of afdelings van die leerderboek bloot memoriseer nie. Gebruik jou eie woorde en maak eenvoudige opsommings om jou met jou memorisering te help.
- 10 Die leerderboek het talle voorbeelde van vrae waarmee jy kan oefen. As jy dit gereeld doen en daaglik konsolideer, sal jy suksesvol wees.

Inleiding tot Geskiedenis Graad 12

Wie is jy? Wat maak jy hier?

Waarheen is jy op pad? Hoe gaan jy daar kom?

Geskiedenis kan jou help om sommige van hierdie vrae te beantwoord.

Deur die verlede te bestudeer, kan ons leer hoe om in die hede te leef. Ons kan sien watter foute gemaak is en ons kan verhoed dat hulle in die toekoms herhaal word. Deur hierdie foute van die verlede te bestudeer, sowel as baie korrekte en moedige besluite wat geneem is, kan ons beter verstaan waarom ons wêreld nou is soos dit is.

Geskiedenis is die studie van mense: beroemde mense, berugte mense en gewone mense, en hoe hulle besluite en optrede vorm gee aan die toekoms. Die bestudering van hierdie mense kan ons inspireer om 'n meer aktiewe rol in die totstandbringende van ons wêreld te speel en in ons strewe om ons individuele potensiaal te bereik. Geskiedenis is 'n opwindende en dinamiese vak. Bestudering van Geskiedenis kan ons help om die verlede beter te verstaan en intelligent te kan saam praat oor wat in die wêreld gebeur.

Die geskiedenis omvat baie besonderhede, soos die gebeure, datums en name van mense en plekke. Maar, wanneer jy Geskiedenis bestudeer, moet jy nie bekommerd wees dat jy deur al die besonderhede oorweldig sal word nie. Probeer om die belangrikheid van die groter prentjie te sien..

As jy goed wil presteer in Geskiedenis is hier 'n paar strategieë wat jy kan volg:

- Luister aandagtig in die klas.
- Vra vrae aan jou onderwyser totdat jy verstaan wat aangaan.
- Gaan dieselfde dag nog oor die werk wat jy in die klas gedoen het.
- Doen jou eie ekstra navorsing oor die onderwerp wat jy bestudeer.
- Moet nooit wag tot die dag voor 'n toets of eksamen om te begin studeer nie.
- Maak jou eie kopkaarte en opsommings.
- Praat met jou self terwyl jy studeer en toets jou eie kennis.


Kernvraag vir Graad 12: Wat is die aard van die post -Tweede Wêreldoorlog-wêreld??

Die Koue Oorlog

Oorsig

In hierdie onderwerp gaan jy die volgende hersien:

- waarom die Koue Oorlog ontstaan het, die USSR en die VSA en die skepping van invloedsfere, end die Beleid van indamming en krisispolitiek.
- Die uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudies: China of Viëtnam.



Wat was die oorsprong van die Koue Oorlog ?

Kernvraag: Waarom het die Koue Oorlog ná die Tweede Wêreldoorlog begin en waarom is dit só genoem?

Definisie van die begrip “koue oorlog”

- Wat was dit?
 - Dit was ’n toestand van militêre mededinging en politieke spanning.
- Watter metodes is gebruik?
 - Spioenasie, propaganda, steun van bondgenote in konfliksituasies, bv. die Midde-Ooste, Europa, die Verre Ooste en Afrika.
- Wie was primêr betrokke?
 - Die twee supermoondhede – die VSA en die USSR – en hul bondgenote.
- Wanneer het dit plaasgevind?
 - Die jare 1945 tot 1989 word aanvaar as die amptelike datums, maar sommige beskou 1917 as die begin van die konflik toe die Russiese Revolusie tot die vestiging van die Sowjetunie gelei het, en dat dit geëindig het toe die Sowjetunie tot ’n val gekom het en Duitsland herenig is.
- Waar het dit plaasgevind?
 - Dit het in Europa begin en na ander wêrelddele versprei.
- Waarom het dit gebeur?
 - Daar was baie langtermyn- en korttermynoor sake:

Oorsake van die Koue Oorlog

- Die Tweede Wêreldoorlog self – die skeur tussen die VSA en die USSR het verbreed:
- Stalin het Oos-Europa tydens die laaste maande van die oorlog binnegedring en die Rooileër het Berlyn eerste bereik.
- Pole is deur die USSR beset en Duitsland is in vier sones verdeel omdat die Geallieerde Magte nie konsensus kon bereik nie.
- Kernwapens het die agterdog en mededinging vererger.
- Dit het tot ’n wapenwedloop gelei en dodelike wapens van verwoesting is ontwikkel.
- Twee invloedssfeer is in Europa gevestig toe kommunistiese regerings in die besette state gevestig is – dit is satellietstate genoem.
- Mededingende ideologieë het tot verhoogde agterdog gelei – kommunisme teenoor kapitalisme en demokrasie.
- Leierskapsmededinging: Truman was hardkoppig en wou nie aan Stalin toegee nie; hy het kommunisme gehaat.

- Hoe het dit gebeur?
 - Dit was nie ’n “warm” konflik tussen die supermoondhede of direkte, ope en konvensionele oorlogvoering nie, maar het deur gevolmagtigde oorloë en bevrydingstryde plaasgevind. Kwesbare state is gemanipuleer om ideologieë na te volg en die invloedssfeer van die twee supermoondhede uit te brei.

Wat was Truman se “indammingsbeleid”?

- Dit was Truman se beleid ná 1946 om spesifieke strategieë te gebruik om die verspreiding van kommunisme te voorkom.
- Dit het uit twee komponente bestaan:
 - die Truman-leerstellings
 - die Marshall-plan (of die Europese herstelplan).

Hersien die kaarte en begrippe in die leerderboek se woordelys. Maak seker dat jy weet waar plekke is en hoe Europa in twee invloedssfeer verdeel is.

Die Truman-leerstellings

Griekeland Krisis 1946

- In Maart 1947 het Truman aangekondig dat die VSA Griekeland teen die kommuniste sou ondersteun.
 - Militêre en finansiële hulp = verandering in die VSA se buitelandse beleid.


Europese herstelplan (Marshall-Plan)

- In June 1947 het Marshall die Europese herstelplan aangekondig om kommunisme in Europa hok te slaan.
 - Hulp vir industriële en ekonomiese herstel is aan enige Europese staat gebied.
 - Dit sou armoede uitwis en ekonomiese nood verlig, wat die verspreiding van kommunisme sou voorkom.

Die USSR het verhinder dat die satellietstate hulp deur die Marshall-plan aanvaar en die Kominform tot stand gebring om die VSA se indammingsbeleid teen te staan.

Die Berlynse Krisis: 1948–1961

Hersien die betekenis van “invloedsfeer” en “Ystergordyn” – lees die aantekeninge in leerderboek.



Wes-Duitsland het as die Bondsrepubliek bekend geword en Oos-Duitsland as die Duitse Demokratiese Republiek.

Lewenspeil in DDR laag: lei tot migrasie na Wes-Berlyn en stakings:

- Opstande deur owerhede onderdruk.
- Leier van DDR, Walter Ulbricht, het die grens tussen Oos- en Wes-Berlyn in Augustus 1961 gesluit en soldate het 'n muur en wagtoringe met gewapende wagte gebou om oorlopers te stuit.

Die Berlynse Muur

Ná die Berlynse Krisis is twee magtige militêre bondgenootskappe gevorm wat Europa teen 1955 effektief in twee gewapende kampe verdeel het:

Navo is in 1949 deur 12 lande gevorm wat ooreengekom het om hul gewapende magte met die Geallieerdes te verenig in geval van 'n kernbedreiging of 'n aanval van die Ooste.

Nadat Wes-Duitsland in 1955 by Navo aangesluit het, het die USSR en hul bondgenote 'n tweede magtige militêre blok gevorm, naamlik die **Warskou-verdrag**.

BELANGRIKHEID: Die sferes is in twee verdedigingsverdrae ingegrawe en 'n wapenwedloop tussen die supermoondhede was aan die opbou.

Indamming en krisispolitiek: die Kubaanse krisis

Nog 'n taktiese verwikkeling tydens die Koue Oorlog was krisispolitiek. Dit is die praktyk om gevaarlike gebeure tot op die rand van die afgrond te dryf om sodoende 'n voorsprong te kry. Die teenstanders is as swakkeling voorgedou en gediskrediteer om hulle sodoende in 'n swak lig te stel. Hierdie strategieë is tydens die gebeure in Kuba toegepas, wat gelei het tot die uitbreiding van die Koue Oorlog buite die grense van Europa.

Agtergrond tot die krisis

- Kommersiële boere en sakelui van die VSA het tot 1959 belange in Kuba gehad. Dit was 'n arm land wat van Amerikaanse suikerinvoer afhanklik was. Die VSA het hulle blind gehou vir die brutaliteit van die Kubaanse diktator Batista.
- Castro het in 1959 'n revolusie gelei en Batista se regime omvergewerp.

- Castro het planne aangekondig om grond in Kuba te nasionaliseer en aangedui dat hy lenings van die VSA nodig gehad het.
- Die VSA het geweier om vir Castro geld te leen, aangesien hy as 'n Marxis beskou is. Die VSA het gedreig om hul suikerinvoer uit Kuba te verminder.
- Kuba het na die USSR gedraai en 'n handelsooreenkoms met Rusland onderteken.
- As gevolg van handelsbesnoeiings in die VSA het Kuba alle Amerikaanse maatskappye genasionaliseer.
- Die CIA het 'n groep ballinge gehelp met die beplanning van 'n teenrevolusie teen Castro se regering.
- Hierdie inval was 'n ramp en 'n vernedering vir Kennedy se regering.
- Castro het die USSR vir wapens gevra om sy land teen die VSA te beskerm en hy het hom 'n Marxis verklaar.
- Die VSA het Kuba as nog 'n Sowjetsatellietstaat beskou.
- Kuba het in Junie 1962 skeepsvragte wapens en MIG-21-vegstralers ontvang.
- Mediumspeling-missiele en bomme het opgedaag.

Die Kubaanse krisis: 1962

- Op 14 Oktober 1962 het 'n Amerikaanse spioenasievliegtuig 'n kernmissielbasis op die eiland ontdek.
- Kennedy het 'n spesiale komitee saamgestel om hom raad te gee oor die pad vorentoe.
- Op 22 Oktober het Kennedy aangekondig dat hy die eiland blokkeer en onder kwarantyn plaas totdat die missielaanlegte verwyder is.
- Chroesjtsjof het Sowjetoptrede verdedig as 'n aksie van selfverdediging van Kuba se kant danksy die rol van die VSA in die Varkebaai-inval.
- Chroesjtsjof het die VSA van seerowery beskuldig en het nie die oorlogskip wat onderweg na Kuba was laat omdraai nie.
- Die twee leiers het briewe gewissel en die wêreld het angstig gewag om te sien wat sou gebeur.
- Chroesjtsjof het aangebied om die Sowjetkernmissielaanlegte in Kuba af te takel op voorwaarde dat die Amerikaanse missielbasisse in Turkye ook afgetakel word.
- Die krisis is deur middel van diplomatie afgeweer.
- Nadat die krisis afgeweer is, was daar 'n ontدooing in die Koue Oorlog: 'n blitstelefoonlyn is as 'n direkte kontakskakel tussen Moskou en Washington geïnstalleer.
- In Augustus 1963 is 'n toetsverbod-ooreenkoms onderteken om 'n einde te bring aan bogrondse kerntoetse.

In 1968 is 'n kernsperverdrag onderteken wat daarop gemik was om die verspreiding van kernwapens na lande wat dit nie gehad het nie te voorkom.

Uitbreiding van die Koue Oorlog: Gevallestudie 1: China

Kernvraag: Hoe het China ná 1949 as 'n wêreldmag na vore gekom?

Hersien die volgende in die gevallestudie:

- die gebeure in 1949 wat tot die totstandkoming van kommunistiese China gelei het (agtergrondinligting wat nie geëksamineer sal word nie)
- die kulturele revolusie
- Chinese betrekkinge met die USSR en die VSA van 1949 tot 1973
- China se buitelandse betrekkinge met buurstate
- China se wêreldmagstatus ten tyde van Mao se dood
- beter betrekkinge tussen China en die VSA ná 1970
- uitwerking van ekonomiese liberalisering op buitelandse betrekkinge na Mao se dood.

Die vestiging van kommunistiese China in 1949 (Slegs agtergrondinligting)

- Brittanje het beheer oor Hongkong gekry ná die oorwinning oor die Chinese imperiale weermag in 1842.
- Die Chinese keiser moes toegee tot verhoogde handelsbeheer deur die Weste deur vyf verdragshawens.
- Feodale krygshere het in opstand gekom namate die keiser se mag afgeneem het en China het dekades van konflik beleef.
- Europese magte en Japan het voordeel uit die onstabiliteit getrek, bv. Frankryk het die Chinese verdryf en Viëtnam gekoloniseer, Rusland het grond in die noorde beset en Japan het Korea gekoloniseer en Taiwan geannekseer.
- Verandering het by die verdragshawens ingetree toe 'n nuwe generasie Chinese leiers wat in die Weste opleiding ontvang het beheer oorgeneem het, maar die landelike streke was steeds onder streng imperialistiese beheer.
- Tussen 1910 en 1912 het Chinese nasionaliste opgeruk en hulself onafhanklik van die ryk verklaar.
- 'n Voorlopige regering is in 1912 onder Sun Yat-sen ingestel, maar het nie lank gehou nie.
- China was in burgeroorlog gewikkel, 'n situasie wat uitgebuit is deur Russiese kommuniste met 'n agenda om hul ideologie uit te brei.
- Hoewel die Chinese kommuniste deel van die nasionalistiese alliansie was, het hierdie vennootskap in 1927 verbrokkel en ná 1927 is die kommuniste deur Chiang Kai-shek (hy het Sun Yat-sen vervang) se troepe geteiken.
- Die kommuniste het na die platteland onttrek en het 'n party geword wat op die behoeftes van landelike kleinboere eerder as dié van fabriekswerkers gefokus het.
- Die nasionaliste het hulp van die Weste ontvang terwyl die kommuniste na die USSR gedraai het.

- Die kommuniste het in 1934 die Lang Opmars aangepak en Mao het die onbestrede leier van die CKP geword.
- Sake het ingewikkeld geraak vir die nasionaliste toe die Japannese Chiang Kai-shek se weermag in 1936 aangeval het en Mantsjoerye beset het.
- Ná Japan se nederlaag in 1945, het burgeroorlog tussen die nasionaliste en die kommuniste vererger.
- Met Sowjetsteun en steun in die landelike gebiede het die kommunistiese magte geseëvier.
- Die nasionaliste (Guomindang) het na Taiwan gevlug en 'n demokratiese, kapitalistiese staat daargestel.
- Die vasteland China het in 1949 die Volksrepubliek van China geword, onder die leierskap van Mao Zedong.

Die kulturele revolusie

REGERING	GROND	INDUSTRIE
● Gesagstaat. ● Het tot 1 miljoen rygshere tereggestel.	● Die meeste van die ryker kleinboere kon hul grond behou. ● Grond wat van die krygshere afgeneem is, is onder die grondlose kleinboere verdeel.	● CKP het swaar nywerhede en buitelandse ondernemings genasionaliseer. ● Ligte nywerhede kon in private besit bly. ● Dit het tot vinnige groei gelei.

Die Groot Sprong Voorwaarts

- **WAAROM?**
 - Mao wou die Chinese gemeenskap omskep om kapitalistiese lande verby te steek en een van die rykste en invloedrykste lande ter wêreld te word.
- **HOE?**
 - Die CKP het individuele boere in samewerkende landbou of boerderykommunes ingedwing, waar alle grond gesamentlik besit is en werkers volgens die hoeveel werk wat hulle gedoen het, betaal is. Sowat 5 000 huishouding was veronderstel om grootskaalse plase te begin, asook fabriek in hul agterplaas.
- **WAT het gebeur?**
 - Talle plaaslike party-amptenare het korrup en gesaghonger geword. Die Chinese het aanvanklik die Groot Sprong Voorwaarts geesdriftig ondersteun. Regeringspropaganda het data geprojekteer wat die program as suksesvol uitgebeeld het.

GEVOLGE:

= 'n Skouspelagtige mislukking:

WAAROM?

- Swak beplanning en swak ondersteuning vir boere.
- Korrupte plaaslike amptenare.
- Boere moes belasting op produksie betaal en daarom het produksie gou gedaal.
- Agterplaasfabrieke het groot hoeveelhede onverwerkte materiaal verbruik en minderwaardige goedere geproduseer.
- Dit is deur slegte weerstoestande en mislukte oeste in 1961 vererger.



HONGERSNOOD: 20 tot 30 miljoen Chinese mense het gesterf.

Mao het die gematigdes in die CKP toegelaat om vroeër beleide weer toe te pas, om die ekonomie sodoende opnuut aan die gang te sit.

Die Groot Proletariese Kulturele Revolusie


- IN DIE MID-1960'S HET DIE EKONOMIE BEGIN HERSTEL, MAAR KLASSEVERSKILLE HET WEER KOP UITGESTEEK.
- MAO WOU SY GESAG HERVESTIG.
- IN MEI 1966 HET MAO 'N MASSIEWE KULTURELE REVOLUSIE VAN STAPEL GESTUUR.
- HY HET DIE JEUG EN STUDENTE GEMOBILISEER OM DIE ROOIWAGTE TE VORM OM ONDERWYSERS AAN TE VAL.
- VELDTOGLEUSES HET OU IDEES, TRADISIONELE KULTUUR, GEBRUIKE EN GEWOONTES AANGEVAL.
- DIE ROOIWAGTE HET NA SKOLE, KOLLEGES, FABRIEKE EN BOERDERYKOMMUNES BEWEEG EN LOJALITEIT MET GEWELD AFGEDWING.
- MAO HET DIE CKP VAN ANDERSDENKENDE LEDE GESUIWER: DUISENDE IS GEMARTEL EN DOODGEMAAK.
- MAO HET DIE ROOIWAGTE GEBRUIK OM 'N SKRIKBEWIND TE BEWERKSTELLIG, MAAR TEEN DIE LAAT 1960'S HET DIE KULTUUR VAN GEWELD BUITE BEHEER GERAAK.
- TEEN 1970 HET MAO DIE WEERMAG GEBRUIK OM DIE ROOIWAGTE ONDER BEHEER TE BRING.

China se buitelandse beleid

USSR	● Mao wou 'n goeie verhouding met Stalin en die Komintern handhaaf. ● Stalin het Mao se ambisies binne die Komintern gewantou en probeer om sy mag te beperk. Nasionale belange het betrekkinge gedomineer. ● In Februarie 1950 het die USSR en China die Sino-Sowjetverdrag van vriendskap onderteken: China het spoorwegbelange in noordelike China gekry en nywerheidsprojekte is as gesamentlike ondernemings aangepak.
VSA	● Toe die USSR in 1950 vir Noord-Korea met 'n inval in Suid-Korea gehelp het, het die VSA en die VN troepe gestuur om 'n teenaanval te loods. ● Mao het meer as 'n miljoen troepe gestuur om in Korea te veg, om sy aansien te verhoog. Hy het graan en produkte van Chinese boere afgevat om die soldate te voer. ● Sowat 900 000 Chinese troepe het gesterf and daar was baie lyding. Mao het die skuld op die VSA gepak. Daarom het hy Ho Chi Minh teen die VSA in die Viëtnamese Oorlog gesteun.

Die Sino-Sowjetskeuring

Mao se aanvanklike ekonomiese beleid het tot klasseverdeling en ongelykheid gelei. Om dit teen te werk het hy op ware Marxisme, kollektiewe en staatseienaarskap (bekend as Maoïsme) teruggeval en die boerestand gemobiliseer.



Chroesjtsjof het destaliniseringsbeleide toepas en Stalin se onderdrukking veroordeel. Hy het bestuurders toegelaat om kapitalistiese metodes te gebruik om groei te bewerkstellig. Hy het meer vryheid van denke en debat toegelaat. Volgens Mao het dit kommunisme in China bedreig

- Ideologiese verskille het tot verdere verwydering tussen Chroesjtsjof en Mao gelei.
- Ernstige gebiedskonflik in Asië het tot die spanning bygedra, bv. Viëtnam, Korea, Kambodja.
- Mao het die USSR se leierskap in die Komintern bedreig.
- Chroesjtsjof het gedink dat hy Mao kon beheer.
- Die USSR het raadgevers na China gestuur om met die ontwikkeling van 'n atoombom te help.
- In 1959 het die USSR bande verbreek en die raadgevers en tegnici onttrek.
- In 1964 het China 'n eie atoombom ontwikkel.
- Die USSR het bondgenootskappe teen China begin vorm.
- Die USSR en China het wel albei vir Kuba gesteun tydens die Kubaanse Missielkrisis in 1962.

China se betrekkinge met bure

China se buitelandse betrekkinge in Asië

TIBET	VIËTNAM	INDIË	TAIWAN
1950 – Rooiwagte beset Tibet - Dwing die Dalai Lama om 'n verdrag te onderteken wat beheer aan China afstaan 1959- opstand teen Chinese besetting = wreed onderdruk - Tibet is in China geïnkorporeer - Meer as 6 000 kloosters is vernietig en duisende monnike en nonne is vermoor.	1945 – Mao plaas druk op die revolusionêre leier Ho Chi Minh om Maoïsme in Noord-Viëtnam toe te pas. - China het in die 1960's 'n getroue bondgenoot van die kommuniste in die oorlog gebly. Spanning het in die 1970's toegeneem toe China beslag gelê het op olievoorraad in die Golf van Tonkin en toe Viëtnam gehelp het om China se bondgenoot, die Khmer Rouge, in Kambodja te uitoorlê.	- Indië het in 1949 die Volksrepubliek van China erken - MAAR China was nie tevrede met die grens wat Brittanje tussen die twee lande bepaal het nie. - In 1962 het China Indië in 'n magsvertoon aangeval. - In 2004 het China Indië se beheer oor Sikkim erken terwyl Indië China se beheer oor Tibet erken het.	- In 1949 het Chiang se nasionaliste na Taiwan gevlug en die Republiek van China gevestig. - Oorlog het tot 1972 tussen die twee Chinas gewoed. - Die VSA het Taiwan gesteun en die eiland gedurende die Koreaanse Oorlog beskerm. - In 1971 het Mao die VN oorreed om Rooi China een van die permanente vyf lede van die Veiligheidsraad te maak.

Was China 'n supermoondheid toe Mao in 1976 gesterf het?

TWEE STANDPUNTE:

JA

- buitengewoon groot staat
- massiewe bevolking
- groot wat grondgebied betref
- groot militêre, politiese, ekonomiese en kulturele invloed.

NEE

- ekonomiese verwoesting en kulturele onderdrukking het nie van China 'n supermoondheid gemaak nie
- Wapen-arsenaal was nie so groot soos die VSA s'n nie.

Waarom China na 1970 betrekkinge met die VSA verbeter

- Om politiese en militêre druk in Asië vanaf die Sowjetunie teen te werk.
- Om dié land se status as 'n toonaangewende staat in wêreldsake te bevorder.

Bewyse van beter betrekkinge:

- Die VN het steun vir Taiwan as lid van die Veiligheidsraad onttrek.
- 1972: President Nixon besoek China:
 - Amerikaanse tegniese personeel en skrywers besoek China
- Sommige Westerse literatuur is in China toegelaat, maar is nie wyd versprei nie.

Impak van China se ekonomiese liberalisering**Wat is ekonomiese liberalisering?**

In hierdie konteks verwys dit na die veranderinge wat ná Mao se dood ingestel is en afgewyk het van ware kommunistiese beginsels.

Impak in China: bekendstelling van mark-sosialisme

- talle van die staatsbeheerde plase is weer in individuele familie-eenhede verdeel
- private burgers is aangemoedig om ligte verbruikersindustrieë te vestig
- moedig 'n oopdeurbeleid met die Weste aan om handel te bevorder
- skaf sentrale beplanning en prysbeheer af
- privatiseer oneffektiewe staatsbeheerde ondernemings.

Resultate:

- 'n Nuwe welvarende middelklas het in die stede ontwikkel terwyl ryker kleinboere in die landelike gebiede opgang gemaak het. China se ekonomie het merkwaardige groei getoon.
- Hierdie nuwe beleide het ook swaarkry vir talle ingehou: armer boere is deur ryker boere van hul grond afgedwing aangesien die grond gekonsolideer is. Werkloosheid in die stede het toegeneem weens die migrasie van landelike na stedelike gebiede. Voedselpryse het gestyg.
- China is steeds nie demokraties nie en die regering tree streng op teen optogte wat demokrasie ondersteun.

Impak op die res van die wêreld

- Weste: Belegging = vriendelike beleide en lae lone vir Chinese werkers lok beleggings na China.
 - Kapitaal en tegnologie het tot massiewe groei en produktiwiteit in China gelei en die Weste behoedsaam gemaak.
- Afrika: China het dié land se belange in Afrika en die BRIC-lande uitgebrei. Hulle stel in Afrika se ryk grondstowwe asook landbouprodukte belang.
 - China voorsien 'n yslike mark vir kommoditeite en grondstowwe. Dít lei dikwels tot ooreenkomste met wrede diktators.
- ontwikkelende ekonomieë:
 - China belê in talle ontwikkelende ekonomieë en brei die infrastruktuur en markte daar uit. Hulle het ook die China-Afrika-forum gevorm om invloed op Afrika-leiers uit te oefen.

Uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudie 2: Viëtnam

Kernvraag: Hoe kon 'n klein land soos Viëtnam 'n oorlog teen die VSA wen? (1945 tot 1975)

Hersien die volgende met hierdie gevallestudie:

- Die agtergrond tot die stryd teen die koloniale magte.
- Fases in die oorlog.
- Hoe die oorlog vandag in Amerika en Viëtnam onthou word?

Agtergrond – Viëtnam se stryd teen die koloniale magte

China het duisende jare lank geheers in die streek wat as Viëtnam bekend geword het. In die tiende eeu het Viëtnam onafhanklikheid gekry, wat gehou het totdat die Franse die streek ná 1858 gekoloniseer het. Franse sendelinge het gehelp om Franse godsdiens, onderrig, taal en gebruike bekend te stel. Teen 1864 was 'n kolonie genaamd Cochinchina in die suide gevestig. Die Franse se beheer is uitgebrei toe hulle ook Laos en Kambodja beset het.

- Franse koloniale beheer was polities onderdrukkend en ekonomies uitbuitend.
 - Die Franse het Viëtnam gemoderniseer met 'n netwerk van infrastruktuur, maar dit het ook dwangarbeid, swaar belasting en gesentraliseerde regering meegebring. Die lewe was moeilik vir Viëtnamese kleinboere.
- Die Viëtnamese weerstand was aanvanklik passief, maar soos nasionalisme gegroei het, het die weerstand toegeneem.
 - Ná die Eerste Wêreldoorlog het Ho Chi Minh die weerstand begin koördineer.
 - Hy het gedurende die 1920's in Parys gaan woon, waar hy aktief by die Franse Kommunistiese Party betrokke geraak het. Hy het Moskou in 1924 besoek en daarvan oortuig geraak dat 'n kommunisties-geïnspireerde revolusie in Viëtnam nodig was om die juk van kolonialisme af te skud.
 - Hy het besef dat nasionalisme 'n teenkoloniale opstand sou aanwakker.
 - Aangesien inhegtenisneming hom in sy eie land in die gesig gestaar het, het hy besluit om vanuit China, naby aan die grens van Viëtnam, te werk.
 - Hy het die Viëtnamese Revolusionêre Liga saam met Viëtnamese nasionale ballinge gevorm.
 - Japan het Viëtnam tydens die Tweede Wêreldoorlog beset en die natuurlike hulpbronne is ingespan om die Japanse oorlogspoging te bevorder.
 - Hy het in 1941 na Viëtnam teruggekeer en die Viet Minh gestig. Hy het 'n bondgenootskap met die VSA gevorm om die Japanners in die Viëtnamese oerwoud te beveg.
- Toe Japan in 1945 uittoerlê is, is die besette streke as Franse kolonies aan Frankryk terugbesorg.
- Ho Chi Minh se guerrillavegters het Hanoi beset en 'n voorlopige regering aangekondig. Hy het homself as president van die Demokratiese Republiek van Viëtnam aangestel → Die VSA het geweier om sy staat te erken.

- Ná die Tweede Wêreldoorlog: Sowat 1 400 Franse soldate wat in September 1945 uit Japanse interneringskampe bevry is, het amok gemaak en talle Viet Minh-guerrillas asook onskuldige burgerlikes aangeval en vermoor.
- Die Viet Minh het wraak geneem deur 'n algemene staking te reël → handel, asook elektrisiteits- en watervoorsiening is gestop.
 - Franse versterkings het in Oktober 1945 gehelp om Franse beheer te herstel.
 - → Ho Chi Minh het vier maande lank probeer om vir volle Viëtnamese onafhanklikheid te onderhandel.
 - MAAR → Franse skepe het die hawe van HaiPhong gebombardeer en dit beset. → Gelei tot die begin van die Viet Minh guerrilla-veldtog teen die Franse.

Die Franse Indo-Chinese Oorlog: 1946–1954

Die eerste paar jaar het uit laevlak guerrilla-oorlogvoering teen die Franse bestaan. Nadat China in 1949 deur die kommuniste oorgeneem is, kon Ho Chi Minh se guerrillas op Chinese steun teen die Franse staatmaak.

- Die oorlog het meer konvensioneel geraak nadat die VSA die Franse begin steun het en die USSR Ho Chi Minh se troepe gehelp het.
 - Die Franse het hul steun in 1949 aan Bao Dai as die leier in die suide toegesê, maar hy was te swak.
 - Die Viëtnamese nasionale weermag was in die suide gestasioneer.
 - China het steeds die Viet Minh in die noorde gesteun.
 - Truman het \$15 miljoen goedgekeur om kommunisme in Viëtnam te bedwing.
 - Nadat Eisenhower vir Truman in 1953 vervang het, het hy meer Amerikaanse militêre hulp aan die Franse gegee.
 - Generaal Giap – 'n briljante militêre strateeg – het die Viet Minh gelei.
 - Die Franse het 'n verdedigingskompleks by Dien Bien Phu opgerig, maar genl. Giap het 'n staat van beleg verklaar wat 57 dae geduur het voordat die Franse noodgedwonge moes oorgee. Die VSA het nie daarby betrokke geraak om die Franse te red nie en dit het tot die einde van Franse koloniale beheer gelei.

Die Genève-vredesverdrag tussen Frankryk en Viëtnam is in 1954 onderteken.

- Dié verdrag het ooreengekom op 'n tydelike verdeling van die land langs die 17de breedtegraad:
 - Ho Chi Minh het beheer oor die noorde gekry en Bao Dai oor die suide.
- Daar sou ná twee jaar 'n vrye verkiesing wees om die land te herenig.
- Ho Chi Minh het 'n genadelose kommunistiese staat in die noorde daargestel en 'n suiwering van die platteland opgelê. Daar is beslag op grond gelê en dis in kommunes verander. Grondeienaars is verhoor en wreed deur gemeenskapstribunale tereggestel.
- Diem het Bao Dai in 1955 as president vervang.
 - Die VSA het SOAVO gevorm – 'n streeksorganisasie om kommunisme te beperk.
 - Die VSA wou kapitalisme en demokrasie in die streek bevorder om die verspreiding van kommunisme te keer..

Fases in die Viëtnamese Oorlog

Die Franse het ná hul nederlaag by Dien Bien Phu en die Genève-vredesverdrae hul troepe onttrek om in die teenkoloniale stryd in Algerië te veg. President Diem het die VSA om hulp gevra teen die kommunistiese Gewapende Vryheidsmagte van die Mense (People's Liberation Armed Forces of PLAF) – ook bekend as die Viëtkong). Die kommuniste in die noorde het die Viëtkong met wapens, leiding en versterkings gesteun.

FASE 1:

Stryd tussen die Suid-Viëtnamese weermag en die Viëtkong

Januarie 1957: Die USSR het voorgestel dat Viëtnam in twee verdeel word → die VSA het die plan verwerp

- Okt 1957: Die Viet Minh (kommuniste van die noorde) het 'n veldtog van verwoesting, bombardering en moord in die suide begin.
- Die Viëtkong, met die VSA se steun, was te magtig en Ho Chi Minh het sy strategie na guerrilla-oorlogvoering verander.
- Die Ho Chi Minh-roete het die hoofvoorraadroete na die suide geword en guerrillas het soms die grens na Laos en Kambodja oorgesteek.
- Korruptsie, outokrasie en lae moreel het tot toenemende steun vir die Viëtkong in die suide gelei.
- Intellektuele, Boeddhiste, kleinboere en studente het hulle toenemend teen Diem se regime verset.
- Ná twee onsuksesvolle pogings om 'n staatsgreep uit te voer, het Kennedy die aantal Amerikaanse troepe in die suide vermeerder om Diem se regime staande te hou. Teen 1962 was daar meer as 11 000 troepe in Viëtnam.
- Intussen het die USSR begin om voorrade met lugvervoer na die Viet Minh in die noorde te neem.



1963: Krisisjaar

Hoekom?

- Diem se onderdrukking van die Boeddhistiese gemeenskap, wie se godsdiensvryheid aan bande gelê is.
- Boeddhistiese marsjeerders is geteiken en 'n Boeddhistiese monnik het homself in protes aan die brand gestee.
- Die Amerikaanse regering het probeer ingryp om die regte van die Boeddhiste te herstel, maar regeringstrope het godsdiensterreine geplunder.



Sommige van Diem se generaals het 'n staatsgreep op Diem se regime uitgevoer en Diem en sy broer is in hegtenis geneem. Hulle is in November 1963 vermoor.



'n Paar van Diem se generaals het met die VSA se goedkeuring 'n staatsgreep beplan. Diem en sy broer is in November 1963 vermoor

Ná die sluipmoord op Kennedy in Dallas in Texas het Lyndon B. Johnson president van die VSA geword.

GOLF VAN TONKIN-RESOLUSIE

Noord-Viëtnam het in Augustus 1964 'n aanval op 'n Amerikaanse skip in die Golf van Tonkin geloods. Die VSA het Noord-Viëtnam uit weerwraak gebombardeer nadat die Amerikaanse Kongres die Tonkin-resolusie aanvaar het. Saam met die domino-teorie het die VSA ten volle by die oorlog betrokke geraak om die verspreiding van kommunisme te keer.

FASE 2:

Die stryd tussen Noord-Viëtnam en die VSA

Talle partye het Diem se regering opgevolg. Thieu het uiteindelik in 1965 president geword.

- China en die USSR het Noord-Viëtnam van wapens en ondersteuning voorsien.
- In Maart 1965 het 3 500 Amerikaanse vlootsoldate in Suid-Viëtnam aangekom.
- Die VSA het nie genoeg vrywillige soldate gehad nie en het diensplig ingestel.
- Ná nog 'n aanval op Amerikaanse basisse in die suide in 1965, het Johnson Operasie "Rolling Thunder" van stapel gestuur om die kommuniste met bombardering tot oorgawe te dwing.
- Hierdie operasie het drie jaar geduur en die VSA het bomme van 'n miljoen ton op Viëtnam, Laos en Kambodja afgevuur.
- Hoewel groot militêre teikens verwoes is, wou die Noord-Viëtnamese nie oorgee nie.
 - 1967 = nuwe grondwet in die suide bekendgestel = burgerlike regering onder Thieu
- Die VSA het hulle tot chemiese oorlogvoering gewend om die oerwoude te ontblaar en die Ho Chi Minh-roete bloot te stel.

Wat was Agent Oranje en Agent Blou?

- Agent Oranje was 'n chemiese middel wat ontblaring veroorsaak het, asook beskadiging van menslike chromosome.
- Agent Blou was 'n chemiese middel wat gebruik is om oeste te vernietig sodat die VBF nie kos gehad het nie.

Klimaks van die oorlog: Tet-aanslag

- WAT WAS DIT?
 - 'n Aanslag deur die Noord-Viëtnamese en die VBF.
- WANNEER?
 - 1968
- WAAROM?
 - Om Saigon te bereik en die Suid-Viëtnamese regering te dwing om oor te gee en Amerikaanse onttrekking.
- WIE?
 - Noord-Viëtnamese en VBF teen Suid-Viëtnamese en Amerikaanse troepe.
- WAAR?
 - Het aanvalle regoor 17 grade noord in die suide tot so ver as Saigon geloods.
- WAT HET GEBEUR?
 - President Thieu het diensplig ingestel in 'n poging om die aanvalle af te weer.
 - Duisende nie-kommuniste is in die suide deur kommuniste van die noorde vermoor.
 - Amerikaanse troepe het verliese en trauma gely aangesien kommunistiese magte die suide geïnfiltreer het. Die kommuniste van die noorde het vreeslike verliese gely. Die
 - My Lai-slagting het die kranksinnigheid van oorlog geïllustreer toe Amerikaanse troepe onskuldige dorpenaars willens en wetens vermoor het.
- WAAROM het die VSA besluit om die oorlog te beëindig?
 - Die blootstelling van duisende mense aan die impak van dié oorlog het die burgerlike teenkanting laat toeneem. Studente-, teenoorlog- en ontwapeningsgroepe wou 'n einde aan die oorlog sien. Optogte en protesoptrede het toegeneem, met die oproep om 'n einde aan die oorlog te bring. Die koste aan lewens en geld het die oorlog onvolhoubaar gemaak.
 - Dit het tot polarisering in die Amerikaanse gemeenskap gelei en talle het geglo dat die oorlog nie regverdigbaar was nie. Vroue en studente het weerstandsbewegings gelei. Fotojoernaliste het foto's van moord en verwoesting gewys wat tot groter teenkanting gelei het, bv. die moord op 'n VBF-amptenaar deur genl. Ngoc Loan.
- HOE het dit geëindig?
 - Die vredesonderhandelinge het in Mei 1968 in Parys begin. Rusland het ingestem, maar China wou nie. President Johnson het opdrag gegee dat die bombardering gestop word.
 - President Nixon, Johnson se opvolger, het in 1969 die Nixon-leerstelling geformuleer om die oorlog in Viëtnam tot 'n einde te bring. Viëtnamisering is toegepas sodat opgeleide troepe en amptenare dié van die VSA kon vervang. Duisende oorlogsveterane het in 1971 na die Withuis gemarsjeer en hul medaljes en eretekens op die trappe gegooi in protes teen die oorlog.

Die amptelike beëindiging van die oorlog

Henry Kissinger het 'n reguit benadering gevolg in sy onderhandelinge met die Noord-Viëtnamese. 'n Ooreenkoms is teen 1972 tussen hom en Xuab Thuy en Le Duc Tho van Noord-Viëtnam bereik → MAAR: Thieu en ander leiers in die suide, asook die VBF, het die voorgestelde vredesooreenkoms verwerp

- Nixon het in Desember 1972 opdrag gegee vir verhoogde bombardering in die grootste stede van die noorde. Die VSA se aanvalle is wyd veroordeel.
 - Die VSA se aanvalle is wyd veroordeel.
- Die finale konsep-vredesooreenkoms is op 23 Januarie 1973 onderteken nadat die VSA belowe het om die suide te help.
 - Hoewel die vyandelikheid tussen die VSA en Noord-Viëtnam beëindig is, was die burgeroorlog nog aan die gang.
 - Die Viëtnamese Oorlog is op 30 April 1975 beëindig toe Noord-Viëtnamese troepe Saigon beset het en die presidensiële paleis oorgeneem het.

Waarom het die VSA nie die Viëtnamese Oorlog gewen nie?

Waarom het die VSA nie die Viëtnamese Oorlog gewen nie?

- Die Amerikaners het die oorlog verkeerd beoordeel en het die terrein waar hulle geveg het sleg geken.
- Die VSA het geglo hulle kan nie die oorlog verloor nie.
- Ho Chi Minh het guerrillataktieke gebruik.
- Kubaanse missielkrisis: Johnson het gedink die Noord-Viëtnamese sou terugval wanneer hulle bedreig word.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 1 is die fokus van jou geskiedenisondersoek die beantwoording van die volgende kernvraag:

Kernvraag: Hoe het die Koue Oorlog internasionale verhoudinge ná die Tweede Wêreldoorlog help vorm?

Om hierdie vraag te kan beantwoord, het jy die konsepte hier onder bestudeer.

Eenheid 1 Wat was die oorsprong van die Koue Oorlog?

Die oorsprong van die Koue Oorlog strek terug tot by die Russiese Burgeroorlog, maar dit het ná die Tweede Wêreldoorlog 'n bedreiging vir wêreldvrede geword toe die Weste (hoofsaaklik die VSA en dié land se bondgenote) en die Oosblok (hoofsaaklik die USSR en bondgenote) teen mekaar te staan gekom het oor ideologiese verskille tussen kapitalisme en kommunisme. Hoewel hierdie botsing nooit uitgeloop het op direkte konflik nie, het dit wel 'n aantal krisisse veroorsaak (bv. die Berlynse Blokkade, die Berlynse Krisis en die Kubaanse Missielkrisis) wat kon opbou tot 'n kernoorlog. Dit het ook daartoe gelei dat elke supermoondheid belangesfere geskep het – óf om hul eie ideologie te help versprei óf om die verspreiding van hul teenstander se ideologie te keer. Oorloë by volmag het dikwels in hierdie belangesfere uitgebreek. Die Koue Oorlog, wat in 1947 begin het met die Truman-leerstelling, het geëindig vandat die Berlynse Muur afgebreek is (1989) totdat die USSR verbrokkel het (1991).

Gevallestudie 1 China

Die Chinese Ryk het ingestort toe die Britte die Chinese weermag in die Eerste Opiumoorlog (1839–1842) verslaan het. Teen 1900 het 'n nuwe geslag Westers opgevoede Chinese die regering begin lei en 'n voorlopige regering, gelei deur die gerespekteerde nasionalistiese leier Sun Yat-sen, is in 1912 in Nanking op die been gebring. Daar was egter baie konflik tussen die nasionaliste en die kommuniste wat met mekaar meegeding het om mag. Mao Zedong het eindelik, ná die Lang Opmars (1936) en die nederlaag van die nasionaliste, die Volksrepubliek China (VRC) in Oktober 1949 tot stand gebring. Mao het kommunisme in die land ingestel en deur die Groot Sprong Voorwaarts en die Groot Proletariese Kultuurrevolusie probeer om die klassestelsel in China te vernietig en die land te moderniseer. Mao het ook probeer om kommunisme na buurlande uit te brei en was betrokke by oorloë met Tibet, Indië, Viëtnam en Thailand. Hoewel Mao se beleid gelei het tot ongekeende lyding en die dood van miljoene mense, het dit wel gehelp om China 'n sterk land te maak. China het ná Mao se dood (1976) vriendeliker teenoor die Weste geraak omdat die nuwe leiers besef het die land kan nie op ekonomiese gebied floreer as die land afgesonderd bly in 'n globaliserende wêreld ekonomie nie.

Opsomming en vrae

Gevallestudie 2 Viëtnam

Viëtnam was, soos China, 'n land met 'n antieke kultuur wat ingestort het weens buitelandse (Franse) besetting in die 1800's. Viëtnam het egter weerstand gebied teen koloniale oorheersing en Ho Chi Minh het ná die Tweede Wêreldoorlog 'n kommunistiese staat in Noord-Viëtnam tot stand gebring, al was Viëtnam toe steeds 'n Franse kolonie. Sy bedoeling was om die hele Viëtnam te verenig deur 'n guerrilla-oorlog teen die Franse te voer. Hy was suksesvol en Noord-Viëtnam is amptelik erken in die Genève-vredesverdrag. Suid-Viëtnam was die deel van die land suid van die 17de breedtegraad. Hierdie verdeling tussen die noorde en die suide van die land was 'n weerspieëling van die spanning van die Koue Oorlog, met die USSR wat die noorde gesteun het en die VSA die suide. Omdat die regering in die suide onder Ngo Dinh Diem korrup was, en omdat die noorde en baie mense in Viëtnam 'n verenigde Viëtnam wou hê, het oorlog tussen die suide en die Viëtkong uitgebreek. Die VSA, wat bang was dat die suide onder kommunistiese beheer sou kom en dat dit tot 'n domino-uitwerking in die streek sou lei, het duisende soldate en wapens na Suid-Viëtnam gestuur om hulle te help. Die Viëtkong het egter guerrilla-oorlogvoering gebruik en die VSA kon nie behoorlik daarop reageer nie omdat hulle 'n konvensionele gevegsmag was. Ná duisende sterftes en toenemende druk in die VSA en wêreldwyd is die VSA gedwing om uit Viëtnam te onttrek ná die Paryse Vredesverdrag in 1973. Noord-Viëtnam het Suid-Viëtnam in 1975 binnegeval en die land is weer eens verenig as een Viëtnam.

Opsomming en vrae

Vrae

1 Kernvraag: Wat was die hoofverwikkeling in die Koue Oorlog van 1948 tot 1961?

- 1.1 Waarom het die Londense Konferensie van 1948 spanning in Duitsland veroorsaak?
- 1.2 Watter gebeurtenis het Stalin daartoe gedryf om die Berlynse Blokkade op te lê?
- 1.3 Hoe lank het die Berlynse Blokkade geduur?
- 1.4 Noem die twee resultate van die Berlynse Blokkade.
- 1.5 Waarvoor staan die letters in NAVO?
- 1.6 Waarop het Chroesjtsjov by die 1961-spitsberaad aangedring?
- 1.7 As die Berlynse Muur 'n simbool geword het van alles wat sleg en onderdrukkend was van Sowjetbeheer, waarvan was Wes-Berlyn volgens Kennedy 'n simbool?
- 1.8 Wie was die Amerikaanse-gesteunde diktator van Kuba voor Castro se suksesvolle revolusie in 1959?
- 1.9 Watter Amerikaanse organisasie het die inval van Kuba in April 1961 befonds, opgelei, bewapen en vervoer?
- 1.10 Wat was Castro se reaksie op die Varkebaai-inval van April 1961?

2 Kernvraag: Hoe het Mao Zedong aan die bewind gekom?

- 2.1 Watter faktore het Marxisme die beste in die Volksrepubliek van China weerspieël?
- 2.2 Wat was die hoofdoel van die Groot Sprong Vorentoe in China?
- 2.3 Waarom het die kommunistiese regering in China georganiseerde godsdiens ontmoedig?
- 2.4 Noem die hoofdoel van die kulturele revolusie in China tydens die 1960's.
- 2.5 Identifiseer die hoofrede waarom die Chinese kommuniste in 1949 beheer oor die vasteland van China gekry het.

Opsomming en vrae

3 Kernvraag: Hoe het die VSA in Viëtnam betrokke geraak?

- 3.1 Wat was die verdrag van 1954 wat Viëtnam by die 17de breedte lyn verdeel het?
- 3.2 Wie was die kommuniste se leier?
- 3.3 Hoe het Diem in 1963 sy mag verloor?
- 3.4 Wat was die kongres se ooreenkoms in die Golf van Tonkin-resolusie?
- 3.5 Watter gebeurtenis het die VSA in Februarie 1965 finaal tot oorlog laat oorgaan?

4 Kernvraag: Wat was die aard van die oorlog in Viëtnam?


- 4.1 Wat was Operasie “Rolling Thunder”?
- 4.2 Watter soort oorlog het die kommuniste gevoer?
- 4.3 Waar het ’n Amerikaanse “soek-en-verwoes-patrollie” in 1968 ’n gruweldaad gepleeg?
- 4.4 Wat was die naam van die direkte aanval wat die NVA in Januarie 1968 geloods het?
- 4.5 Beskryf die hoofresultate van die NVA-aanval van Januarie 1968.

Onafhanklike Afrika

Oorsig

Hersien die volgende met hierdie onderwerp:

- die denkrigtings wat onafhanklike lande in Afrika beïnvloed het
- die suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika –
 - polities en ekonomies
 - maatskaplik en kultureel
- die uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika in hierdie tyd
- Afrika in die Koue Oorlog.



Denkkrigtings wat pas onafhanklike Afrika-lande beïnvloed het

Kernvraag: Wat was die denkkrigtings wat pas onafhanklike Afrika-lande beïnvloed het?

Definisie van die begrip ONAFHANKLIKHEID

Die begrip ONAFHANKLIKHEID kan met idees soos emansipasie, dekolonisering en outonomie geassosieer word. Dit behels verandering wat politieke stelsels, die gemeenskap, kultuur, ekonomie en filosofie beïnvloed, om maar 'n paar te noem. Om die graad van verandering en die nalatenskap daarvan te verstaan, moet jy die politiese, ekonomiese en maatskaplike stelsels in Afrika voor en tydens koloniale beheer oorweeg en dit dan vergelyk met die tydperk wat op dekolonisering ná die Tweede Wêreldoorlog gevolg het.

Regeringsvorms

Kolonialisme het tot sekere regeringsvorms gelei en 'n verhouding is tussen die koloniale magte en die koloniale inwoners gesmee. Met dekolonisering ná die Tweede Wêreldoorlog het talle van die voormalige kolonies die ideologie en regeringstelsel van die koloniale tydperk aangeneem of probeer aanneem, of gekies om met die ideologie van die mag wat hulle tydens die onafhanklikheidsstryd gehelp het te vereenselwig. Die vakuum wat die koloniale magte gelaat het, het veroorsaak dat nuut gevormde Afrika-lande nuwe regeringsvorms moes “skep” om na onafhanklikheid oor te skakel. Dit het dikwels tot onderdanigheid of die konsolidering van nuwe alliansies gelei.

Regeringsvorm/ ideologie	Eienskappe	Voorbeelde waar dit geïmplementeer is
Afrika-sosialisme	- Geskoei op Europese sosialisme, maar bemark as 'n unieke soort sosialisme wat op die ware gees van Afrika-oortuigings gegrond is. - As uniek aan Afrika in 'n gelokaliseerde sin beskou. - Sosialisme beskou as die tussenfase van ekonomiese ontwikkeling tussen kapitalisme en Marxisme. - Geen privaat eienaarskap, maar gemeenskaplike eienaarskap. - Die fokus was meer op die gemeenskap as op 'n “diktatorskap van die proletariaat” soos die bedoeling met Marxisme was. - Kollektiewe eienaarskap het staatseienaarskap beteken. - Daar sou geen sosiale klasse in die samelewing wees nie en ook nie diktatuur deur een klas oor 'n ander nie. - Die staat sou eerder deur 'n koalisie van al die stamme se verteenwoordigers bestuur word.	- Tanzanië – Julius Nyerere - Senegal – Léopold Senghor - Ghana – Kwame Nkrumah - Guinee – SékouTouré

Kapitalisme	• 'n Ekonomiese stelsel geskoei op die investering van kapitaal en die gebruik van arbeid en hulpbronne om wins te maak. • Dit is as 'n teenvoeter vir feodalisme ingespan. • Dit bevorder private eienaarskap, ondernemings en die groei van individuele rykdom. • Dit laat private beleggings en aansporing toe, met heelwat vryheid van keuse.	• Dit was die ideologie van Westerse demokrasieë en die koloniale magte. • Koloniale magte het die arbeid en natuurlike hulpbronne in die kolonies gebruik om skatte te versamel, met min voordeel vir die Afrika-lande. • Dit het veroorsaak dat talle nuut onafhanklike lande alternatiewe ideologieë aangeneem het om kapitalisme te ontwyk.
Demokrasie	• Burgers deel die mag deur middel van verkose verteenwoordigers. • Gereelde verkiesings en vry en regverdige veldtogte laat openbare deelname aan die stemproses toe. • Dit is op 'n veelpartystelsel gegrond. • Dit bevorder menseregte en beskerm individuele en burgerlike vryhede. • Meerderheidsbeheer word erken, maar met die beskerming van minderheidsregte. • Geen sosiale klas word as meerderwaardig beskou nie; gelykheid word gerespekteer.	• Talle Afrika-lande het demokrasie gekies, maar nie kapitalisme nie. • Desondanks het min Afrika-leiers demokratiese beginsels gerespekteer en nie getrou aan die regsorde gebly nie. • Sodoende het talle Afrika-lande eenpartystelsels of diktature geword.
Eenpartystaat	• Slegs een party word toegelaat. • Die stelsel word deur 'n diktator afgedwing. • Geen opposisie word toegelaat nie. • Wetgewing word dikwels gebruik om diktatoriale beheer af te dwing. • Verkiesings word gehou, maar die kandidate verteenwoordig dieselfde party. • Die weermag word gewoonlik gebruik om die diktator staande te hou.	• Ná dekolonisering het die meeste Afrika-lande diktature geword. • Twee voorbeelde: Zaïre en Tanzanië.

Die Kongo en Tanzanië: 'n Vergelykende gevallestudie

Kernvraag: Wat was die politiese, ekonomiese, maatskaplike en kulturele uitdagings en suksesse wat die Kongo en Tanzanië tussen 1960 en 1980 beleef het?

Die Kongo en Tanzanië as pas onafhanklike Afrika-lande

Hersien die suksesse en uitdagings wat onafhanklike Afrika beleef het:

- die soorte lande wat na vore gekom het: oogmerke en visie
- politieke suksesse en uitdagings
- ekonomiese suksesse en uitdagings
- maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings.

Hoe het die Kongo 'n instrument van die Koue Oorlog geword?

- 
- Belgiese Kongo het in 1960 onafhanklikheid verkry
 - 'n Krisis het kort daarna ontstaan toe die streekpremier Moïse Tshombe die Katanga-provinsie onafhanklik verklaar het.
 - Tshombe is deur die Belgiese regering en mynmaatskappye soos Union Minière gesteun.
 - Die VN het geweier om die rebelle in Katanga te onderdruk.
 - Patrice Lumumba, die eerste premier van die Kongo, het hom daarom tot die USSR gewend om die rebellie te onderdruk. Hulle het ingestem.
 - Dit het die VSA verontrus en hulle het druk op die hoof van die Kongo se weermag, Mobutu Sese Seko, geplaas om teen Lumumba op te tree.
 - Die CIA het 'n staatsgreep teen Lumumba se regering geborg en dit is deur Mobutu geïnisieer.
 - Lumumba is gevange geneem en op 17 Januarie 1961 deur 'n vuurpeloton tereggestel.
 - Hierdie gebeurtenis het plaasgevind met die hulp van die Belgiese regering en die CIA.

Die Kongo het 'n instrument van die Weste in die Koue Oorlog geword.

Die Kongo was 'n waardevolle bron van minerale, veral kobalt vir Westerse tegnologie en nywerheid.

Mobutu het die Kongo se naam in 1971 na Zaïre verander. Toe Katangiese rebelle wat in Angola gestasioneer was Zaïre in 1977 aangeval het, het België, Frankryk en die VSA Mobutu gesteun.

Belangrikheid van hierdie gebeure

Zaire het nog 'n voorbeeld van Koue Oorlog-politiek geword omdat die VSA en die USSR die konflik gebruik het om hul eie invloedsfere en ideologieë te beskerm. Dit wys ook hoe die Kongo (Zaire) nie volle outonomie kon volhou nie, aangesien dit deur 'n supermoondheid en Westerse magte gerugsteun is en 'n politieke pion van die Weste geword het.

Hoe het Tanzanië Afrika-sosialisme toegepas?



- 1 Tanganjika het in 1961 onafhanklik geword en die naam is na Tanzanië verander. Julius Nyerere het eerste minister geword en sy party, Tanu, het 'n regering gevorm.
- 2 Nyerere het in 1962 president geword, nadat die grondwet aangepas is.
- 3 Die Arusha-verklaring, wat sosialisme gesteun het, is in 1967 aanvaar.
- 4 Die Arusha-verklaring het sosialisme wat in unieke Afrika-waardes en potensiaal geanker was, bevorder.
- 5 Sosialisme is as 'n Afrika-tradisie van kleinboerdery, saamwoning en mededeling beskou.
- 6 Nyerere het gesê dat Afrika-sosialisme nie van Europese sosialisme en Marxisme afkomstig is nie, maar dat dit Europese sosialiste eerder iets oor die ware aard van sosialisme kon leer.
- 7 Met ujamaa sorg alle mense teoreties vir mekaar en is hulle aan mekaar verbind deur toegeneentheid en solidariteit.
- 8 Klem is op onderrig gelê. Elitisme is beëindig deur universele onderrig, gegrond op tradisionele en westerse modelle, toe te pas.
- 9 Die belangrikheid van tradisionele waardes, inheemse kennis en wysheid is erken.
- 10 Kort nadat die Arusha-verklaring afgelê is, is banke en talle groot ondernemings in Tanzanië genasionaliseer.

Suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika

Die soort lande wat na vore gekom het, die leierskapstrategieë en die ideologieë en beleide wat verskeie Afrika-leiers aangeneem het, is deur die volgende beïnvloed:

- kolonialisme → het 'n gemengde nalatenskap in Afrika gelaat = positiewe en negatiewe gevolge
- die internasionale konteks van Koue Oorlog-politiek.

Watter soort state is in die Kongo en Tanzanië gevorm

Staat	Leier	Soort staat
Die Kongo	Mobutu Sese Seko	• Gesentraliseer. • Eenheidstaat. • Militêre regime/diktatuur. • Eenpartystaat. • Die staat het die rol van 'n voog aangeneem en die onderhouding van wet en orde met geweld afgedwing. • “Mobutuïsme” het na vore getree: kultusfiguur wat staatsmag gebruik het om sy eie mag te bevorder. • Hy was meer geïnteresseerd daarin om 'n outoritêre staat as 'n verenigde nasie te bou. • 'n Gekonsolideerde, nasionale identiteit is nie behaal nie.
Tanzanië	Julius Nyerere	• Enkelpartystaat. • Sosialistiese ideologie. • Doel om alle Tanzaniërs te mobiliseer om die nasie te bou. • Hy het daarin geslaag om etniese verskille te oorkom en om 'n verenigde Tanzanië te skep. • Tanzanië het 'n nasionale identiteit gekry. • Verkiesings is gehou om die “beste” individu te kies, maar slegs een party, Tanu, het bestaan. • Nyerere was lewenslank president.

Politieke suksesse en uitdagings in onafhanklike Afrika

Afrika-leiers het in die laat 1950's hul eie ideologieë en beleide by die proses van dekolonisering gevoeg:

- groot impak op die fondament wat met en ná onafhanklikwording vir lande gelê is.

Watter soort politieke leiers het die Kongo en Tanzanië opgelewer?

Patrice Lumumba: Pan-Afrikanis en nasionalis in die Kongo

- As leier uitgedaag deur Moïse Tshombe en Joseph Kasavubu:
 - albei van groter etniese groepe en sterker streeksmagbasisse afkomstig was.
- Lumumba het MNC in 1958 gestig:
 - wou 'n nasionale Kongolese identiteit skep.
- 30 Junie 1960 = Die Kongo verkry onafhanklikheid: Kasavubu word president en Lumumba eerste minister.
- Hy moes die nuwe regering vorm. Hy wou:
 - 'n eenheidstaat in die Kongo vestig.
 - Het in “positiewe neutraliteit” of 'n terugkeer na tradisionele Afrika-waardes geglo, eerder as die aanneem van eksterne ideologieë.
 - Hy is deur Katanga se afgestigte regime vermoor.

Mobutu Sese Seko: kapitalis, diktator

- Aanvanklik ten gunste van Lumumba se gesentraliseerde staat.
 - MAAR, toe Katanga met 'n afstigtingstryd begin het, het hy Kasavubu se kant gekies en hom in die geheim teen Lumumba gesteun.
 - Sy troepe het Lumumba gevang en vir teregstelling aan Katangiese rebelle oorhandig.
- Het 'n staatsgreep in 1965 gelei, Kasavubu uit die kussings gelig en president van die Kongo geword:
 - Slegs een party, MPR, toegelaat
 - Het 'n korrupte regime in die Kongo (in 1971 hernoem tot Zaïre) gelei, wat op selfverryking gefokus het.
 - Wou as 'n nasionalistiese held beskou word → het 'n kultus rondom sy persoonlikheid opgebou:
 - → het Mobutuïsme ontwikkel: eenpartystaat, diktatuur.

Julius Nyerere: Afrika-sosialisme, sosiale gelykheid en vrede

- Mwalimu = onderwyser:
 - vreedsame verandering
 - rasse-harmonie
 - verwerping van stamorganisasie, etniese en rassediskriminasie.
- 1962: Het die grondwet aangepas
 - die uitvoerende president van Tanzanië geword.
- 1963: Tanu die enigste politieke party
 - → Tanzanië = eenpartystaat:
 - Verkiesings: alle kandidate van dieselfde party.
- Het aan Afrika-sosialisme geglo:
 - gemeenskaplike behoeftes bo individuele behoeftes.
- Toegewyd aan gelykheid en waardigheid:
 - 1967: Arusha-verklaring = sosialistiese kaart vir Tanzanië
 - Wou die inkomstegaping in die gemeenskap verklein.
 - Het vir demokrasie gestaan, maar Tanzanië het gou 'n diktatuur geword.
 - → Hy het nie opposisie geduld nie.
 - Nasionalisering van hulpbronne, maar nie toeganklik vir die mense van Tanzanië nie.
 - Het aan onverbondenheid geglo, maar het na die Oosblok geneig as gevolg van die betrokkenheid by Zanzibar.

Watter koloniale nalatenskap het die Kongo en Tanzanië met onafhanklikheid geërf?

DIE KONGO	BESONDERHEDE
Etniese verdeling en stamorganisasie	- Kolonisering het mense volgens etniese en stamverband verdeel. - Verskillende etniese groepe is dikwels oor meer as een land versprei, bv. die Kongo, Rwanda en Burundi. Afrika se kaart is herteken. - Hierdie verdelings is tydens die Koue Oorlog volgehou, toe verskillende groepe hulle by opponerende politieke blokke geskaar het. - Sommige Afrika-leiers, bv. Lumumba, wou 'n nuwe nasionale identiteit smee en etniese verdeling uitroei. - Mobutu Sese Seko het nasionale eenheid deur middel van sy despotiese regering gesmee nadat Lumumba vermoor is.
Redelik gesofistikeerde staatsdiens en infrastruktuur	- Dit het ná onafhanklikheidswording ineengestort. - WAAROM? Die plaaslike Afrika-bevolking is nie opgelei om die administratiewe en tegniese funksies te bestuur nie. Koloniale onttrekking het 'n tegniese vakuum gelaat. - Die strategie om kleinboerdery te ontwikkel en groter staatsingryping in nywerheidsontwikkeling toe te pas om sodoende werkgeleenthede te skep, is in die wiele gery deur 'n tekort aan ondernemingsgees. - Finansiële toelaes is verkwis weens swak en onvoldoende beheer..
Die aard van koloniale nywerhede	- Dit was hoofsaaklik van mynbou in sekere gebiede afhanklik en het talle streke onderontwikkel en armoedig gelaat. - Die Kongo se ekonomie het op die uitvoer van goedkoper natuurlike hulpbronne staatgemaak en het duurder vervaardigde goedere ingevoer. - Die Kongo was vasgekeer en leiers het nie ná onafhanklikheid effektief geregeer nie.
DAAROM: - Dit was moeilik vir die onafhanklike lande om ekonomies te floreer of om polities stabiel te bly. - Leiers het nie altyd die beste praktyk of beleid toegepas nie. - Lande het dikwels tydens die Koue Oorlog die terrein van gevolmagtigde oorloë geword omdat onafhanklike lande dit bykans onmoontlik gevind het om onverbonde te bly.	

TANZANIË	BESONDERHEDE
Tekort aan tegniese en administratiewe vermoë	- Koloniale amptenare het vinnig onttrek en 'n vakuum gelaat. - Min opleiding is gedoen om Afrikane gereed te maak vir hul nuwe regeringsrolle.
Ongelyke ontwikkeling: landelike en stedelike gebiede	- Nyerere het probeer om die bevolking terug na die landelike gebiede te dwing en om dorpieë daar te vorm om armoede hok te slaan. - Sy beleid om die mense in nuwe dorpe te hervestig en die grond aan gemeenskapsrade oor te dra is verwerp en het tot groter armoede gelei.
Buitelandse beleid van onverbondenheid aangeneem	- Land was steeds afhanklik van buitelandse kapitaal vir ontwikkeling. - Skuld het ontwikkeling verhinder. - Dit het skakeling met die Oosblok begin, bv. China het gehelp met die konstruksie van die Tanzam-spoorweg.
- MAAR Nyerere het daarin geslaag om 'n volkstaat in Tanzanië te bou. - Hy het etniese en stamverskille oorkom.	

Watter soort regering het in die Kongo en Tanzanië na vore gekom?

DIE KONGO	TANZANIË
● Kasavubu wou 'n federale staat hê. ● Lumumba wou 'n gesentraliseerde eenheidstaat hê. ● Kasavubu en Lumumba is vinnig uit hul amp ontslaan en het dit aan Mobutu Sese Seko oorgelaat om 'n regeringsvorm te vestig. ● Mobutu was 'n voorstander van sentralisering, die gesagstaat en militêre beheer. ● Hy het in 1967 party en staat saamgesmelt en alle burgers van Zaïre is as partylede gebore. ● Mobutuïsme het die staatsideologie geword: hy is as 'n goddelike redder beskou.	● Tanu en later CCM het op post-koloniale strukturele hergroepering in Tanzanië gefokus. ● Die Arusha-verklaring het planne vir UJAMAA VIJIJINI (ujamaa-dorpe) uiteengesit. ● Sosiale, ekonomiese en politiese gelykheid sou deur demokratisering behaal word. ● Geen diskriminasie gegrond op sosiale status. ● Alle plaaslike produktiewe kapasiteit moes gekollektiviseer en genasionaliseer word, geskoei op sosialisme. ● Omskep Tanzanië om selfstandig te wees. ● Het 'n eenpartystaat geword (geen opposisie). ● 'n Kort tydperk van selfregering voor onafhanklikheid het Tanzanië beter op die oorskakeling voorberei. ● Maar dit het ook 'n diktatuur geword en politieke onstabiliteit ervaar.

Watter soort politieke onstabiliteit en stabiliteit het die Kongo en Tanzanië ervaar?

DIE KONGO	
WAT? • Etniese mededinging, spanning en onsekerheid	WAAROM? • Ideologiese verskille tussen leiers, bv. Kasavubu en Lumumba. • Kongolese hoëlui het verskillende ambisies gehad, bv. federaliste teenoor Unitariërs, regionaliste en nasionaliste. • Afstigters het die steun van Belgiese ondernemings gekry om weg te breek. Dit het tot onstabiliteit en burgeroorlog gelei. • Daar was talle sterftes en anargie het wyd voorgekom. • Sowjetmagte, die CIA, 'n VN-mag, huursoldate en Belgiese en Franse soldate het die situasie nog meer ingewikkeld gemaak om op te los. • Die moord op Lumumba en die dood van Dag Hammarskjöld (destyds die VN se sekretaris-generaal) het die situasie vererger. • Die skyn van stabiliteit het in 1965 teruggekeer toe Mobutu Sese Seko die mag oorgeneem het. Hy het die steun van sommige Westerse nasies gekry as bondgenoot teen die Oosblok en daarin geslaag om 'n eenpartydiktatuur te vestig wat meer as 30 jaar gehou het. • Die Weste het Mobutu verduur ondanks sy diktatoriale regime en grootskaalse korrupsie. • Nie werklik stabiel nie, maar eerder diktatoriale onderdrukking van alle opposisie.

TANZANIË	
WAT? Gladde oorskakeling na onafhanklikheid	WAAROM? - Tydperk van selfregering het skynbaar aanvanklike probleme in 'n mate uitgestryk. - Ujamaa het meer gepas vir Tanzaniërs se lewenswyse voorgekom. - Tanzanië se gesentraliseerde regering het aanvanklik stabiliteit gebring. - Geen burgeroorlog nie. 1964: Tanzanië en Zanzibar het verenig as 'n republiek, met Nyerere as president en Karume as adjunkpresident. - Die twee lande het eers werklik in 1985 onder Nwinyi verenig.

Ekonomiese uitdagings en suksesse in onafhanklike Afrika

LET WEL: Die oorvleueling van politiese en ekonomiese aspekte → onmoontlik om daartussen te onderskei wanneer ekonomiese uitdagings en suksesse in onafhanklike Afrika oordink word.

ZAÏRE	Watter soort ekonomie is aangeneem? - Die nuwe regering het 'n ekonomiese en sosiale groeiplan opgestel wat klem op kleinboerdery en groter staatsingryping in nywerhede gelê het. - Ten doel gehad om onverwerkte materiaal plaaslik te verwerk, invoer te vermy en werkgeleenthede te skep. - Kapitalistiese model aangeneem. - Produksie van hoofsaaklik kobalt en koper. - Mono-kulturalisme (eenproduk-ekonomie).
Uitdagings	- Zaïrisering en “radikalisering van die revolusie” het tot probleme gelei. - Die nasionalisering van handel het tot chaos gelei. - Korrupsie het die ekonomie geruk. - Wanbestuur; infrastruktuur afgeskeep. - Afhanklik van grootskaalse finansiële hulp. - Verkoop onverwerkte materiaal en minerale tot voordeel van die Weste en vinnige kontantopbrengs; min ontwikkeling van Zaïre. 'n Nuwe hoëlui het ontwikkel en tot klasse-onderskeid gelei. - Moes op buitelandse hulp staatmaak om bankrotskap af te weer. - Mobutu Sese Seko het weelderig gelewe en 'n korrupte regime gelei.
Suksesse	- Omtrent geen, maar onder die weerstandbeleid van Mobutu Sese Seko is groot dele van nywerhede aan hul oorspronklike eienaars terugbesorg. - Hy het daarin geslaag om die ekonomie aan die gang te hou deur hulp te kry (dis 'n betwisbare “sukses” – wees gereed om 'n punt hier te verdedig).
TANZANIË	Watter soort ekonomie is aangeneem? - Afrika-sosialistiese model is aangeneem. - Proses van hervestiging in nuwe dorpe van stapel gestuur om selfstandige voedselproduksie en landelike ontwikkeling te bevorder. - Hoofuitvoergewas was koffie. - Mono-kulturalisme (een produk)
Uitdagings	- Selfonderhoud het tot verdere skuld gelei - Ujamaa was onproduktief omdat ekonomiese groei afgeneem het. - Tanzanië het ekonomies onderontwikkeld gebly. - Boere het die hervestiging in nuwe dorpe teengestaan. - Moes op buitelandse hulp staatmaak om instorting te voorkom.
Suksesse	- Hervestiging na nuwe dorpe het diensverskaffing soos mediese sorg en onderrig maklik toeganklik gemaak. - Nyerere se onderrigfilosofie was uiters suksesvol. Een van die hoogste geletterdheidskoerse in Afrika is bereik. - Daar was stabiliteit in die gemeenskap en geen ekonomiese ongelykhede nie. - Ujamaa het tot 'n mate van landelike ontwikkeling gelei.

Sosiale, kulturele en onderrigpraktyke in die Kongo en Tanzanië

Klere	• Uitdrukking gegee aan nasionalisme deur kleredrag. • Beweging om meer unieke Afrika-klere te dra. • Kwame Nkrumah het die gees geskep en die pas vir verandering gestel en ander hoëlui het gevolg. • Dit het plaaslike tekstielvervaardiging, weefwerk, borduurwerk en kleurnywerhede gestimuleer. • Nuwe hoëlui het klere gekies wat hul status beklemtoon. • Nuwe haarstyle het Europese style vervang. • Die Kongo: Mobutu het die dra van pakke en dasse onwettig verklaar: die abacost is per verordening opgelê. • Dit is geïnspireer deur kleredrag van Mao Zedong van China..
Taal	• Onder koloniale beheer is Afrikatale gemarginaliseer. Dis as beperk in omvang beskou, beperk tot mondelinge tradisie, landelike gebiede en die taal van volwassenes. • Navorsingsentrums en departemente vir Afrikatale is tussen 1962 en 1964 by talle Afrika-universiteite geopen. • Talle nuwe universiteite is geopen en navorsing oor Afrika-tradisies en -tale is gedoen. • Nyerere het Shakespeare se Julius Caesar en The merchant of Venice na Kiswahili vertaal. Hy het die vertalings ook gebruik om sy mense oor uitbuiting en die stryd vir politiese en ekonomiese vryheid te leer.
Opvoedkundige voordele	• Talle van die stigterslede en leiers van die nuwe state het hul onderrig by sendingskole of Westerse kolleges ontvang. • Hulle was op die voorpunt van die stryd vir politiese onafhanklikheid en het die mag oorgeneem. • Talle leiers het gevoel dat die Westerse model van onderrig omskep moes word om verstandelike vryheid en dekoloniserings van die verstand te bewerkstellig. Afrika-denke moes op intellektuele vlak verander word. • Dit is op talle pan-Afrikanistiese kongresse gedebatteer. • Daar was 'n behoefte om Westerse intellektuele en onderrigprogramme met dié van Afrika te kombineer. • Onderrig moes gebruik word om eenheid, nasionale en kulturele identiteit, filosofie, sosiale geregtigheid, ideologie, wetenskap en tegnologie te bevorder, en om kennis en die ontwikkeling van vaardighede in Afrika-lande na te jaag. • Dit sou armoede en werkloosheid verminder. • Universiteite is op Westerse eweknieë geskoei, maar het Afrika-idees ontwikkel.
Afrikanisering	Mobutu Sese Seko het alle plase, nywerhede, kommersiële en mynboumaatskappye van buitelandse eienaars gekonfiskeer en dit onder Kongolese herverdeel. • Dit is Zairisering genoem: negatiewe tendens danksy 'n tekort aan ervaring. • Het tot wanbestuur, wanadministrasie en korrupsie gelei. • Het 'n beleid genaamd authenticité tussen 1970 en 1990 bekendgestel, om die spore van kolonialisme uit te wis en om 'n gesentraliseerde Kongolese identiteit te skep. • Koloniale name is met plaaslike name vervang, hy het Kersfees en dasse verban omdat dit as on-Afrikanisties beskou is. Nyerere het selfstandigheid in Tanzanië bevorder. • Dit was dikwels ten koste van kundigheid en ervaring. • Plaaslike mense is in diens geneem om die nuwe dorpe te bevorder en ontwikkel. • Hierdie mense was onervare en die dorpe is daarom wanbestuur. • Gedwonge verskuiwing na nuwe dorpe het tot weerstand en verwerping onder die plaaslike bevolking gelei.

Uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika

Kernvraag: Wat was die uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika tussen 1960 en 1980?

Interne faktore wat 'n uitwerking op Afrika gehad het

- Die erfenis van kolonialisme:
 - Afrika-lande was onderontwikkeld en Afrikane het 'n tekort aan onderrig en vaardighede gehad.
- Etniese diversiteit:
 - Afrika-leiers het etniese verskille dikwels uitgebuit, wat tot burgeroorlog en interne konflik gelei het.
- Mislukking van die staat:
 - Talle leiers het 'n gesentraliseerde ekonomiese model en 'n eenparty- politieke stelsel gekies om die staat te ontwikkel → dit het tot streng beheer, tirannie, korrupsie, armoede en onderontwikkeling gelei.
- Geografiese ligging:
 - Die grootste deel van Afrika is nie geskik vir grootskaalse landbou nie = geen voedselsekuriteit.
 - + talle lande → deur land ingesluit = verhinder ontwikkeling
 - + talle siektes teister mens en dier → bemoeilik ontwikkeling.

Eksterne faktore wat 'n uitwerking op Afrika gehad het

- Die Koue Oorlog:
 - Lande het hulle by een van die supermoondhede geskaar → bemoeilik ontwikkeling.
- Internasionale hulp:
 - Het tot toenemende afhanklikheid en onderontwikkeling gelei
- + het regimes dikwels gesteun.
- Uitvoer-invoer-siklus:
 - Afrika-lande het onverwerkte materiaal goedkoop uitgevoer en verwerkte goedere dan teen 'n hoë prys ingevoer → het tot onderontwikkeling en armoede bygedra.
- Die 1973-oliekrisis:
 - olieprys het gestyg → skenkerlande moes meer geld bestee aan die invoer van olie en kon nie bekostig om lenings en hulp aan Afrika te gee nie
 - + Afrika-lande moes baie hoë pryse betaal om olie in te voer
 - = onderontwikkeling, armoede en bankrotskap.
 - Bankrotskap het tot lenings gelei en skuld vermeerder. Leners het op besnoeiings en hoë opbrengs in ruil vir lenings aangedring.

Afrika in die Koue Oorlog

Kernvraag: Watter rol het die USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika gespeel om die Koue Oorlog ná 1960 na Afrika-lande te bring?

Afrika: 'n Slagveld vir die Koue Oorlog

USSR & VSA	CUBA
- Mededingende bevrydingsbewegings in Afrika-lande het teen mekaar in burgeroorloë geveg. - Die USSR het die meeste bevrydingsbewegings gesteun, bv. MPLA in Angola, Frelimo in Mosambiek, Zanu-PF in Zimbabwe, Swapo in SWA. - Die VSA het hul opponente in die bevrydingstryde gesteun, bv. Unita en FNLA in Angola en Renamo in Mosambiek.	- Castro wou die revolusie oorsee laat versprei om voormalige kolonies te bevry en om tegniese en finansiële steun aan Afrika-bevrydingsbewegings met 'n sosialistiese agenda te verleen. - Fase 1: 1959–1979 = losse kontak met linkse guerrilla-groepe. - Fase 2: 1975–1977 = stuur strydende troepe na Angola om MPLA te ondersteun. - Fase 3: 1977–1978 = stuur strydende troepe om Ethiopië teen 'n Somaliese militêre inval te ondersteun. - Fase 4: 1979 = verminder militêre rol in Afrika, maar vermeerder burgerlike en tegniese programme.
CHINA	
- China het wapens en militêre hulp aan Afrika-lande voorsien, maar het ook met ontwikkelingsprojekte gehelp: - Mao het 150 000 tegnisi gestuur om met landbou, tegnologie en infrastruktuur te help. - Het sosialisme en kommunisme in Afrika-lande bevorder. - Het probeer om Westerse hulp teen te werk deur beginsels daar te stel wat voordele tussen lener- en uitlener-lande vasstel. - Het in koste-effektiewe projekte geïnvesteer waar Chinese kundiges plaaslike mense opgelei het om kundiges te word. - Het militêre hulp aan bevrydingsbewegings verleen om Westerse, Amerikaans geleide imperialisme teen te werk, bv. die Kongo, Mosambiek, Kameroen, Niger, Rwanda, Biafra en Zimbabwe. - Tazara (Tanzam-spoorweg) het wapens aan die binneland voorsien, bv. ligte tot swaarder wapens, insluitend missiele en tenks.	

Suid-Afrika se posisie in Koue Oorlog-politiek in Afrika:

Suid-Afrika het militêre veldtogte in buurlande geregverdig as 'n strategie om die ANC en PAC se pogings om Suid-Afrika te destabiliseer en 'n kommunisties-geïnspireerde revolusie van stapel te stuur te stuit. Westerse regerings wat die strategiese seeroete rondom die punt van Afrika wou beskerm, het Suid-Afrika gesteun.

- Suid-Afrika het Renamo (Mosambiek) en Unita (Angola) teen Kuba en die USSR se gevolmagtigde magte gesteun.

Kuba, China en die USSR het linkse guerrilla-groepe deur middel van finansiële, tegniese en militêre hulp gesteun om teen Suid-Afrika se militêre magte te veg.

- Die VSA en Westerse regerings het Suid-Afrika teen Koue Oorlog-teenstanders gesteun.

GEVALLESTUDIE: Angola

Kernvraag: Hoe is onafhanklikheid en vrede in Angola bereik?

Angola se onafhanklikheidsoorlog (1961–1974) het as 'n opstand teen gedwonge katoenverbouing begin en tot 'n multi-faksiestryd om die beheer van Portugal se buitelandse provinsie Angola ontwikkel, hoofsaaklik onder drie nasionalistiese bewegings:

- Die Volksbeweging vir die Bevryding van Angola (MPLA), in 1956 gestig en deur Agostinho Neto gelei.
- Die Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA), in 1961 deur Holden Roberto gestig.
- Die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (Unita), in 1966 deur Jonas Savimbi gestig.

Die oorlog het geëindig toe 'n linksgesinde militêre staatsgreep in Lissabon in April 1974 Portugal se Estado Novo-regime omvergewerp het. Die nuwe regime het dadelik alle militêre aktiwiteite in die Afrika-kolonies gestop en verklaar dat hulle onmiddellik onafhanklikheid sou verkry.

Die oorlog in Angola het in Januarie 1975 formeel tot 'n einde gekom toe die Portugese regering, Unita, die MPLA en die FNLA die Alvor-verdrag onderteken het.

Angola se burgeroorlog was 'n grootskaalse burgerlike konflik in dié Afrikaland wat in 1975 begin en tot 2002 voortgeduur het, met kort intervalle tussenin. Die oorlog het begin net nadat Angola in November 1975 onafhanklikheid van Portugal gekry het. Die burgeroorlog was hoofsaaklik 'n magstryd tussen die twee voormalige bevrydingsbewegings MPLA en Unita. Dit het terselfdertyd as gevegsgebied vir die Koue Oorlog se oorlog by volmag gedien weens grootskaalse inmenging deur groot opponerende magte soos die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika.

Kolonialisme en onafhanklikheid in Angola

Kolonialisme in Angola

Portugese koloniale beheer is in die 16de eeu in Angola gevestig. Handelsposte is aan die kus opgerig.

- Koloniale grense is in 1885 op die Berlynse Konferensie vasgestel.
 - Portugal het in mynbou, landbou en infrastruktuurontwikkeling in Angola begin belê.
 - In 1951 Angola het 'n oorsese provinsie van Portugal geword.
 - Die Afrikane is assimilados genoem en hulle het die Portugese taal en kultuur aangeneem.

- 'n Hibriede gemeenskap het gevorm: mesticos in kUSDorpe, Kreoolse families, Portugeessprekende swart mense aan die kus en in die binneland en kleinboere wat inheemse tale gepraat het.
- → Hierdie verdeeldheid, asook stamorganisasie, het die latere vorming van partye beïnvloed..

Onafhanklikheid in Angola

Toe oproepe om onafhanklikheid in 1960 verwerp is, het 'n stryd teen Portugese koloniale besetting begin.

FASE 1:

Angolese kleinboere het in 1961 teen katoenbou gerebelleer en dit geboikot. Hulle het op beter werksomstandighede en hoër lone aangedring. Hulle het ook Portugese handelaars aangeval.

- Holden Roberto se Unie van die Mense van Angola (UPA) het 'n inval vanaf hul basis in die Kongo gedoen wat tot aanvalle op handelsentrums en regeringsinstellings gelei het, asook talle sterftes.
- Die Portugese weermag het weerwraak geneem, waarna die rebelle 'n guerrillamag gevorm en hul stryd met verskillende strategieë voortgesit het.

Hoe is Afrika by die Koue Oorlog betrek?

VSA was bang dat dekolonisering in Afrika:

- 'n Geleentheid skep vir die uitbreiding van kommunisme in Afrika
 - → bekommerd dat:
 - dit tot 'n verskuiwing van die wêreld se magsbalans kon lei
 - dit grondstowwe, minerale, handelsroetes en markte ontoeganklik kon maak.

→ VSA het hulppakkette, tegniese bystand en selfs militêre tussentrede gebruik om nuutgevormde state aan te moedig om kapitalisme en demokrasie in plaas van sosialisme of kommunisme aan te neem.

- USSR het soortgelyke taktiek gebruik om hierdie state aan te moedig om hulle by die Oosblok te skaar:
 - het kommunisme as 'n alternatief vir imperialistiese kapitalisme bevorder
 - het hulppakkette, tegniese bystand en militêre steun voorsien.

Supermoondhede het dus hul invloed in Afrika aangewend om hul invloedsfere te vestig en beskerm, soos wat hulle in ander wêrelddele ook gedoen het:

= het in oorloë by volmag (gewoonlik burgeroorloë) betrokke geraak en opponente gehelp om die oorhand te kry.

+ het hulp voorsien → het Afrikalande toenemend afhanklik gemaak.

FASE 2:

Die hoofpartye is by 'n bittere burgeroorlog betrek, wat grootliks op etniese lojaliteite en ideologiese verskille gegrond was.

- Die MFA-staatsgreep in Portugal en die daaropvolgende Carnation-revolusie van 25 April 1974 het die koloniale konflik beëindig en het aan Mosambiek en Angola onafhanklikheid gegee.

FASE 3:

Die nuwe Portugese linksgesinde regering het aangekondig dat dit van plan was om Angola (en ander lande) onafhanklikheid te gee.

- Onderhandelinge met die partye was kompleks weens etniese en ideologiese verskille.
- MAAR op 15 Januarie 1975 het leiers van die drie groot bevrydingsbewegings en die Portugese regering die Alvor-ooreenkoms onderteken.
 - Dit het 'n oorgangsregering, gelei deur die Portugese hoë kommissaris, en die integrasie van bevrydingsmagte voorgestel. Nasionale verkiesings sou gehou word en die datum vir onafhanklikheid was vir 11 November 1975 bepaal.
- Die koalisieregering het ineengestort en gevegte tussen die MPLA en FNLA om die beheer van Luanda is voortgesit.
 - Die MPLA, met steun van die USSR, het die FNLA en Unita uit Luanda verdryf.
 - SA het 'n inval in suidelike Angola gedoen, die grootste deel van die gebied verower en dit aan Unita terugbesorg.
 - Die FNLA, met die steun van soldate van Suid-Afrika en Zaïre, het 'n aanval op Luanda van stapel gestuur om dit van die MPLA te herower en laasgenoemde te keer om 'n regering daar te vestig.
 - Die MPLA, met steun van Kuba, het die FNLA teruggedryf en 'n groot slag toegedien.

Mededingende invloedssfeer in Angola: handel, konflik en hulp

Angola het 'n ideologiese gevegsgebied in Koue Oorlog-politiek geword:

- Albei supermoondhede het probeer om die oorhand te kry om sodoende handelsbeheer te verseker en om invloedssfeer te vestig. Dit was as gevolg van Angola se:
 - strategiese plasing aan die weskus van Afrika
 - goed gevestigde infrastruktuur en landbousektor (timmerhout, ivoor, katoen, koffie en kakao)
 - minerale (yster, diamante) en olie.
- Het tot konflik met betrekking tot ideologiese verskille gelei omdat die hoof politieke groeperings in Angola hulle by die USSR en die VSA onderskeidelik geskaar het.

FASE 4:

Admiraal Cardoso, die laaste hoë kommissaris van Angola, het die land verlaat sonder om die beheer amptelik aan enige partyleier oor te geer.

- Agostinho Neto, leier van die MPLA, het op 11 November 1975 die Volksrepubliek van Angola aangekondig, in ooreenstemming met die Alvor-ooreenkoms.
- Unita en die FNLA het 'n teenregering in die binneland gestig en die ondersteuning van die SA regering gekry om Neto uit die kussings te lig.
- Die burgeroorlog het vererger en vir die volgende 27 jaar voortgeduur..

Waarom het die burgeroorlog in 1974 in Angola uitgebreek?

Kernredes was:

- Ideologiese verskille onder die wedywerende partye het 'n gemene doel voorkom.
- Diep etniese en gebiedsverskille het unifikasie voorkom.
- Elke leier wou mag en beheer hê.
 - Dit is deur buitelandse inmenging tydens die Koue Oorlog-era vererger:
 - hierdie inmenging het die wantroue en verdeeldheid verder uitgebuit en sodoende 'n skikking bemoeilik.

Die USSR en Kuba het die MPLA gesteun

Die VSA het geld vir Savimbi gestuur en SA aangemoedig om Unita te steun.

Wat was die MPLA en Unita se rol in die burgeroorlog?

MPLA

Het op 10 Desember 1956 'n multi-etniese politieke party gestig. Die party is saamgestel uit hoofsaaklik wit Angolese, mesticos en die ambundu- etniese gemeenskap in die gebied rondom Luanda.

- Het aanvanklik vreedsame metodes gebruik om verandering teweeg te bring, maar het in 1961 met 'n gewapende stryd begin.
- Met behulp van die USSR en Kuba het dit beheer oor die sentrale dele van Angola behou, waaronder die ryk olievelde langs die kus.
- Dit het in 1977 Marxisme-Leninisme as party-ideologie aanvaar en 'n eenpartystaat bevorder.
 - Dit het ekstremisties geword en talle ideologiese opponente is vermoor, bv. 70 000 is in 1977 vermoor toe 'n gepoogde staatsgreep Neto byna uit die kussings gelig het.
- Aan die einde van die Koue Oorlog in 1990 het die MPLA sosiale demokrasie aangeneem.
- MAAR ná die 1992-verkiesing, wat deur die Bicesse-verdrag van 1991 gefasiliteer is, is duisende Unita- en FNLA-simpatiseerders in weerwraakaanvalle vermoor.
- Met behulp van Kuba en die USSR het die MPLA demokrasie in Angola onmoontlik gemaak deur alle opposisie te vernietig.

UNITA

Op 13 Maart 1966 deur Jonas Savimbi gestig. Dit is grootliks deur die etniese groep Ovimbundu gesteun.

- Dit het statuut gekry as 'n swart nasionalistiese beweging, maar het ook steun van die SA-regering gekry omdat dit 'n ideologiese vyand beveg het
- = MPLA en indirek Kuba en die USSR.
 - Die VSA het Unita gesteun om Marxistiese uitbreiding teen te werk en om toegang tot Angola se minerale rykdom te behou.
- Ná die 1992-verkiezing het Savimbi geweier om die uitslag te aanvaar en het na die bos teruggekeer om die oorlog te hervat.
 - Unita het Angola vry van mededingende ideologieë probeer hou en het die MPLA aanhoudend ondermyn.
 - Savimbi is op 22 Februarie 2002 vermoor.

Betrokkenheid van buite by die Angolese Burgeroorlog

Waarom en hoe was die USSR betrokke?

- Om kapitalisme en demokrasie in die gebied teen te werk.
 - Dit was 'n natuurlike gevolg van Koue Oorlog-politiek, m.a.w. risikobeleid, posisionering en die uitbreiding van invloedssfeer.
 - Dit het kommunisme in die gebied probeer verskans.
 - Dit het materiële en militêre hulp gebied, bv. in 1990 het dit op VS\$430-miljoen per jaar neergekom.

Waarom en hoe was die VSA betrokke?

- Om Angola daarvan te weerhou om kommunisme aan te neem en om te keer dat die ideologie na Sentraal- en Suider-Afrika versprei.
 - Dit het groot ekonomiese belange in die gebied gehad, bv. Angola voorsien 7% van die VSA se olie-invoer.
- Die VSA het aanvanklik die FNLA en Unita gehelp.
 - CIA-geld het die FNLA gehelp en wapens is later aan hulle gestuur.
 - Betrokkenheid is in 1976 deur die Clark-wysiging ingeperk, aangesien die VSA nie wou hê dat 'n situasie soortgelyk aan die Viëtnamese oorlog moes ontwikkel nie.
 - Hierdie wysiging is in 1985 herroep en geheime finansiering van Unita is voortgesit.

Waarom en hoe was Kuba betrokke?

- Kubaanse betrokkenheid was teen die kapitalistiese ondersteuning van bewegings in Angola gerig. Dit het die MPLA se ideologie gedeel en wou met hul revolusionêre stryd vir onafhanklikheid help.
- Dit het in 1966 militêre opleiding en hulp aan die MPLA gebied.

- Dit het duisende troepe ontplooi om die MPLA te steun, wat die beweging die voorsprong in konfliktsituasies gegee het.
- Hulle het die suide teruggewen by Unita-magte, wat deur SA-troepe gesteun is.
- Die finale slag is in 1987 en 1988 by Cuito Cuanavale gewen.

Waarom en hoe was China betrokke?

- China het vuurwapens voorsien en in Junie 1974 instrukteurs na Zaïre gestuur om die FNLA te steun
 - = vreemde skuif aangesien die FNLA anti-kommunisties was
- MAARChina wou imperialisme van VSA en USSR teenwerk.
 - Die FNLA het hul basis na die noorde van Angola geskuif (het ook hulp van die Romeense diktator Nikolai Ceausescu (pro-Peking) ontvang).

Hoe was SA betrokke?

- SA, met VSA steun, wou die verspreiding van kommunisme na SWA stuit en Swapo-basisse in die suide van Angola vernietig.
- Wou ook die land se belegging in die Cunene-rivierprojek beskerm, wat hidro-elektrisiteit aan die noordelike dele van SWA voorsien het.
 - SA het 'n swart nasionalistiese beweging (Unita) teen kommunisme gesteun.

SA het in 1988 begin onttrek nadat die New York-verdrag onderteken is.

- = Dit was instrumentaal tot die onafhanklikwording van SWA (Namibië) en die aandrang dat Kubaanse troepe uit Angola onttrek.

Uitwerking van die Angolese burgeroorlog op stabiliteit

Hierdie oorlog het erge onstabiliteit in die streek veroorsaak, wat 'n uitwerking op ander wêrelddele gehad het.

Uitwerking op Zaïre (Kongo)

Zaïre was een van die VSA se vennote tydens die Koue Oorlog en het die pro-kapitalistiese FNLA toegelaat om vanaf basisse binne dié land se grondgebied te werk:

- het dit kwesbaar vir teenaanvalle van die Portugese weermag gemaak en later ook die MPLA-troepe.
- die Eerste Kongolese Oorlog het uitgebreek omdat Mobutu Unita gesteun het.

Uitwerking op Namibië

Namibië het destabilisasie ervaar toe SA troepe aanvalle teen Swapo-guerrillamagte van stapel gestuur het om die vestiging van 'n Marxistiese staat in Namibië te voorkom:

- SA het Unita gesteun en aanvalle vanaf hul basis in die noorde van Namibië gedoen.
- Unita het strooptogte en invalle vir voorraad oor die grens uitgevoer, wat tot verdere onstabiliteit gelei het.
- Baie Angolese vlugtelinge het tydens die burgeroorlog na Namibië gevlug.

Uitwerking op Zambië

Unita het strooptogte oor die grens uitgevoer om voorrade te plunder.

- Duisende vlugtelingte het vir veiligheid na Zambië gevlug.
- Benguela-spoorweg is vanaf die 1970's gesluit vir verkeer vanaf Zambië.
 - Dit het handel verhinder en Zambië moes op die spoorweg deur Dar-es-Salaam staatmaak vir hierdie doel.

Uitwerking op die streek

Die interne stryd tussen die verskeie partye in Angola het versprei en in 'n streekkonflik ontaard. Die meeste lande in die streek het van 1961 af onstabiliteit beleef.

Belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale

Agtergrond

- Konflik tussen Fapla (Angolese regering) en Unita het tussen 1985 en 1986 toegeneem. Fapla het Unita byna verslaan.
 - SA het met Unita geskakel om gesamentlike beplanning in die toekoms te doen in 'n poging om die MPLA te verslaan.
 - SA intelligensie het van Maart 1987 af bewyse gekry van 'n groot beplande Fapla-aanval op Unita-basisse en 'n grootskaalse aanval op Cuito Cuanavale.

Waarom het SA by Cuito Cuanavale ingegryp?

SA wou aanvanklik nie betrokke raak nie uit vrees vir diplomatieke antagonisme en vyandige propaganda. Maar SA het 'n Unita-nederlaag as onaanvaarbaar beskou, want:

- Swapo kon toegang tot strategiese gebiede soos Kavango en Caprivi verkry, wat 'n bedreiging vir SA sou inhou aangesien hul troepe oor 'n wyer gebied ontplooi sou moes word.
 - DAAROM: SA het ingegryp om Unita se beheer van Suidoos-Angola te verseker en sodat Swapo se invalle bedwing kon word.
 - SA het probeer om die land se betrokkenheid geheim te hou en tot die minimum te beperk.

Wat was die betekenis van die Slag van Cuito Cuanavale?

Albei mededingende partye maak aanspraak op oorwinning, maar volgens SA het Fapla 'n vernietigende nederlaag gely.

- Kuba en die USSR besef dat Fapla nie alleen teen SA se konvensionele troepe staande kon bly nie en daar was 'n kans dat die MPLA-regering tot 'n val sou kom.
 - Hulle het hul opsies verminder tot twee: versterkings (uitbreiding), of om onderhandelings vir 'n skikking toe te laat.
 - Castro wou nie nog troepe ontplooi nie.
 - Gorbatsjof, wat deur onrus en geldelike probleme in die USSR in die gesig gestaar is, het 'n onderhandelde skikking in Angola gesteun.
- Die militêre klem het na 'n diplomatieke een verskuif = vrede is onderhandel:
 - het die weg vir verkiesings in Namibië gebaan en gesprekke vir 'n oplossing in Angola moontlik gemaak.

Sonder Kubaanse en Sowjet-steun moes die MPLA met Unita onderhandel.

- Die Bicesse-verdrag het in Mei 1991 'n beroep gedoen vir 'n skietstilstand en verkiesing in 1992.
- Savimbi het die uitslag van die verkiesing verwerp en die oorlog voortgesit.
 - Die Lusaka-protokol van 1994 het 'n vredesooreenkoms probeer beding.
- Vrede is eindelijk bewerkstellig deur die Memorandum van Verstandhouding van Luena, wat op 4 April 2002 onderteken is.

Veranderende aard van internasionale betrekkinge ná 1989

Ekonomiese ineenstorting en die einde van kommunisme in die USSR het daartoe gelei dat die MPLA hul ekonomiese beleid aangepas het. Dit het Westerse hulp opgesoek.

- Kubaanse troepe het in 1989 begin onttrek, onder die toesig van Unavem 1.
- Mobutu Sese Seko het in 1989 'n vredesooreenkoms tussen die MPLA en Unita beding, genaamd die Gbadolite-verdrag (op 22 Junie onderteken).
- Die vrede was van korte duur, maar die val van die USSR het die MPLA se belofte om vrede te bewerkstellig versterk.
- Die MPLA het in mid-1990 besluit om Marxisme-Leninisme en die eenpartystaatstelsel te laat vaar. Dit is in Desember 1990 geformaliseer.
- Burgerlike organisasies en private media-instellings het weer in Angola tot stand gekom.
- Die burgeroorlog het ook tot 'n einde gekom omdat buitelandse troepe onttrek het.
- Vrede is behaal nadat die Luena-memorandum in April 2002 onderteken is.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 2 het jou geskiedenisondersoek daarop gefokus om 'n antwoord vir die volgende kernvraag te kry:

Kernvraag: Hoe het Afrikalande in die 1960's en die 1970's onafhanklik geword?

Om dié vraag te beantwoord, het jy die onderstaande konsepte bestudeer.

Eenheid 1 Wat was die gedagterigtings wat die onafhanklike state beïnvloed het?

In die laat 1950's en vroeë 1970's het baie Afrikalande onafhanklik geword. Hulle het verskillende politieke en ekonomiese ideologieë aanvaar.

Gevallestudie 1 Vergelykende gevallestudies: Kongo en Tanzanië (1960–1980)

Die vergelykende gevallestudies oor die Kongo en Tanzanië het hul politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele suksesse en uitdagings tussen 1960 en 1980 gewys. Die spanning van die Koue Oorlog tussen die USSR en die VSA (1946–1989) het in die vroeë 1960's 'n hoogtepunt bereik en gemanifesteer in die Kongo. Dit het uitgeloop op 'n burgeroorlog en politieke onstabiliteit. In Tanzanië het Afrika-sosialisme onder Julius Nyerere in 'n mate geslaag op onderwys- en gesondheidsvlak, maar andersins klaaglik misluk.

Eenheid 2 Uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika

Die belangrikste interne faktore wat die pas onafhanklike Afrikalande negatief beïnvloed het, was die erfenis van kolonialisme, hul geografiese ligging en etniese verskille binne die landsgrense, wat in die koloniale tyd bepaal is. Eksterne faktore wat 'n rol gespeel het, was die spanning tussen die supermoondhede as gevolg van die Koue Oorlog; internasionale hulp wat onderdrukkende regimes aan die gang gehou het; hoë belasting op ingevoerde goedere; die hoë prys van olie en hoë buitelandse skuld.

Eenheid 3 Afrika in die Koue Oorlog: die USSR, VSA, China en Suid-Afrika

Die USSR en die VSA, wat albei baie hard probeer het om hul invloedsfere wêreldwyd uit te brei, het teenstrydige bevrydingsbewegings (in verskillende Afrikalande) ondersteun op 'n manier wat die Koue Oorlog in burgeroorloë omskep het. Kuba is in oorloë by volmag gebruik, byvoorbeeld om die MPLA te ondersteun, wat weer deur die USSR ondersteun is. China het projekte in Afrikalande met sosialistiese beleidsrigtings gefinansier in 'n poging om invloed in Afrika te kry. Die VSA het Suid-Afrika meestal as 'n gevolmagtigde gebruik om Unita van wapens te voorsien en te ondersteun in 'n poging om te keer dat 'n Marxistiese invloed sfeer in Angola geskep word.

Opsomming en vrae

Gevallestudie 2 Angola

Angola is 'n goeie voorbeeld van hoe die Koue Oorlog in die 1960's en die 1970's in Afrika gemanifesteer het toe die supermoondhede hulle by teenstrydige bevrydingsbewegings geskaar het. Die burgeroorlog tussen die MPLA en Unita is verskerp deur die steun van onderskeidelik die USSR en die VSA. Die gevolglike onstabiliteit in Angola het na buurlande versprei. Met die einde van die Koue Oorlog en die daaropvolgende vermindering van steun deur die supermoondhede aan opponerende faksies, het die Angolese burgeroorlog tot 'n einde begin kom, en Namibië het onafhanklik geword (1990).

Vrae

1 Kernvraag: Wat was die denkrigtings wat pas onafhanklike Afrika-lande beïnvloed het?

1.1 Definieer die volgende kernbegrippe:

- 1.1.1 Afrika-sosialisme
- 1.1.2 kapitalisme
- 1.1.3 demokrasie
- 1.1.4 eenpartystaat

1.2 Verduidelik waarom pas onafhanklike Afrika-lande ná kolonialisme nuwe regeringsvorme moes ontwikkel.

2 Kernvraag: Wat was die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele uitdagings en suksesse wat die Kongo en Tanzanië tussen 1960 en 1980 beleef het?

2.1 Van watter koloniale lande het die volgende hul onafhanklikheid verwerf en wie was hul eerste leiers?

- 2.1.1 Die Kongo
- 2.1.2 Tanganjika (Tanzanië)

2.2 Beskryf breedweg hoe Tanzanië Afrika-sosialisme toegepas het.

2.3 Watter soort regerings het in die volgende Afrikalande ontstaan?

- 2.3.1 Die Kongo
- 2.3.2 Tanzanië

Opsomming en vrae

3 Kernvraag: Wat was die uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika tussen 1960 en 1980??

3.1 Noem die interne faktore wat 'n uitwerking gehad het op pas onafhanklike Afrika-lande.

3.2 Noem die eksterne faktore wat 'n uitwerking gehad het op pas onafhanklike Afrika-lande.

4 Kernvraag: Watter rol het die USSR, VSA, Kuba, China en Suid-Afrika gespeel om die Koue Oorlog ná 1960 na Afrika-lande te bring?

4.1 Noem die opponerende vryheidsbewegings wat in Angola om onafhanklikheid geveg het.

4.2 Dui die supermoondheid aan wat elke vryheidsbeweging wat in vraag 4.1 genoem word, ondersteun het.

4.3 Noem die grootste belang wat elk van die volgende gehad het in pas onafhanklike Afrika-lande.

4.3.1 USSR

4.3.2 VSA

4.3.3 Kuba

4.3.4 China

4.3.5 Suid-Afrika

5 Kernvraag: Hoe is onafhanklikheid en vrede in Angola bereik?

5.1 Wanneer en van watter koloniale land het Angola onafhanklikheid verwerf?

5.2 Nadat onafhanklikheid in Angola bereik is, het burgeroorlog uitgebreek.

5.2.1 Watter Angolese politieke groepe was betrokke in die burgeroorlog?

5.2.2 Waarom was hierdie groepe nie in staat om te verenig nadat onafhanklikheid bereik is nie? Gee twee redes.

Opsomming en vrae


- 5.3 Verduidelik wat die motiewe van die volgende lande was vir die ondersteuning van verskillende groepe in die burgeroorlog in Angola:
 - 5.3.1 VSA
 - 5.3.2 The USSR
- 5.4 Bespreek breedweg die uitwerking van die Angolese burgeroorlog op Afrika-lande in die streek.
- 5.5 Verklaar die belang van Cuito Cuanavale in die beëindiging van die Angolese burgeroorlog.
- 5.6 Watter vredesooreenkoms of -verdrag het die Angolese burgeroorlog afgesluit?
 - 5.6.1 Bicesse-ooreenkoms
 - 5.6.2 Alvor-ooreenkoms
 - 5.6.3 New York-ooreenkoms
 - 5.6.4 Gbadolite-ooreenkoms
 - 5.6.5 Luena-memorandum

Burgerlike samelewingsverset – 1950's tot 1970's

Oorsig

Hersien in hierdie onderwerp:

- burgerlike verset
 - die aard van vrouebevrydings- en feministiese bewegings in die 1960's en 1970's
 - vroue-identiteit in Suid-Afrika van die 1950's tot die 1970's
 - vredesbewegings en burgerregtebewegings
- die burgerregtebeweging in die VSA
 - redes vir en oorsprong van die burgerregtebeweging in die VSA
 - rol, uitwerking en invloed van Martin Luther King junior
 - die soorte verset deur burgerlike ongehoorsaamheid
 - skool-integrasie
 - kort- en langtermynsuksesse van die burgerregtebeweging in die VSA
- die Swartmagbeweging en redes vir die Swartmagbeweging
 - die Black Panther-beweging
 - rolle van Stokely Carmichael en Malcolm X
 - kort- en langtermynsuksesse van die Black Panther-beweging.



Oorsig van burgerlike verset

Kernvraag: Watter soorte burgerlike verset het van die 1950's tot die 1990's na vore gekom?

Die wêreld ná die Tweede Wêreldoorlog



Die 1950's en 1960's

- Die 1960's het as die "swinging sixties" en "Swinging London" bekend gestaan met jongmense aan die voorpunt van sosiale verandering.
 - Die jeugbeweging het sosiale grense oorgesteek namate televisie uitgebrei het, maar die ontluikende jeugkultuur was tot Wes-Europa beperk.
 - Die rebellie is die felste beleef tussen werkersklasouers en kinders wat opgang in die gemeenskap gemaak het omdat hulle beter onderrig ontvang het en daarom beter werkgeleenthede gehad het.
 - Die rebellie was egter minder fel onder die hoër klas omdat hulle altyd vryheid en rykdom geniet het.
 - Die 1950's en 1960's was 'n tydperk van stryd vir:
 - geslagsgelykheid
 - burgerregte
 - demokratiese regte.

Wat was die aard van vrouebevrydings- en feministiese bewegings in die 1960's en 1970's?

Hoewel die doelwit van vryheid vir vroue in alle lande basies dieselfde was, het die bewegings in verskillende lande verskillende vorme aangeneem.

Die VSA

- Die Vrouebevrydingsbeweging (VBB) het in die 1960's onder universiteitstudente begin wat radikaal geword het vanweë die wyer burgerregtebewegings en die teenkantiing teen die oorlog in Viëtnam.
- PLUS baie ouer vroue was ontevrede oor die voortgesette diskriminasie in die werksplek, selfs binne hul eie politieke organisasies.
 - Die beweging in die VSA is as gevolg daarvan oorheers deur die idee dat vroue afsonderlik moes organiseer.
 - Hulle het hul eie werksessies en praatjies oor hul onderdrukking gereël = “bewusmaking”.

Bewegings

- Die grootste organisasie = 'n koalisie: Nasionale Organisasie vir Vroue (NOW) is in 1966 gestig.
- → Wou geslagshervorming met wetgewing instel.
 - Gefokus op:
 - geslagsgelykheid in die werksplek
 - aanvaarding van wysiging oor gelyke regte.
- Radikale vrouegroepe =
 - New York Radikale Vroue (NYRW)
 - Redstockings
 - Vroue se Internasionale Terroristekomplot uit die Hel (Women's International Terrorist Conspiracy from Hell, of Witch).

Hulle het taktiek gebruik wat as “zap actions” bekend geraak het → dramatiese openbare optrede wat daarop gemik is om die media se aandag te trek. Voorbeeld:

- 1968-protas buite die Mej. Amerika-skooneidsskonpetisie =
 - stasionering buite die plek
 - het “straattheater” opgevoer
 - = het “instrumente van feministiese marteling” (bv. bra's en korsette) in 'n “vryheid-asblik” gegooi.

Eerste Nasionale Vrouebevrydingskonferensie het in 1968 plaasgevind. Teen die 1970's het feministiese aktiviste die resultaat van hul werk begin sien:

- In 1972: Die verkragting-krisislyn is in Washington DC gestig.
- In 1973: Die hooggeregshof het aborsie gewettig.
- In 1975: Die VSA het die eerste wêreldwye forum vir vrouekwessies gehou.

Soos die beweging versprei het, het verdeeldheid ontwikkel omdat daar op verskillende aspekte van die stryd klem gelê is.

Swart Amerikaanse vroue

- Hulle het diskriminasie op twee vlakke ervaar; eerstens as swart Amerikaners en dan as vroue.
- Daarom het hulle besluit om hul eie vroue-bevrydingsorganisasies te stig, bv. Nasionale Swart Feministiese Organisasie, wat feminisme gedefinieer het as die stryd teen ras-, klas- en geslagsongelykheid.

Werkersklasvroue

- Die vroue het werksplek-uitbuiting en verskillende soorte diskriminasie as middel-klasvroue ervaar.
 - Hulle het hulle teen kapitalisme verset en gehelp om die Black Panther-beweging te stig.
 - Die Black Panther-beweging het tot samewerking tussen mans en vroue gelei en hul ideale was in ooreenstemming met Marxisme.

Gay vroue

- Gay vroue het ander soorte diskriminasie as die ander vrouegroepe ervaar.
 - Gevolglik is bewegings gestig wat lesbiese regte voorop stel.

Brittanje

Die Arbeidersparty en vakbonde het die konteks geword waarbinne vroue hulself georganiseer het en hul behoeftes aangepak is. Belangrike kwessies =

- aborsie en geboortebeperking
 - aborsie → in 1967 gewettig
 - voorbehoedpil → in die 1960's beskikbaar
- gelyke onderrig, betaling en werkgeleenthede
- 24 uur gratis kinderversorging.

Hoewel die gemeenskap/kultuur steeds op gevestigde waardes gegrond was, met heteroseksuele waardes wat bevorder is, het die wêreld teen die middel-1970's vir vroue verander. Voorbeeld:

- kon hul vrugbaarheid beheer
- het meer ekonomies onafhanklik geraak.


Lande in Europa

- Aantal vroue in die werksplek het drasties toegeneem, maar hulle het steeds poste met swakker betaling beklee.
- Aborsie was 'n groot uitdaging vir die morele orde in Europa met seksuele vryheid wat die verskille tussen die geslagte gedurende die 1960's eerder laat toeneem as afneem het.
- Vroue in kommunistiese lande het hoër range beklee en het byna die helfte van die poste beklee:
 - Hulle het steeds huiswerk verrig, maar met toenemende Marxistiese denkwyses sou die ongelykheid eindelik verdwyn.

Vroue-identiteit in Suid-Afrika van die 1950's tot die 1970's

Vrouebevryding in Suid-Afrika het binne die raamwerk van segregasie en apartheid plaasgevind:

- het reuse-gapings tussen vroue van verskillende rasse, klasse en etniese agtergronde veroorsaak.
- → Vroue in Suid-Afrika se vrouestryd het hulle daarom eerstens as rasgedefinieerde groepe gesien, eerder as vroue.



Vakbondbeweging en vrouewerkers



Ekonomiese rol van swart SA vroue in landelike gebiede en die informele sektor

- 
- Landelike swart vroue was die mees onderdrukte groep onder gewoontereg.
 - Hulle is deur mans beheer, moes landbouproduksie handhaaf en hul kinders alleen grootmaak.
 - Die migrasie van swart vroue na die dorp het hul bewussyn verander, met die meeste vroue wat huiswerkers geword het.
 - Huishoudelike werk was nie gereguleer nie, wat tot lang ure en lae lone gelei het. Hul kinders is nie toegelaat om by hulle te woon nie.
 - Baie vroue het hul inkomste in die dorpsgebied aangevul deur aan die informele sektor deel te neem, bv. deur bier te brou en verkoop.
 - Huishoudelike werk het vroue geïsoleer en die daaglikse oorlewingstryd het dit vir swart vroue moeilik gemaak om by vrouebewegings aan te sluit.

Vrouebewegings teen apartheid

- 
- 
- Ondanks verskille in die vorme van onderdrukking onder Suid-Afrikaanse vroue het talle organisasies wat vir die beëindiging van apartheid en teen die onderdrukking van vroue geveg het, in die 1950's ontstaan.
 - Die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue (Fedsaw) is in 1953 gestig om vroue se griewe en hul regte aan te pak.
 - Lidmaatskap was organisatories eerder as individueel.
 - Die openingskonferensie in 1954 het die Vrouehandves geformuleer, wat op volle gelykheid met mans gegrond was en stereotipes uitgedaag het.
 - Fedsaw-lede het in die 1950's by die weerstandsbeweging aangesluit om die uitbreiding van die pasboekstelsel na vroue te bevog. Die staat was vasbeslote om vroue se beweeglikheid tot dorpsgebiede te beperk. Fedsaw-lede het as gevolg daarvan twee optogte in 1955 en 1956 gelei om teen die wette te betoog.
 - Die optogte is deur vier vroue vanuit wit, bruin, Indiër- en swart gemeenskappe gelei.
 - Fedsaw het ook saam met ander organisasies gewerk om die Vryheidsmanifes in 1955 op te stel. Hulle het verseker dat kwessies wat vroue raak, soos leefomstandighede, gesondheidsgeriewe en geslagsgelykheidskwessies, by die manifest gevoeg is.
 - 'n Klein groepie liberale wit vroue het in 1955 die Black Sash gestig om die NP se poging om stemreg te verander, te bevog. Die organisasie se klem het na menseregte verskuif en talle swart vroue het aangesluit om in die raadskantore te help.

Ondanks die volgehoue pogings van vroue in Suid-Afrika was die Nasionale Party teen die 1960's in beheer van Suid-Afrika en is die ANC en ander bevrydingsbewegings verbied.

Die vredesbewegings: 1950's

Het as protesaksie teen kernwapens begin, maar later teenoorlogbewegings geword, met hoofsaaklik die VSA en Wes-Europa as basis.

Ontwapeningsbewegings

- VSA, Brittanje en die Sowjetunie het in 1940–1950 nuwe atoombomme ontwikkel.
 - Vrese vir 'n kernoorlog het oorgeneem en daar was ook toenemende kommer oor die gesondheidsrisiko en omgewingskade wat die toetse kon aanrig.
 - Dit het daartoe gelei dat die Veldtog vir Kernontwapening (VKO) op 'n openbare vergadering in Londen in Februarie 1958 van stapel gestuur is.

Die VKO het hul eerste optog teen kernwapens van 4 tot 7 April 1958 gehou.

- Die optogte het baie aandag getrek en het van 1958 tot 1963 'n jaarlikse gebeurtenis geword. In 1983 is die Verdrag oor die Verbod op Toetse, wat kerntoetse deels verbied het, onderteken.
- Daar was oplewings van die optog in later jare, waaronder 1972 en 2004.
- Talle binne die VKO het geweldlose direkte optrede (NGDA) gesteun en wou hê dat massa burgerlike ongehoorsaamheid deel van veldtogte moes uitmaak. Dit het tot baie inhegtenisnemings gelei, bv. in September 1961 is 1 300 in Londen in hegtenis geneem en 350 in Holy Loch, Skotland.
- Baie VKO-lede het gehoop die Arbeiders-regering sou ná 1964 kernontwapening ondersteun, maar die nuwe party het nie van die vorige konserwatiewe beleid afgewyk nie.
- Woede oor die VSA se oorlog in Viëtnam het van die middel-1960's kernkwessies as 'n fokus van massaprotes vervang.

Studentebewegings

Die 1950's en 1960's = styging in politieke aktivisme onder studente → Die jonger generasie was toenemend vyandig teenoor die bestaande sosiale orde.

- Europese universiteite het meer demokraties geword en hul deure vir laer- en middelklasstudente oopgemaak = uitbreiding.
- Studentebewegings was hoofsaaklik in die snelgroeiende universiteite gesetel.
 - Opkoms van 'n eiesoortige “jeugkultuur” wat tot konflik tussen studente en die ouer generasies gelei het.
 - Spanning in Europa is in die laat 1960's en vroeë 1970's op 'n spits gedryf met die ergste studente-onlus wat in 1968 in Parys by die nuwe Universiteit van Nanterre plaasgevind het.
 - Die studente het op veranderings aan die kurrikulum aangedring en die beweging het spoedig na ander universiteite versprei.
 - Daar was gewelddadige botsings met die polisie en die studente het 'n beroep op Franse nywerheidswerkers gedoen om hulle te help.
 - Dit het tot spontane algemene stakings oor die hele Frankryk in Mei 1968 gelei.

Hoewel die politieke krisis afgeweer is en die Franse regering nie tot 'n val gekom het nie, het dit geblyk dat die studenterevolusie 'n einde aan die tydperk van sosiale stabiliteit en ekonomiese vooruitgang gebring het.

Oos-Europa

Studente-ontevredenheid in Oos-Europa was die resultaat van die geleidelike verbetering in lewenspeil, wat strydig was met die tekort aan politieke vryheid.

- Ná Stalin se dood het die nuwe Russiese leier, Chroesjtsjof, 'n destaliniseringsprogram van stapel gestuur, wat beperkte vryheid van spraak teweeggebring het. Die ekonomie het versterk en Oos-Europa hoop gegee.
- Studente het in 1956 aangesluit by 'n opstand wat deur werkers in Pole gelei is. Dit het op beperkte politieke voordeel uitgeloop.
- Studente en werkers het in dieselfde jaar in Hongarye teen Sowjetbeheer in opstand gekom en 'n liberale kommunistiese hervormer as hoof van die regering gekies.
- Sowjetsoldate is uit Hongarye gedwing, eenpartybeheer is afgeskaf en die nuwe regering het vrye verkiesings, vryheid van spraak en maatskaplike verandering belowe, terwyl die Russiese weermag ook verwerp is.
- Dit het skerp reaksie ontlok en Rusland het Hongarye binnegeval om die revolusie te keer.

Teenoorlogbeweging

- 
- Weerstand teen die oorlog in Viëtnam het in die middel-1960's oor kampusse heen versprei.
 - Ná 1965 was dit 'n radikale vredesbeweging oor universiteite in Amerika heen.
 - Teenoorlog-optogte en protesaksies gelei deur Studente vir 'n Demokratiese Samelewing (SDS) het in 1968 'n hoogtepunt bereik.
 - Diverse taktiek is gebruik: wettige demonstrasies, invloedwerwing in die kongres, politieke geweld, burgerlike ongehoorsaamheid en verset teen wysigings.
 - Die Johnson-administrasie het teen 1968 die bombardering van Noord-Korea gestaak vanweë wydverspreide teenkanting van die oorlog.
 - Dit was 'n groot keerpunt in die oorlog.
 - President Nixon se inval van Kambodja in 1970 en die skiet van vier studentebetogers het die grootste vlag van kampus-proteste in die VSA se geskiedenis ontketen.
 - 'n Nasionale studentestaking het 500 kolleges en universiteite hul deure laat sluit.
 - Talle het druk op Withuis-amptenare geplaas en meer as 100 000 mense het in Washington betoog.
 - Die Amerikaanse beweging teen die oorlog in Viëtnam was die suksesvolste teenoorlogbeweging in die VSA se geskiedenis.

Burgerregtebewegings

Noord-Ierland

- Ná die Tweede Wêreldoorlog het die Britse regering, wat Noord-Ierland beheer het, 'n welsynstaat bekendgestel en onderrig na Katolieke en Protestante uitgebrei. Die resultaat was:
 - Jong Katolieke is aan nuwe idees blootgestel en wou nie diskriminasie teen hulle duld nie.
- Die Britse regering het in 1963 hervormings voorgestel wat die ekonomiese situasie in Ierland sou verbeter. Die voorstelle sou egter 'n bedreiging vir die dominante Protestantse posisie inhou. Die gevolg was:
 - Die Protestante, gelei deur eerw. Ian Paisley, het die hervormingsbeleid aangeval en die tydperk bekend as “The Troubles” begin, wat tot 1998 geduur het.

1966

- 'n Protestantse “lojalitiese” groep genaamd die Ulster-vrywilligermag (Ulster Volunteer Force of UVF) het twee Katolieke en 'n Protestant vermoor.
- Die UVF is onmiddellik verbied, maar die siklus van geweld het begin.

1967

- Die Noord-Ierlandse Burgerregtevereniging (Nicra) is gevorm en het 'n oproep gedoen dat die ongeregthede teen Katolieke beëindig word.
- 'n Vreedsame burgerregte-optog in 1968 het in geweld ontaard toe die Ulster-polisiemag (Royal Ulster Constabulary of RUC) hulle met geweld wou onderdruk.
- Die optogte het voortgeduur en is met geweld deur die RUC onderdruk.

Die geweld in Noord-Ierland het die volgende twee dekades voortgeduur

- Die Goeie Vrydag-ooreenkoms het in 1988 die siklus van geweld en moord in Noord-Ierland beëindig.

Die Protestante en die Katolieke het paramilitêre groepe op die been gebring

- Die Ulster-verdedigingsvereniging (Ulster Defence Association) het in 1971 by die UVF aangesluit en die Katolieke het die Ierse Republikeinse Weermag (Irish Republican Army) gestig.
 - Hervormings wat die burgerregte van die Katolieke bevorder het, het die Protestante woedend gemaak en het tot burgerlike onluste en geweld gelei.
 - Omdat hulle 'n militanter groep was, het die voorlopige IRA van die IRA weggebreek. Hulle wou hul doelwitte deur middel van geweld bereik.

Burgerregtebewegings in Duitsland

- Die burgerregtebeweging in Duitsland was 'n linkse reaksie teen die konserwatiewe post-Nazi-tydperk en het baie teleurgestelde studente gelok.
 - Hul protes was teen die gesagstaat en die huigelary van die Duitse regering.
 - Hulle wou groter sosio-ekonomiese gelykheid, vryheid en menseregte hê en het 'n weersin in die rykdom van die hoë stand en die strydslus van die polisie gehad.
- Hulle het protesaksie gebruik om hul eise te stel.
 - 'n Oorreaksie van die polisie en die byna gelyktydige versetbewegings roer die wêreld heen het hierdie verset, wat in geweld ontaard het, aangevuur.
 - Hoewel die verset uiteindelik onderdruk is, het die burgerregtebeweging in Duitsland wortel geskiet.

Burgerregtebeweging in Tsjeggo-Slowakye

- Tsjeggo-Slowakye het ná 1945 binne die Sowjet-invloedsfeer geval = 'n eenpartystaat.
 - Maar van die middel-1960's het Tsjeggo en Slowake die regime begin verwerp en Alexander Dubcek, 'n gewilde man, het in 1968 die leier geword.
 - Hy het meer beweegruimte vir die burgerlike gemeenskap geskep en hierdie tydperk het as die Praagse Lente bekend geword.
 - 'n Aktivist, Ludvik Vaculvic, het in Junie 1968 'n manifest, Tweeduisend woorde, gepubliseer.
 - Hy het in die manifest almal opgeroep om vir 'n beter regering te betoog en groter beheer oor hul eie lewe te eis.
 - Die USSR kon egter nie hierdie bedreiging vir hul hegemonie oor die Oosblok duld nie.
 - Gevolglik het Oosblok-leërs Tsjeggo-Slowakye gedurende die nag van 20 Augustus 1968 ingeval, die begin van 'n 20 jaar lange besetting van die land.

Burgerregtebeweging in Mexiko

- Studente in die Mexikaanse hoofstad, Mexikostad, het gedurende 1968 betoog vir meer burgerregte en demokratiese hervorming.
 - Teen die einde van September het die Mexikaanse president die weermag opdrag gegee om die universiteite te beset en studente is geslaan en gearresteer.
 - In Oktober het 15 000 studente vreedsaam deur die strate van Mexikostad gemarsjeer in protes teen die weermag se besetting van die universiteitskampus.
 - Die byeenkoms se organiseerders het probeer om die saamtrek te kanselleer toe hulle 'n verhoogde militêre teenwoordigheid in die gebied opgemerk het.
 - Teen sonsondergang het die weermag en die polisiemag die Plaza omring en skerp ammunisie in die skare in gevuur. Dit het tot die nag aangehou.
 - Teen die oggend was honderde studente en burgerlikes dood, met talle ander gewond en in hegtenis geneem.
 - Die weermag het beweer dat hulle uit selfverdediging opgetree het, maar die Tlatelolco-menseslagting word onthou as 'n voorbeeld van uiterste magmisbruik deur die staat.

Burgerregtebeweging in Afrika

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog	Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog	In die laat 1940's en vroeë 1950's	Vinnige groei van Afrika-nasionalisme
● Baie Afrikane van Franse en Britse kolonies is gedurende die Tweede Wêreldoorlog gewerf om vir die Geallieerdes in Europa te veg, gelok deur die idee dat hulle vir demokrasie veg..	● Aan die einde van die oorlog het terugkerende soldate begin vra waarom hulle hul lewe op die spel moes plaas om vryheid vir Europa en Amerika te verseker, terwyl hulle nie in hul eie lande vry was nie..	● Talle Afrika-kolonies het in die laat 1940's en vroeë 1950's politieke partye gevorm en politieke vryheid en die einde van koloniale beheer geëis.	● Die vinnige groei van Afrika-nasionalisme het Europese koloniale magte onkant betrap. Teen 1966 was alle Afrika-lande behalwe ses onafhanklike nasiestate.

Gevallestudie 1: Die Amerikaanse Burgerregtebeweging

Kernvraag: Hoekom is die Burgerregtebeweging in die VSA begin en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvan?

Redes vir en oorsprong van die VSA Burgerregtebeweging

Redes vir die Burgerregtebeweging in die VSA:

- Ná die Amerikaanse burgeroorlog het die Amerikaanse regering die 14de en 15de wysigings bekragtig en daardeur burgerskap en gelyke regte aan voormalige swart slawe toegesê.
 - 'n Wit heerssugtige groep genaamd die Klu Klux Klan is in 1866 gestig.
 - Hulle was gekant teen enige regte vir swart Amerikaners en was ten gunste van die voortbestaan van segregasie.
- Die Klu Klux Klan het gewelddadiger geword namate meer regte aan swart Amerikaners toegeken is.
 - Gewelddadige aanvalle is op huise uitgevoer en 175 swart Amerikaners is per jaar tussen 1890 en 1900 gelynh.
- Die Amerikaanse Hooggeregshof het in 1896 beslis dat aparte maar gelyke geriewe vir wit en swart Amerikaners grondwetlik is.
 - Hierdie wet was tot 1954 van krag.
- Die hoofrede vir die Burgerregtebeweging was dus om vir swart Amerikaners 'n strategie te gee waarmee hulle die minagting van hul grondwetlike en burgerregte kon beveg.

Oorsprong van die Burgerregtebeweging in die VSA:

- Die Nasionale Vereniging vir die Bevordering van Gekleurde Mense (National Association for the Advancement of Coloured People, NAACP) is in 1909 gestig.
 - Hulle het in 1935 die segregasie in hoër onderwys in die land se howe gedaag en het noemenswaardige regte vir swart Amerikaners in universiteite oor die land heen gewen.
 - Die beweging het ná die Tweede Wêreldoorlog om 'n paar redes momentum gekry:

1 Talle swart Amerikaners het noord getrek om verdedigingsverwante poste te vul. Hulle het stemreg in die noorde gehad, wat die stemkrag versterk het.

2 Swart Amerikaners wat oorsee in die weermag gedien het, het minder rassediskriminasie ervaar.

3 Soldate het vir demokrasie geveg en moes by hul tuiskoms teen rassisme en vir hul eie demokratiese regte veg.

Reaksie in die suidelike state

- Die suidelike state het gereageer deur swart mense se regte weg te neem.
- Die Klu Klux Klan se aktiwiteite het in die 1950's toegeneem.
- Talle suidelike state het geweier om wetgewing en hofbeslissings te gehoorsaam, bv.
 - die keerpunt-saak in 1954 wat beslis het dat desegregasie in skole moet plaasvind. Die NAACP het die saak gewen.
 - het tot die groeiende Burgerregtebeweging bygedra.

Rol, uitwerking en invloed van Martin Luther King junior

Die rol van Martin Luther King junior

- KKing was 'n pastoor in die stad Montgomery, wat die kern van die Burgerregtebeweging geword het.
- Sy posisie as pastoor het hom toegelaat om die leiersrol binne die stryd te vervul aangesien hy die stryd van die mense in sy gemeente eerstehands kon beleef. Sy posisie het hom ook 'n platform gegee vanwaar hy kon praat oor die ongeregthede wat hy gesien het.
- Sy leierskaprol is bevestig toe hy verkies is om die Montgomery-busboikot te lei.
- Van daar het sy rol toegeneem en hy het die kollig van die geweldlose verset geword.
- In 1957, ná die sukses van die busboikot, het hy en ander aktiviste die Southern Christian Leadership Conference (SCLC) gestig.
- Die SCLC en King het beplan om volle gelykheid vir swart Amerikaners te bewerkstellig sonder om geweld te gebruik.
- King was tot sy dood die leier van die organisasie. Hy het deur die wêreld en land gereis en lesings oor geweldlose verset en burgerregte aangebied.

Wat was die uitwerking en invloed van Martin Luther King junior?

- King het 'n verenigende mag in verskeie burgerregtestryde geword danksy sy charismatiese persoonlikheid en sterk leierseienskappe.
 - Hy het die verskillende bewegings saamgesnoer sodat dit gekoördineerd en gefokus was.
 - King se geweldlose benadering en diep wysheid het vir hom steun gewerf.
- Sy statuur het die beweging in staat gestel om baie van hul doelwitte te bereik, soos die Burgerregtewet van 1964 en die Stemregwet van 1965.
- Hy het ook 'n invloed op ander kwessies uitgeoefen, soos die oorlog in Viëtnam en armoede.
- Ongelukkig het daar 'n gaping tussen King en die meer radikale jeug ontstaan, wat sy geweldlose metodes as ondoeltreffend verwerp het.
 - Hulle het die Black Panther-party gestig, 'n militante groep wat wit mense se status quo met mag wou omverwerp.

Invloed van lydelike verset (Gandhi) op ML King junior

- Mohandas Gandhi het King beïnvloed. Gandhi het geweldlose verset suksesvol in Indië as 'n politieke instrument teen Britse koloniale oorheersing gebruik.
- King het die Christelike etiek van liefde wat as 'n strategie vir verandering aangewend word, in Gandhi se filosofie gesien.
- Hy het begin glo dat geweldlose verset die enigste manier was waarop swart Amerikaners die vryheidstryd in die VSA kon wen.
 - Geweldlose verset was daarom deel van al sy toesprake en handeling gedurende die Burgerregtebeweging se bestaan.

Wat was die soorte verset deur burgerlike ongehoorsaamheid?

- Busboikotte
- Vryheidsritte
- Sitstakings
- Vreedsame opmarse.

Die wit heerssugtiges het hierdie geweldlose optredes onvermydelik met geweld begroet.

- Diegene wat aan die veldtogte deelgeneem het, is opgelei om nie weerwraak te neem nie, maar is tog beskuldig dat hulle die opstokers was en geweld aangehits het.

Die Montgomery-busboikotte

Segregasiewette is in die 1950's in die stad Montgomery in die suide streng toegepas.

- Op 1 Desember 1955 is Rosa Parks, sekretaresse van die NAACP, in hegtenis geneem toe sy nie haar sitplek op een van die stad se busse vir 'n wit man wou gee nie. As a result the NAACP, led by King, organised a boycott of the City buses.
 - Die boikot het 381 dae lank aangehou en het die openbare vervoerstelsel 'n ernstige ekonomiese knou toegedien. 20 Desember 1956: tot 'n einde gekom
 - Die hooggeregshof se uitspraak was dat segregasie op openbare busse ongrondwetlik was.

Die sitstaking in Greensboro

King se skrywe het vier studente in Greensboro in Noord-Carolina geïnspireer.

- Die vier het op 1 Februarie 1960 besluit om by die “slegs wit mense”-tafel by Woolworths te gaan sit en koffie te bestel. Hulle is diens geweier, maar het gesê dat hulle daar sou bly sit totdat hulle bedien word.
 - Ander studente het elke dag by hulle aangesluit en die sitstaking het gou na ander restaurante versprei. Die sitstakings, wat na ander suidelike state versprei het, het langer as 'n jaar aangehou en sakeondernemings het meer as 'n derde van hul inkomste verloor.
 - Sakeondernemings in Greensboro het in die somer van 1961 besluit om te desegregeer. Die sitstakings het baie studente na die veldtog gelok → gelei tot die stigting van die Geweldlose Studentekoördineringskomitee (GSK).

Vryheidsritte

Vryheidsritte is in 1961 deur die GSK en die Kongres vir Rassegelykheid (KRG) gereël.

- Swart en wit vrywilligers het in Mei 1961 langs mekaar op openbare busse gesit wanneer hulle van die noorde na die suide gery het.
- Toe hulle Alabama bereik het, het wit bendes een van hul busse aan die brand gesteeke terwyl die polisie toegekyk het.
 - Hoewel baie vryheidsryers in die tronk gegooi is, het die gewelddadige behandeling hulle nie gekeer nie → meer as 1 000 mense het oor die volgende ses maande by die veldtog aangesluit.
 - Die beelde van wreedheid is oor die wêreld heen op televisie uitgesaai en dit het die Kennedy-regering in die verleentheid gebring..
 - Die Kennedy-regering het daarom die geweld stopgesit en die Interstate Commerce Commission (ICC) het segregasie op alle vervoer op die nasionale pad verbied.
 - President Kennedy het op 11 Junie 1963 'n burgerregtetoespraak aan die nasie gelewer → het 'n beroep op alle Amerikaners gedoen om die beweging as 'n morele saak te sien waartoe almal moet bydra.

Veldtogte en opmarse in die Amerikaanse Burgerregtebeweging

1

The Birmingham Campaign

- Baie opmarse, sitstakings en boikotte is gereël en Birmingham was die kern van geweld in 1963.
- Die veldtogte is deur polisiegeweld begroet, onder leiding van kommandeur Eugene Connor, wat brandslange, polisiehonde en tronkstraf gebruik het om die marsjeerders uit te jaag. 'n Duisend kinders het op 2 Mei in kerke byeengekom en die "Children's Crusade" van stapel gestuur. Seshonderd kinders is gearresteer en tronk toe geneem en brandslange is gebruik en polisiehonde op die marsjeerders losgelaat. Dit het as Dubbel-D-dag bekend geword.
- Die beelde is internasionaal uitgesaai → dit het tot internasionale simpatie vir die beweging gelei.
- Die einde van segregasie is op 10 Mei aangekondig.
- Segregasioniste het egter wraak geneem deur King se broer se huis te bombardeer, asook 'n 16de Straat- Baptistekerk, waar vier swart meisies vermoor is.
- Die Birmingham-veldtog = 'n massabeweging wat fundamentele ekonomiese en sosiale verandering geëis het.

2**Die optog na die Lincoln-gedenkteken**

- Die optog na die Lincoln-gedenkteken in Augustus 1963 was die grootste politieke byeenkoms in die geskiedenis van die VSA. Dit het ses doelwitte gehad: betekenisvolle burgerregwetgewing; 'n federale werke-program; stemreg; geïntegreerde onderrig; beter behuising; en beter werkgeleenthede.
- Tussen 250 000 en 400 000 mense het aan die optog deelgeneem waar King sy "I have a Dream"-toespraak gelewer het.
- Talle tydgenote het die optog as 'n positiewe deel van die Burgerregtebeweging beskou, terwyl ander gedink het dit was 'n "gesuiwerde" middelklasweergawe van die ware swartmagbeweging.

3**Vryheidsomer**

- President Kennedy is op 22 November 1963 in 'n sluipmoordaanval dood.
- Die Kongres het op 2 Julie 1964 die Burgerregwet aanvaar → segregasie en diskriminasie is verbied.
- In die "Vryheidsomer" van 1964 het duisende vrywilligers 'n kiesersregistrasieveldtog in die suide begin.
- Die aktiviste is gedreig en geteister en drie jong burgerregtewerke is vermoor.
- Die nasionale aandag wat die Vryheidsomer ontlok het, het in 1965 tot die Wet op Stemreg gelei.

4**Die Selma-Montgomery-optogte**

- Selma in Alabama was vroeg in 1965 die fokus van kiesersregistrasie en betogings.
- Wit segregasioniste het 'n groep betogers op 18 Februarie aangeval en 'n jong swart betoger vermoor.
- In reaksie het King en die beweging 'n optog van Selma na Montgomery beplan.
- 'n Groep van 600 mense het op Sondag 1 Maart met die opmars begin, maar is met swepe, knuppels en traangas aangeval.
- Die geweld is op televisie vasgevang, wat selfs meer betogers na Selma gelok het.
- Die marsjeerders is op 9 Maart met nog meer geweld begroet, met 'n jong wit predikant wat hierdie keer doodgeslaan is.
- President Johnson het die opmars gesteun en Amerikaanse weermagtroepe gestuur om hulle te beskerm. Hulle het Montgomery eindelijk op 25 Maart bereik.

Skooldesegregasie

- Skoolintegrasie was 'n belangrike fokuspunt van die burgerregtestryd.
- Vyf regsdinge is in 1952 van stapel gestuur om hoërskole te desegregeer. Dit het as Brown teenoor die Raad van Onderwys bekend geword.
- Hooggeregshof het in Mei 1954 beslis dat rassese segregasie in skole ongrondwetlik is



GEVALLESTUDIE: Little Rock, Arkansas

- In Little Rock, Arkansas, is 17 swart studente gekies om by die wit sentrale hoërskool in te skryf.
- Sewentien het nege geword nadat sommige ouers hul kinders onttrek het uit vrees vir die teenreaksie.
- Die dag voordat die skool begin het, het die goewerneur die burgermag ingeroep om die skool te omring omdat hy 'n aanval van wit heerssugtiges gevrees het. As gevolg daarvan het nie een van die nege opgedaag nie.
- Daisy Bates van die NAACP het die volgende dag gereël dat hulle almal by haar huis bymekaarkom en saam stap. Een meisie, Elizabeth Eckford, het nie die boodskap gekry nie en is voorgelê toe sy by die skool wou ingaan.
- Die burgermag het vir die volgende 17 dae die Little Rock-nege daarvan weerhou om by die skool in te gaan.
- Die NAACP het 'n hofsak gewen waardeur die regering gedwing is om die skole te integreer. Daarom het hulle die burgermag herroep, wat deur meer as 1 000 woedende wit betogers vervang is.
- Die studente het deur 'n sydeur by die skool ingekom, wat tot verhoogde geweld deur die bende buite die skool gelei het. Uit vrees vir die verhoogde geweld is die studente vinnig huis toe geneem en die president se hulp is gevra om die vrede te bewaar.
- President Eisenhower het alle Amerikaners toegesprek en gesê dat bende-optrede nie geduld sal word nie.
 - Gevolglik het die burgermag die Little Rock-nege vir die res van die jaar beskerm.
- Die nege is egter steeds deur rassehaat geteister en een van hulle, Melba Patillo, is gesteek en suur is in haar oë gespuet.
- Voordat die skole in 1958 geopen het, het die regering met die steun van die wit bevolking alle skole in Little Rock gesluit eerder as om segregasie voort te sit.
- Die hooggeregshof het in Junie 1959 beslis dat die skoolraad die skole moes heropen en die proses van desegregasie moes voortsit.
- Skole is in Augustus heropen. Altesame 250 betogers het na Sentraal Hoër gemarsjeer, maar hierdie keer het die polisie vinnig opgetree en 21 mense is in hegtenis geneem.
- Al die grade in Little Rock se openbare skole is eers in 1972 geïntegreer.

Kort- en langtermynsuksesse van die Burgerregtebeweging

- Die dekade 1955 tot 1965 was die hoogtepunt van die Burgerregtebeweging.
- Televisieuitsendings en tydskrifte het die Burgerregtebeweging se boodskap vir miljoene mense lewendig gehou; dit het 'n massabeweging in daardie dekade geword.
- Die Montgomery-busboikot het die beweging begin; die Greensboro-sitstaking het die studente na die beweging gelok. Studente-aktiwiteit het toegeneem met die vryheidsritte en Vryheidsomer.
- Die krisis in Little Rock het 'n groot uitwerking op Amerika en die res van die wêreld gehad.
 - Dit het getoon dat sommige inwoners van die suide niks sou ontsien om integrasie te voorkom nie.
 - Dit het ook vir swart Amerikaners gewys dat hul regte deur die grondwet gewaarborg kan word as hulle hulself op straat en in die hofsaal laat geld.
- Die optog van Selma na Montgomery het teen 1965 duidelik getoon hoe ver swart Amerikaners al gekom het en hoe ver hulle nog het om te gaan.
 - Hulle het tien jaar vroeër huiwerig gevra of hulle voor in die bus mag sit, nou het hulle hul volle regte as Amerikaanse burgers geëis.
 - Hulle het houe gehad en 'n president wat bereid was om beslissings te maak en wette in te stel wat hul veiligheid en regte waarborg.
 - Maar hulle is steeds deur sterk en gewelddadige teenkanting in die gesig gestaar. Dit was nie die einde van die pad vir swart mense nie, maar hulle was verder op die pad as wat hulle ooit vantevore was.
- Die Burgerregtewet van 1964 en die Stemregwet van 1965 was twee van die belangrikste burgerregtewette in die geskiedenis van Amerika.
 - Die Burgerregtewet van 1964 het diskriminasie in openbare dienste en by die werk verbied. In die daaropvolgende Stemregwet van 1965 het die federale regering die stemreg vir alle swart Amerikaners gewaarborg.
 - 'n Beduidende aantal swart Amerikaners is teen die 1970's tot openbare en private diens oor die suidelike state heen verkies.

Hoewel die VSA steeds nie in praktyk volledige gelykheid vir alle Amerikaners bereik het nie, ten spyte daarvan dat so 'n gelykheid wel in wetgewing bestaan, is die feit dat 'n swart Amerikaner in 2008 as president van die VSA verkies is 'n aanduiding van hoe ver die nasie gekom het om gelyke burger- en konstitusionele regte vir almal te bevorder en beskerm: swart Amerikaners, ander minderheidsgroepe en wit mense.

Gevallestudie 2: Die Swartmagbeweging

Kernvraag: Hoekom het die Swartmagbeweging in die VSA ontstaan en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvan?

Redes vir die Swartmagbeweging

- Die Swartmagbeweging in die VSA is gedurende die burgerregtetydperk in die 1960's gestig.
- Jonger lede van die GSK het meer militant en uitgesproke geraak en gedink King se geweldlose benadering het nie vinnig genoeg sosiale verandering teweeggebring nie.
- Die Swartmagbeweging het swart trots beklemtoon en het 'n oproep gedoen om die stigting van swart politieke en kulturele instellings.
- Talle was selfs ten gunste van segregasie.
- Mense wat geweld as 'n geldige manier beskou het om burgerregte te bekom was in stryd met die hoofstroom-burgerregtebeweging en die twee groepe was antagonisties teenoor mekaar.
- Daar was egter groepe en individue wat aan albei deelgeneem het OMDAT die politieke doelwitte van die Swartmagbeweging dieselfde was as dié van die geweldlose Burgerregtebeweging.

Black Panther-party

Die Black Panther-party is in 1966 gevorm en het 'n kortstondige maar belangrike rol in die Burgerregtebeweging gespeel.

- Dis gevorm om plaaslike gemeenskappe teen polisievreemdheid te beskerm.
- Hulle wou gelykheid in onderrig, behuising, indiensneming en burgerregte hê en het in hul tienpuntplan uiteengesit hoe hulle dit sou bereik.
 - Hulle het 'n oproep gedoen om:
 - vryheid
 - volle indiensneming
 - behoorlike behuising
 - die onderrig van die ware geskiedenis van Amerikaanse swart mense
 - 'n einde aan polisievreemdheid
 - 'n einde aan die moord op swart Amerikaners
 - gratis gesondheidsorg.
 - Hulle het 'n oproep gedoen om:
 - 'n revolusionêre oorlog om hierdie doelwitte te bereik en was bereid om geweld te gebruik om hul sin te kry.

Gemeenskapsprogramme

- Die sosialistiese gemeenskapsprogramme het 'n belangrike rol in die Panther-party se strategie gespeel.
- Hulle het gewys hoe politiek relevant is vir die mense en hoe hulle oor die behoeftes van hul gemeenskappe omgee het.
- Die eerste program was die Gratis Ontbyt vir Kinders-program.
- Hulle het sakemense om skenkings genader en winkels geboikot wat nie wou bydra nie.
- Hulle het in kerksale vir die kinders kos gegee.
- Hulle het ook mediese klinieke gehad.
- Die programme het baie bereik met bitter min hulpbronne.

Militantheid

Die ander kant van die Panther-program was militantheid.

- Hulle het besluit om hul grondwetlike reg uit te oefen en vuurwapens te dra.
- As hulle gesien het dat 'n konstabel 'n swart Amerikaner voorkeer, sou hulle nader staan en met hul vuurwapens oop en bloot toekyk.
- Solank hulle op 'n redelike afstand gebly het, kon die polisie niks doen nie.
- Hulle het nie vir 'n skietery gesoek nie en sou slegs hul vuurwapens vir selfverdediging gebruik.
- Die vuurwapens het 'n groot sielkundige uitwerking gehad omdat die swart Amerikaners bemaagtig gevoel het en die polisie bevrees was.
- Die Black Panther-party se aktiwiteite het onder die aandag gekom van J. Edgar Hoover, die relatief regsgeinde en konserwatiewe hoof van die FBI.
 - Die FBI het in 1967 'n teenintelligensieprogram genaamd Cointelpro gestig.
 - Die doel daarmee was om organisasies wat die FBI as "swart nasionalistiese haatgroepe" beskou het te ontwig en neutraliseer.
 - Cointelpro het die Black Panthers geteiken—dit het sluipmoorde, sielkundige aanvalle en die aanhitsing en opstoking van wantroue behels = draai swart groepe teen mekaar.
 - Die veldtog het die Black Panther vernietig en Stokely Carmichael was vanaf 1971 in ballingskap.
 - Die Black Panthers het op sosialistiese gemeenskapsprogramme en gratis mediese klinieke gefokus.
 - Cointelpro is in 1971 ontbind.

Die rol van leiers in die Swartmagbeweging

Stokely Carmichael

Stokely Carmichael en Willie Ricks was organiseerders binne die GSK en die eerstes wat die begrip swart mag gebruik het.

- Carmichael het aan die geweldlose veldtogte deelgeneem en het 49 dae in die tronk deurgebring omdat hy 'n vryheidsryer was.
- Hy het in 1966 voorsitter van die GSK geword.
 - James Meredith het in 1966 van Memphis na Jackson begin marsjeer in 'n Optog Teen Vrees. Kort daarna het 'n wit sluipskutter hom in die rug geskiet.
 - King en Carmichael het besluit om ter ere van hom met die opmars voort te gaan, maar Carmichael is in Greenwood in hegtenis geneem, die 27ste keer dat dit met hom gebeur het.
 - By sy vrylating het hy 'n swartmag-toespraak gelewer en 'n oproep op alle swart Amerikaners gedoen om te verenig en 'n gemeenskap te bou.
 - Hy het swart Amerikaners opgeroep om hul eie organisasies te begin en het die slagspreuk “Black is beautiful” aangeneem terwyl hy swart trots bevorder het.
 - Hierna het Carmichael vir King en sy geweldlose ideologie begin kritiseer en by die Black Panther-party aangesluit.
 - Hy is as “erepremier” van die party verkies.

Malcolm X

Malcolm X was 'n militante opstandeling en terselfdertyd 'n uitstekende rolmodel. Hy wou positiewe sosiale dienste teweegbring. Die Black Panther-party wou albei hierdie paadjies volg. Dit was die Black Panther se beklemtoning van selfverdediging wat 'n generasie van militante geïnspireer het.

- Malcolm X het vas geglo in selfverdediging wanneer swart Amerikaners onregverdig of onwettig aangeval is.
- Nadat hy uit die tronk gekom het, het Malcolm X die Nasie van Islam, 'n organisasie waarby hy in die tronk aangesluit het, se woordvoerder geword.
- Hoewel hy King se geweldlose benadering verwerp het, het hy hom as leier gerespekteer.
- Hy het in 1964 'n pelgrimstog na Mekka onderneem en het by sy terugkeer 'n weg soortgelyk aan King s'n ingeslaan – die kombinerende van godsdienstige leierskap en politieke optrede.
- Malcolm X was 'n sosialis en die Panthers het sy geloof in werkersklaseenheid oor grense van ras en geslag heen nagevolg.
- Die Panthers het daarom vir internasionale werkersklaseenheid gestry en gesamentlike aksie met wit revolusionêre groepe gesteun.
- Hulle het eendelik tot 'n Marxistiese revolusionêre groep ontwikkel.

Kort- en langtermynsuksesse van die Swart Mag

- Swart Mag het in die laat 1960's baie vinnig gekwyn omdat dit min geld gehad het en omdat die regering King se vreedsame metodes verkies het.
 - Daarom lyk dit asof die Swart Mag baie min vir swart mense bereik het en 'n faktor was in die beëindiging van die Burgerregtebeweging in geheel.
- Hulle het egter iets vir swart mense as geheel bereik:
 - Hulle het probeer om mense in die middestad se ghetto's te help.
 - Hulle het trots en 'n sin vir swart nasionalisme bevorder.
- Malcolm X was belangrik vir die bevordering van baie Amerikaanse swart mense se moreel en was 'n held in die oë van talle jong swart mense in die VSA en die res van die wêreld.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 3 het jy met jou geskiedenisondersoek gefokus op die beantwoording van die volgende kernvraag:

Kernvraag: Watter soorte burgerlike verset het van die 1960's tot die 1990's na vore gekom?

Om hierdie kernvraag te beantwoord, het jy die konsepte hier onder bestudeer.

Eenheid 1 Oorsig van burgerlike verset

In die 1960's en 1970's was daar 'n opwelling van burgerregtebewegings wêreldwyd omdat die beloftes van meer gelykheid en demokrasie wat aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog gemaak is, nooit bewaarheid is nie. Hierdie verset het verskillende vorms aangeneem: vrouebevrydingsbewegings en feministiese bewegings, vredes-, studente-, teenoorlog- en burgerregtebewegings.

Gevallestudie 1 Die Amerikaanse burgerregtebeweging

Die Amerikaanse burgerregtebeweging het uit die Amerikaanse Burgeroorlog ontstaan. Die suide is verslaan, maar was steeds rassisties en segregasionisties, met maatreëls soos die Jim Crow-wette en witheerssugbewegings soos die Ku-Klux Klan. Hoewel daar pogings in die howe was om die burgerregte van Afro-Amerikaners te bevorder, was die Amerikaanse burgerregtebeweging in die 1950's hoofsaaklik massa-versetbewegings wat geweldlose betogings, burgerlike ongehoorsaamheid, veldtogte en optogte gebruik het. Martin Luther King junior het ná die Montgomery-busboikotte (1956) 'n belangrike rol in die Amerikaanse burgerregtebeweging gespeel. Kernegebeure in die Amerikaanse burgerregtebeweging het sitstakings (bv. die Greensboro-sitstaking), optogte (bv. die Selma-Montgomery-optog) en veldtogte (bv. die vryheidsritte, skooldesegregasie in Birmingham en Little Rock in Arkansas) ingesluit. Dit het gelei tot die Burgerregtewet van 1964 en die Stemregwet van 1965.

Gevallestudie 2 Die Swartmagbeweging

Afro-Amerikaanse jong mense was ongeduldig met Martin Luther King se geweldlose aanslag in die stryd om burgerregte. Mense soos Stokely Carmichael en Malcolm X en die Swartmagbeweging en die organisasie Black Panther het gedink verandering gebeur te stadig en was te min. Hulle het ook algehele swart bevryding aangehang en enige soort assimilasie van Afro-Amerikaners in die wit, Westerse Amerikaanse hoofstroomkultuur verwerp. Gevolglik was die Swartmagbeweging militant, met 'n mate van steun onder Afro-Amerikaners, maar die meeste ander mense in die VSA was afgeskrik. Die Black Panther het uiteindelik in 1982 ontbind.

Opsomming en vrae

Vrae

- 1 **Kernvraag: Watter vorme van burgerlike verset het van die 1960's tot die 1990's voorgekom?**
 - 1.1 Waarna verwys die begrip “swinging sixties”?
 - 1.2 Die 1950's en 1960's was dekades van stryd om drie belangrike soorte regte. Noem hulle.
 - 1.3 Skets die vrouebeweging teen apartheid in Suid-Afrika gedurende die 1950's en 1960's.
Noem vyf kernfeite.
 - 1.4 Noem vier vredesbewegings in die 1960's en 1970's.
 - 1.4.1 Waar was hulle gesetel?
 - 1.4.2 Wat was elkeen se hooffokus?
 - 1.5 Noem twee faktore wat die burgerregtebeweging in Afrika in die 1950's beïnvloed het.
- 2 **Kernvraag: Hoekom het die burgerregtebeweging in die VSA begin en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvan?**
 - 2.1 Wat was die Klu Klux Klan?
 - 2.2 Hoekom was daar meer rassediskriminasie teen swart Amerikaners in die suidelike Amerikaanse state as in die noordelike state?
 - 2.3 Wie was die hoofrolspeler in die Amerikaanse burgerregtebeweging?
 - 2.3.1 Wat was die hoofslagspreuk in die stryd om burgerregte in die VSA?
 - 2.3.2 Hoe is hy dood?
 - 2.4 Noem drie soorte verset wat in die burgerregtebeweging in die VSA gebruik is om burgerregte vir swart Amerikaners in die VSA te bekom.
 - 2.5 Watter bydrae het die Little Rock-nege tot burgerregte in die VSA gelewer?
 - 2.6 Wat was die kort- en langtermynsuksesse van die burgerregtebeweging? Noem twee van elk.

Opsomming en vrae

3 Kernvraag: Hoekom het die Swartmagbeweging in die VSA ontstaan en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvans?

- 3.1 Omskryf Swartmag en verduidelik hoekom dit in die 1960's as 'n beweging in die VSA ontstaan het.
- 3.2 Beskryf kortliks die bydrae wat Malcolm X en Stokely Carmichael tot die Swartmagbeweging gelewer het.
- 3.3 Noem die politieke beweging wat uit die Swartmagbeweging ontstaan het.
 - 3.3.1 Wat was die beweging se politieke ideologie?
 - 3.3.2 Wat was die beweging se politieke ideologie?

Eksamen oefen

1 Hoekom het die Swartmagbeweging in die VSA ontstaan en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvans?

- 1.1 Hoekom was die optog in 1965 van Selma na Montgomery in die VSA van spesiale belang in die burgerregtebeweging? Verwys na bron A om die volgende vrae te beantwoord.
 - 1.1.1 Haal bewyse uit die bron aan om aan te dui dat rassese segregasie in die VSA gedurende die 1960's praktyk was. (1 x 2) (2)
 - 1.1.2 Hoekom dink jy het die kieserskorps Martin Luther King junior om hulp gevra? (1 x 2) (2)
 - 1.1.3 Verduidelik hoekom Martin Luther King junior se verklaring "... Ons is nie op ons knieë, smekend om stemreg nie; ons eis stemreg ...", gesteun kan word. (2 x 2) (4)
 - 1.1.4 Hoe het die optrede van Amerikaanse soldate en die televisiedekking waarde tot die burgerregtebeweging toegevoeg? (2 x 2) (4)

Opsomming en vrae

- 1.1.5 Verduidelik in watter mate Rosa Parks die burgerregtebeweging beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 1.1.6 Verduidelik of die optogte 'n keerpunt in die burgerregtebeweging was. (2 x 2) (4)
- [20 punte]**

Bron A

Die uittreksel hier onder uit 'n artikel in National Geographic, Februarie 2000, deur C. Stone illustreer hoe die optogte eindelijk op die aanvaarding van die Wet op Stemreg van 1965 uitgerol het.

Altesame 35 jaar gelede het burgerregteaktiviste uit verset van Selma na Montgomery gemarsjeer. Dit het tot die aanvaarding van die Wet op Stemreg in 1965 gelei. In daardie dae was Selma 'n klein suidelike dorpie met 28 000 inwoners en gesegregeerde skole, behuising, werksplekke, teaters, swembaddens. Soos miljoene swart Amerikaners is dié in Selma die reg om te stem ontnem deur stembelasting, geletterdheidstoetse en ander intimidasietaktieke.

... Die kieserskorps het 'n beroep op Martin Luther King junior gedoen om sy charismatiese slag (sjarmante persoonlikheid) te gebruik. King het in Januarie 1965 'n reeks betogings in Alabama van stapel gestuur. "Ons moet bereid wees om in ons duisende tronk toe te gaan"; "... Ons is nie op ons knieë, smekend vir stemreg nie; ons eis stemreg ..."

Honderde betogers het op Sondag 7 Maart 1965 onder leiding van John Lewis en Hosea Williams van die Suidelike Christelike Leierskapskonferensie (SCLC) met 'n 54 myl- (86 km-) trek begin. By die Edmund Pettus-brug is hulle deur Alabama se soldate gekonfronteer, wat deur goewerneur George Wallace gestuur is, asook deur sheriff Jim Clark en sy assistent. Die marsjeerders het bly staan, al is hulle aangesê om uiteen te gaan ... Clark se manne, sommige van hulle te perd, het ingestorm. 'n Chaos van traangas, sweepslae en knuppelhoue het talle betogers bewusteloos gelaat ... Beelde van swaaiende knuppels wat op televisie uitgesaai is, het in huise oor die hele land ingespoel. Amerikaners was geskok. Ironies genoeg het 'n geweldlose optog gewelddadig in "Bloederige Sondag" geëindig.

... Momentum vir nog 'n optog was aan die opbou. Martin Luther King junior het 2 000 mense op Dinsdag 9 Maart oor die Pettus-brug gelei. Soldate het weer eens die pad versper. King het die marsjeerders laat omdraai en niemand is beseer nie.

Pres. Lyndon Johnson het die volgende week op televisie verskyn om 'n pleidooi te lewer vir wetgewing wat beperkings op swart stemreg verbied.

... Die pad tussen Selma en Montgomery was vir vyf dae, van 21 tot 25 Maart, vol marsjeerders. Meer as 3 000 mense het onder leiding van King uit Selma vertrek. Teen die einde van die optog het die skare wat King regstreeks op nasionale televisie toegesprek het tot meer as 25 000 gegroei. Nog 'n spreker was Rosa Parks, wie se weiering om haar sitplek op 'n Montgomery-bus op te gee, die burgerregtebeweging help aanvuur het.


"Die optog was 'n keerpunt in die beweging," het John Lewis gesê. Kongres het die Wet op Stemreg daardie Augustus aanvaar.

Burgerlike samelewingsverset in Suid-Afrika

Oorsig

Hersien in hierdie onderwerp:

- Suid-Afrika in die 1970's en die 1980's
- die uitdaging van swart bewustheid aan die apartheidsstaat
- die krisis van apartheid in die 1980's.



Suid-Afrika in die 1970's en die 1980's

Kernvraag: Wat was die aard van die apartheidsstaat in die 1970's en die 1980's? Wat was die uitwerking van die aard van apartheid in die 1970's en die 1980's op die bevrydingsbewegings?

Agtergrond

- Die ANC en die PAC was byna 'n dekade lank reeds verbied en die leiers van hierdie partye is gevange gehou of in bannelingskap gedwing.
- Die buitengewone veiligheidswette wat die apartheidsregering ingestel het, het dit onwettig verklaar om enigiets te doen wat dalk beskou kon word as iets wat die saak van die bewegings in bannelingskap bevorder.
- Miljoene swart mense is van plaasgrond verwyder wat in wit mense se besit was. Hulle is na verarmde gebiede bekend as Bantoestans verskuif.
- Swart mense is aanhoudend onderwerp aan pasklopjagte, in hegtenis geneem en opgesluit omdat hulle kleinapartheidswette oortree het.
- Intussen het die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n oplewing beleef met geld van oorsese beleggers wat die land ingestroom het omdat hulle so 'n hoë opbrengs op hul beleggings gekry het. Wit Suid-Afrikaners het meestal by hierdie toedrag van sake baat gevind.
- Apartheid sou egter nie baie lank hou nie – vanaf die vroeë 1970's het nuwe soorte verzet in die land na vore begin kom.
 - Die ANC was in baie lande in Europa, Amerika en Sentraal-Asië gevestig as 'n sterk en legitieme verteenwoordiger van Suid-Afrikaners.
 - Dit het gelei tot die herlewing van burgerlike verzet in Suid-Afrika en die uiteindelijke val van apartheid.

Aard van die apartheidsstaat in die 1970's en die 1980's

Die teorie van apartheidsbeplanning

- Laat 1960's: Grootapartheid
 - Die regering begin om tien landelike selfregerende “stamtuislande” of Bantoestans te vestig.
 - Die plan was dat hulle uiteindelik onafhanklike etniese “nasies” sou word.
 - 87% van die land sou dus Suid-Afrika wees waar slegs wit mense burgers kon wees; die 13% van die land wat oorbly, sou “onafhanklike” lande vir verskillende swart groepe soos Zoeloes, Xhosas, Vendas en dies meer wees. .
 - → Swart mense sou dus GEEN burgerregte in Suid-Afrika hê nie.

In werklikheid kon apartheid egter nooit die stabiliteit, harmonie en welvaart oplewer waarvan die apartheidsbeplanners gedroom het nie, weens 'n paar redes:

- Die landelike Bantoestans was baie arm en kon nooit lewensvatbare nasies word nie.
- Apartheidbeleidsrigtings het in die pad gestaan van dit wat 'n groeiende nywerheidsekonomie die nodigste gehad het: 'n stabiele en opgevoede swart arbeidsmag in die stede wat verbruikers van vervaardigde goedere kon word.
- Swart Suid-Afrikaners sou apartheid nooit vrywillig aanvaar nie. Dit is toenemend op hulle afgedwing deur onderdrukking; daarom het swart verset begin herleef.

Ekonomiese groei en die gevolge daarvan

Aan die einde van die 1960's en in die vroeë 1970's het Suid-Afrika se ekonomie 'n oplewing beleef.

- Groei is deur Britse, Europese en Amerikaanse beleggers gefinansier.
- Kommersiële landbou is gemeganiseer.
- Groot getalle swart mense het na die stede getrek omdat hulle werk gesoek het.
- Onder die paswette is swart mense in hegtenis geneem en teruggestuur na die tuislande.
- Swart families in die tuislande was steeds meestal werkloos.
 - Baie min swart mense het voordeel getrek uit die snelle ekonomiese groei, maar wit Suid-Afrikaners het een van die rykste gemeenskappe ter wêreld geword.

Die onafhanklikheid van die tuislande

- Daar was party van die swart elite in die tuislande wat bereid was om saam te werk met die apartheidsbeleid in ruil vir hoë poste in die tuislandburokrasieë.
- In 1976 het die Transkei, onder leiding van die sogenaamde Xhosa-opperhoof Kaizer Matanzima, die eerste tuisland geword wat onafhanklikheid aanvaar het.
- Die tuislandleiers van Bophuthatswana, die Ciskei en Venda (bekend as die TBVC-lande) het ook in die 1980's hul "onafhanklikheid" aanvaar.

Apartheidsbeleidsrigtings onder die Nasionale Party

- swart mense in aparte etniese en rassegroepe verdeel
- tweetaligheid (Afrikaans en Engels) bevorder omdat dit die amptelike tale was
- die regering uitsluitlik wit nasionale sportspanne en kultuurgeleenthede laat ondersteun
- alle radiostasies en televisiekanale beheer en wit vrees aangewakker
- die regering se propaganda die ANC laat uitbeeld as 'n front vir Sowjetkommunisme.

Verset: In die geheim, in tronke en deur uitgewekenes

In die tien jaar ná die Rivoniasaak in 1964 het die ANC, dié party se leiers en simbole in Suid-Afrika byna verdwyn.

- Buitengewone streng veiligheidswette het beteken dit was onwettig om enigiets te publiseer of om te praat oor enigiets wat met die massaverset van die 1950's te doen gehad het.
 - Nuwe wette het die polisie die mag gegee om mense in hegtenis te neem en sonder verhoor aan te hou.
 - Inperkingsbevele is teen honderde aktiviste verkry, wat beteken het hulle is nie toegelaat om die gebiede te verlaat waar hulle gewoon het nie.
 - Aanhoudende pasklopjagte, inhegtenisnemings en tronkstraf vir die oortreding van kleinapartheidswette het mense geïntimideer.

In hierdie tyd was daar drie verskillende soorte verset:

1

Verset in ballingskap

Die Terrorismewet van 1967

- Die polisie kon ingevolge hierdie wet enigiemand in hegtenis neem, vir 'n onbepaalde tyd aanhou en ondervra sonder om hulle in 'n hof aan te kla as hulle gedink het die persoon het 'n "terreurdade" gepleeg of beplan om een te pleeg, of enigiemand wat hulle gedink het inligting oor sulke dade kon hê.
- Die lys terreurdade was baie wyd en het byvoorbeeld enige daad ingesluit wat vyandigheid tussen swart en wit mense in Suid-Afrika sou bevorder.
- Baie aangehoudenes is gemartel en sommige is gedurende ondervraging doodgemaak, onder wie Steve Biko.

- Die buitelandse leiers van die ANC het stadig maar seker buite Suid-Afrika die ANC begin herbou. Die ANC is in die Westerse wêreld beskou as die regmatige stem van onderdrukte swart Suid-Afrikaners.
- Oliver Tambo, die ANC-leier, het goeie betrekkinge met liberale anti-apartheidsgroepe in Brittanje en Wes-Europa opgebou.
 - Die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) het die steun van die Sowjetunie gekry om in pas onafhanklike Afrika-lande soos Zambië en Tanzanië eenhede van umKhonto weSizwe (MK) te vestig en op te lei.
 - Soortgelyk aan die gewapende vryheidstryd aan die einde van die 1960's in Angola, Mosambiek en Zimbabwe het die ANC ook 'n militêre strategie aanvaar.
 - In 1967 en 1968 het gewapende MK-eenhede saam met eenhede van die Zimbabwe People's Revolution Army (Zipra) in 'n reeks skermutselings met die Rhodesiese veiligheidsmagte geveg.
 - Hoewel die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) die ANC en die Pan Africanist Congress (PAC) ondersteun het, het die PAC 'n splintergroep met 'n basis in Tanzanië gebly.
 - Die gevegte was dalk onsuksesvol, maar dit het getoon dat daar hoop was vir die toekoms van die weerstandsbeweging.

2**Verset in die tronk**

- Die meeste van die swart leiers van die ANC, MK en die PAC is tot lang tronkstraf op Robbeneiland gevonniss.
- Toestande in die tronk was haglik. Hulle is onderwerp aan rassistiese beledigings, hande arbeid in steengroewe en swaar lyfstraf as hulle tronkreëls oortree het. Hulle is soms ook alleen opgesluit, van hul kos ontnem en moes vernederende lyfdeursoeking deurstaan.
- Dit het egter ook gelei tot oorlewingstrategieë by gevangenes wat noodwendig tot beter samehorigheid gelei het.
- Gevangenes het saamgewerk om eetstakings of ander versetoptredes te organiseer wat tot noemenswaardige verbeterings gelei het soos sportgeleenthede, kultuuraktiwiteite, geletterdheidsopleiding en programme vir politieke opvoeding.
- Veral die ANC het daarin geslaag om in die tronk 'n sterk politieke beweging te bly. Toe hulle vrygelaat is, kon individue die aard van die vryheidstryd in hul eie gemeenskappe sterk beïnvloed.

3**Verset in die geheim in Suid-Afrika**

- Die beduidendste politieke beweging wat in die 1960's en die 1970's in Suid-Afrika na vore gekom het, was die Swartbewussynsbeweging (SBB of BCM).
- Daar was ook ander verwickelinge wat later in die 1980's tot die opkoms van die Massa- Demokratiese Beweging sou lei.
- Hoe meer die wit regering die ANC en die Kommunistiese Party gedemoniseer het, hoe meer het hulle in die oë van swart Suid-Afrikaners legitimiteit begin kry.
- Dit was baie duidelik dat die ANC in ballingskap oorleef het en weer besig was om te mobiliseer.

Die keerpunt: middel-1970's

- 1971: 'n Aantal opgeleide MK-aktiviste het Suid-Afrika weer binnegekom en geheime politieke selle begin stig. ANC-pamflette het begin sirkuleer.
- 1973: Te midde van die oliekrisis en ekonomiese resessie was daar 'n hele aantal stakings in daardie jaar.
- 1975: Oorwinnings van gewapende opstande het gelei tot onafhanklikheid in Mosambiek en Angola.
- 1976: Die Soweto-opstand was 'n groot keerpunt in die land se geskiedenis.

Die uitdaging van Swartbewussyn aan die apartheidsstaat

Kernvraag: Op watter maniere het swart bewustheid die apartheidsstaat uitgedaag?

Die oorsprong van Swartbewussyn

Laat 1960's en 1970's: 'n Nuwe generasie jong, swart studente, beroepslui en gemeenskapswerkers het saamgekom. Hulle het dieselfde soort denke gedeel, bekend as "Swartbewussyn". Dit was 'n nuwe swart kultuuridentiteit wat trots, selfgeldend en modern was. Teen 1976 het Swartbewussyn 'n "lewenswyse" geword wat die jeug in skole oor die hele Suid-Afrika gemobiliseer het. Hierdie jong leiers sou in die volgende paar jaar 'n belangrike rol in die herlewing van die ANC speel.

Die aard en doelwitte van Swartbewussyn

In 1968 het 'n groep swart studenteleiers, onder wie Steve Biko, van die nierassige Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (Nusas) weggebreek en die Suid-Afrikaanse Studenteorganisasie (Saso) gestig. Saso het die beweging verklaar tot 'n swart organisasie wat werk vir die bevryding van swart mense in Suid-Afrika op twee vlakke – bevryding van sielkundige en politieke onderdrukking en uitbuiting:

- Swart mense moes eers veg vir sielkundige bevryding, en die enigste manier waarop hulle hul gedagtes kon bevry, was deur alle kontak met wit mense te verbreek en hul eie onafhanklike swart organisasies te vorm
- Swart mense moes hul eie waardestelsel opbou en hulself beskou as selfgedefinieer in plaas van om hulself volgens ander te definieer
- swart mense het mag as 'n samehorige groep.

Die Swartbewussynsbeweging

In 1971 het Saso vergaderings met swart gemeenskappe, kerke, jeug- en kultuur-organisasies gereël om te kyk of hulle 'n verenigde Swartbewussynsbeweging kon stig.

- Party Swartbewussynsleiers soos Steve Biko het gedink swart mense het meer tyd nodig gehad om meer selfvertroue te kry voordat hulle oop en bloot begin organiseer uit verset teen die staat. Maar ander leiers was ongeduldig en in 1971 is die Black People's Convention (BPC) gestig.
- Intussen het letterkunde en joernalistiek oor Swartbewussyn gefloreer. Steve Biko het die redakteur van die BPC se Black Review geword waarin die denkwyses van Swartbewussyn in die openbaar bespreek is. Party koerante, soos die Daily Dispatch (waarvan Donald Woods die redakteur was) in Oos-Londen, het 'n rubriek gepubliseer wat dikwels deur Biko geskryf is.
- Die BPC het egter nie dieselfde diep wortels in die gemeenskap as die verbande ANC gehad nie en kon daarom nie massasteun in die swart gemeenskappe opbou nie. Die meeste van die BPC se lede was studente en lede van Saso.

- In teenstelling was die SBB baie meer suksesvol onder swart hoërskoolleerders omdat hulle aangetrek is deur die militante boodskap en die uitdaging van mag.
- Saso en die BPC het in 1974 'n massabyeenkoms in Durban gereël om Frelimo se oorwinning oor Portugese kolonialisme te vier, in weerwil van 'n regeringsverbod op openbare vergaderings.
- Die polisie het gereageer deur die skare van meer as 5 000 mense aan te val, hulle te slaan en honderde in hegtenis te neem. Nege Saso- en BPC-leiers is maande lank sonder verhoor aangehou. Hulle is uiteindelik ingevolge die Wet op Terrorisme aangekla.



Die regering se siening van Swartbewussyn

- 1973: Biko en sewe ander Swartbewussynsleiers is daardie jaar tot ingeperkte mense verklaar en hulle is gedwing om na afgeleë plekke in die land te verhuis.
- Die regering het beweer die uitdrukking van Swartbewussynsgedagtes in die openbaar is 'n terreurdaad. Regter W.G. Boshoff het dit in sy uitspraak in die Saso-BPC-hofsaak in 1975 bevestig.
- Hy was van mening dat die gedagtes van Swartbewussyn, waarmee klem gelê is op groepsamehorigheid en solidariteit onder swart mense, gevoelens van vyandigheid tussen swart en wit mense aangewakker het en dat dit as 'n terreurdaad beskou kon word.

Die uitdaging van Swartbewussyn aan die staat

- Altesame 18 Swartbewussyns-, media- en kerkorganisasies is in 1977 verban, waar onder Saso, die BPC, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die koerant The World, onder redakteurskap van Percy Qoboza.

Die rol van Steve Biko

Steve Biko is in 1946 in King William's Town in die Oos-Kaap gebore. Nadat hy gematrikuleer het, het hy in 1966 aan die Universiteit van Natal medies gaan studeer.

- Hy het die eerste leier van Saso geword toe hulle in 1968 van Nusas weggebreek het. Hy het geglo Nusas is beheer deur wit liberale wat hulself nie van hul bevoorregte posisie in die samelewing kon losmaak nie.
- Biko was ongetwyfeld die belangrikste Swartbewussynsdenker en -skrywer. Hy was ook die redakteur van die invloedryke swart publikasie Black Review totdat dit in 1973 verbied is. Hy het daarna steeds onder 'n skuilnaam geskryf.
- Dit was Biko se woorde wat baie van Swartbewussyn se hoofgedagtes help vorm het. Hy het die samehorigheidsgees onder Swartbewussynsaktiviste verpersoonlik.
 - Hy het ook weerstand en vreesloosheid verpersoonlik deur te weier dat die owerhede hom intimideer, ongeag wat hulle aan hom gedoen het.
 - As een van die eerste Swartbewussynsleiers wat in 1973 deur die staat ingeperk is, het hy sy inperkingsbevel aanhoudend verontagsaam en die howe gebruik as 'n manier om sy boodskap oor te dra.

- Biko is in Augustus 1977 in Walmer in Port Elizabeth in hegtenis geneem nadat hy in die geheim aktiviste in Kaapstad besoek het. Hy is ingevolge artikel 6 van die Wet op Terrorisme aangehou en is in aanhouding wreed deur die polisie aangerand. Hy het op 12 September in Pretoria aan sy beserings beswyk.

Die Soweto-opstand van 1976 en Swartbewussyn:

- Die South African Students' Movement (SASM) is in die middel 1970's gestig uit verset teen die minderwaardige swart onderwysstelsel in Suid-Afrika.
- Dit is duidelik dat die Swartbewussyn baie leiers in die SASM beïnvloed het en hulle het in aanraking met Swartbewussynsleiers gekom.
- SASM-aktiviste het in Junie 1976 'n kernrol gespeel in die reël van vreedsame optogte in Soweto teen onderrig in Afrikaans.
- Die hewige reaksie van die staat het egter 'n vreedsame betoging in 'n landwye ontploffing van woede en frustrasie deur die jeug verander.
- Die polisie het op skares geskiet en honderde skoolkinders doodgemaak. Studente het gereageer deur skole en staatsgeboue aan die brand te steek.

Soos die slagtings voortgeduur het, het werkers begin organiseer om by die huis te bly ter ondersteuning van die gemeenskap se eise en in opstand teen die wrede onderdrukking deur die staat. Teen 1979 het die stryde van die jeug, die gemeenskappe en fabriekswerkers begin saamvloei.

Nalatenskap van Swartbewussyn in die Suid-Afrikaanse politiek

Die nalatenskap van Swartbewussyn lê nie in die organisasies wat dit geskep het nie, maar in die gedagtes wat dit help vorm het.

- Die inperkingsbevele en aanhoudings in 1977 was die einde van Swartbewussyn as 'n openlike politieke beweging in Suid-Afrika, maar die woede, verset en die simbole het gebly.
- Die Swartbewussynsleiers was ná 1977 verdeel oor watter strategieë om verder te volg.
- Baie van hulle het begin dink dat Swartbewussyn se doel in Suid-Afrika bereik is en dat die beste manier om vorentoe te beweeg was om bande met die ANC te herstel, nie net in die geheim in Suid-Afrika nie, maar ook in ballingskap.
- Baie van die leiers wat in die 1980's weer na vore gekom het in die UDF, die ANC en vakbonde, onder wie Mosiuoa Lekota, Nkosazana Dlamini-Zuma en Cyril Ramaphosa, was aktiviste wat hul politieke tande in die SBB geslyp het.
- Nie alle Swartbewussynsleiers was egter tevrede met die herlewing van die ANC en die nierassigheid van die massa- demokratiese bewegings van die 1980's nie. In 1978 het 'n groep Swartbewussynsleiers die Azanian People's Organisation (Azapo) gestig.
- Teen 1979 het staatsonderdrukking die voorkoms van kalmte in die land herstel. Hierdie keer het hulle egter net aktiviste gedwing om in die geheim te werk. Intussen het die magte van verset nuwe strategieë begin beplan.

Die krisis van apartheid in die 1980s

Kernvraag: Hoe het die apartheidsregering apartheid probeer hervorm in 'n poging om die stelsel te behou? Watter soorte interne en eksterne verset was daar teen apartheid wat gehelp lei het tot die einde van apartheid?

Regeringspogings om apartheid te hervorm

Aan die einde van die 1970's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in krisis. HOEKOM?

Die teenstrydighede van apartheid

Apartheid is ontwerp om swart mense uit "wit" Suid-Afrika te hou MAAR

- teen 1980 het die aard van die ekonomie heeltemal verander.
 - Die snelle groei van die 1960's en vroeë 1970's het 'n moderne nywerheidseconomie tot gevolg gehad wat gegrond was op vervaardiging en gemeganiseerde kommersiële landbou.
 - Groot ondernemings het druk op die regering begin sit om die moeilikste aspekte van apartheid te hervorm. Die regering het begin om die paswette te verslap en in 1986 is dit heeltemal laat vaar.
 - As gevolg hiervan het groot getalle swart mense na die stede getrek. Van 1960 tot 1980 het die stedelike swart bevolking meer as verdubbel en die persentasie swart mense wat in dorpe en stede gewoon het, het van 32% tot 49% gestyg.

Veranderings in Afrikaner-politiek

Apartheid het dit vir Afrikaner-sakelui moontlik gemaak om saam met Engelssprekende en buitelandse maatskappy voordeel uit die ekonomie te trek.

- PW Botha het sakevriendelike beleidsrigtings voorgestaan wat swart werkers en kleinboere vervreem het.
 - Uit vrees om beheer en mag te verloor het die verregse wit Konserwatiewe Party in 1982 afgesplinter van die Nasionale Party omdat hulle enige hervormings van apartheid teengestaan het.

Swart arbeid en gemeenskapsverset

Die groei van swart vakbonde ná die 1973-stakings en die uitbreiding van jeugopstande om ook ouers en werkers in te sluit het die regering tot kommer genoep.

- Woede en desperaatheid het baie Swartbewussynsleiers daartoe gedryf om in die geheim ANC-strukture te vorm en meer as 12 000 jongmense het die land verlaat. Die meeste van hulle het by MK gaan aansluit. Die verset het al hoe meer georganiseerd en revolusionêr geword



Die gewelddadige onderdrukking van die 1970's wat daartoe gelei het dat duisende betogende studente in die strate doodgeskiet is, het skokgolwe deur die hele Suid-Afrika en die wêreld gestuur.

- Die polisie en die weermag kon die opstande van 1976 tot 1979 onder beheer kry, maar dit was baie duidelik dat onderdrukking nooit stabiliteit tot gevolg sou hê nie.


Internasionale verwikkelinge

- Teen 1980 het bevrydingsbewegings koloniale regerings in Angola, Mosambiek en Zimbabwe vervang.
 - Die ANC en MK kon hierdie lande gebruik om Suid-Afrika te infiltreer.
 - Die ANC het die ondersteuning van die kommunistiese blok, veral die Sowjetunie, Oos-Duitsland en Kuba gehad.
 - Uit vrees vir hierdie kommunistiese invloed het Westerse regerings meestal die wit regering in Suid-Afrika ondersteun.
- Onder druk van internasionale anti-apartheidsbewegings het die Weste egter ook begin om ekonomiese sanksies te oorweeg as 'n manier om die Suid-Afrikaanse regering te dwing om te hervorm.
 - Terwyl die meeste regerings geweier het om streng teen die SA regering en die beleidsrigtings in dié land op te tree, het party internasionale burgerlike bewegings wel daarin geslaag, veral met die sportboikot van die 1960's en 1970's.
 - Onder druk van hul burgers het die meeste internasionale sportliggame Suid-Afrika geskors en geweier om spanne met slegs wit spelers te erken. Dit het 'n groot uitwerking op wit Suid-Afrikaners gehad vir wie sport 'n baie belangrike deel van hul identiteit was.

Apartheidstaat se reaksie: Totale strategie

'n Beleidsrigting wat deur weermag-generaals ontwerp is wat eerste minister PW Botha se regering begin oorheers het.

- Die doel daarvan was om apartheid meer aanvaarbaar te maak vir sekere dele van die swart bevolking, maar dit moes terselfdertyd verseker dat politieke en militêre mag steeds in die hande van wit mense bly.
- Die plan was om swart verset te verswak deur 'n mengsel van hervorming en onderdrukking.
- Ná 1979 het die regering, onder leiding van PW Botha, 'n nuwe beleidsrigting aanvaar, bekend as die “totale strategie”. Dit was 'n reaksie op wat die regering beskou het as die “totale aanslag” deur revolusionêre magte van binne en buite die land se grense.



Dit het ingesluit:

- Om die arbeidbeleidsrigtings te hervorm om aan die behoeftes van die nywerheids-ekonomie te voldoen en toestande in swart stedelike gemeenskappe te verbeter.
 - Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982
 - Die driekamergrondwet van 1983.

Die Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982

- Hierdie wet het verkose gemeenskapsrade met administratiewe mag oor plaaslike gemeenskapsake en dienste geskep.
- Die regering het gehoop dat deur aan stedelike swart gebiede 'n mate van beheer oor plaaslike sake te gee hulle sou voldoen aan hul politieke aspirasies en dat hulle nie op nasionale vlak sou aandring op demokratiese regte nie.
- Om vertroue in hierdie rade aan te moedig het die regering ook hulpbronne verskaf om townships op te gradeer vir diegene wat wettig in die stede was, waaronder elektrifisering en behuisingsprogramme.

PLUS Die driekamergrondwet van 1983

In 1983 the government changed the constitution of SA. PW Botha took the position of President with increased executive power over government and the military. In an attempt to win coloured and Indian minorities away from a united movement against apartheid, the 1983 constitution created three separate parliamentary assemblies.

= Tri-cameral parliament

- Volksraad → verkies deur wit mense
- Huis van Verteenwoordigers → verkies deur bruin mense
- Huis van Afgevaardigdes → verkies deur Indiërs.
 - Elke huis het beheer oor die “eie sake” van daardie groep gehad, soos onderwys, behuising en gesondheidsdienste.
 - MAAR
 - die wit Volksraad het die finale seggenskap oor enigiets anders, waaronder die polisie, weermag, binne- en buitelandse sake en die ekonomie, gehad.

Die driekamergrondwet het die illusie geskep dat mag gedeel word, sonder dat die regering beheer laat vaar het. Dit het niemand behalwe die regering self en die wit mense wat die regering gesteun het, oortuig nie.

Groeïende mag van die vakbondbeweging

- Meer as 60 000 swart werkers het in 1973, hoofsaaklik in Durban, deelgeneem aan 160 stakings vir beter lone en werksomstandighede.
- Die Durban-stakings was 'n spontane uitbarsting van werkerwoede oor lae lone, stygende lewenskoste en rassisme van hul werkgewers.
- Sommige sakeleiers en regeringsampsdraers het besef die een of ander soort werkerorganisasie was nodig sodat daar iemand was om mee te praat. Nuwe wetgewing is aanvaar wat swart werkers toegelaat het om vakbonde te skep, solank hulle by die regering geregistreer was en net op probleme in die werksplek sou fokus.
- Die hervormings het ten doel gehad om vakbonde te beheer, maar hulle het eerder 'n ruimte geskep vir werkers om nuwe vaardighede oor onafhanklike organisering te leer.

- Terwyl swart universiteitskampusse oor Swartbewussyn gemobiliseer het, het wit demokratiese studenteorganisasies gehelp om sterk, onafhanklike en nierassige vakbonde te stig.
- Die meeste lede van die onafhanklike vakbonde het in die stede gewoon, maar in 1982 is die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) hervestig en dit het gou 100 000 lede gehad, baie van hulle trekarbeiders wat in die “tuislande” gewoon het.

Politieke alliansies met gemeenskappe en bevrydingsbewegings:

Voor 1984:

- Stakende werkers het ’n beroep op alle vakbonde en gemeenskappe gedoen om die produkte van die maatskappye te boikot.
- Die meeste nuwe vakbonde was versigtig om hoofsaaklik op onderhandelings om lone te fokus en om werksomstandighede vir hul lede te verbeter, eerder as om op politieke kwessies te fokus.
- Ten tyde van gewelddadige polisie-onderdrukking in gemeenskappe het werkers ook in opstand gekom deur van die werk af weg te bly.
 - Regering het meedoënloos opgetree teen vakbondleiers wat hulle gemeen het te “politiees” was. Die meeste van hulle is aangehou en het inperkingsbevele gekry.

Vanaf 1984:

Apartheidsonderdrukking het hoogty gevier. Dit was bloedig en meedoënloos. Die meeste vakbondlede het gedink die vakbonde was sterk genoeg en kon nie meer afsydig teenoor die politieke stryd in hul gemeenskappe staan nie. Dit het gelei tot . . .

- Die bekendstelling van Cosatu
 - Die meeste vakbonde het in 1985 hul mag saamgesnoer met die openbare politieke opstand met die stigting van die Congress of South African Trade Unions (Cosatu).
 - Cosatu is by die UDF geaffilieer en het begin om optredes met die massa-demokratiese beweging te koördineer. Vakbonde het van die doeltreffendste soorte versetbewegings geword.
- Cosatu-optredes
 - Cosatu het die internasionale vakbondbeweging gemobiliseer en ’n beroep op maatskappye gedoen om aan Suid-Afrika te disinvesteer.
 - In die land het Cosatu die UDF se veldtogte vir die vrylating van Mandela en alle politieke gevangenes en die wettiging van die ANC en die SAKP gesteun.
 - In Mei 1986 het Cosatu een van die grootste stakings in Suid-Afrika gereël toe 1,5 miljoen werkers drie dae lank by die huis gebly het. Hulle het geëis dat die regering Meidag, Internasionale Werkersdag, as openbare vakansiedag erken.
- Noodtoestand
 - In hierdie noodtoestand het die regering vir Elijah Barayi, leier van Cosatu, Jay Naidoo, die hoofsekretaris, en 200 ander vakbondamptenare aangehou.
 - Cosatu het egter voortgegaan om ’n belangrike rol in die massa- demokratiese stryd te speel, tot 1990 en daarna.

Reaksie op Botha se hervormings: die UDF

Nuwe soorte organisasies

Die organisasies wat in die onderdrukkende klimaat van die vroeë 1980's na vore gekom het, was plaaslike gemeenskapsorganisasies met plaaslike leiers wat moeiliker in toom gehou kon word as nasionale organisasies, waaronder:

- Jeug- en studente-organisasies: In 1979 is die Congress of South African Students (Cosas) gestig, wat in 1984 by die UDF ingelyf is. Cosas was anders as vorige studente-organisasies in die sin dat hulle doelbewus bande met vakbonde en burgerlike verenigings gevorm het.
- Verkose burgerlike verenigings: Gebrekkige dienste het daartoe gelei dat gemeenskappe alternatiewe plaaslik verkose burgerlike verenigings gevorm het, wat ouers en township-inwoners georganiseer het in veldtogte oor gemeenskapskwessies soos plaaslike regering, huur, munisipale dienste, uitsettings en verskuiwings.
- Spesialebelange- en diensorganisasies: Hierdie groepe is verenig deur hul toewyding aan 'n nierassige, demokratiese samelewing wat menseregte voorgestaan het. Dit het ingesluit vroue-, onderwys- en kinderregte, monitering van onderdrukking, omgewings-, regshulp en teendiensplig-groepe.

Só het die mense van Suid-Afrika hulself in honderde demokratiese gemeenskaps- liggame georganiseer en die staat kon dit nie vernietig deur eenvoudig 'n paar leiers in hegtenis te neem nie.

Die United Democratic Front (1983)

- In Augustus 1983 het meer as 600 jeug-, studente-, kerk-, vroue- en burgerlike groepe en vakbonde in Mitchells Plain naby Kaapstad vergader om die United Democratic Front (UDF) te stig.
 - Die doel was om al die bestaande gemeenskapsorganisasies in 'n breë beweging vir demokrasie te verenig.
 - Dit was nie 'n politieke party nie maar 'n "front" om 'n nierassige, demokratiese regering in Suid-Afrika te vestig.
 - Die voordeel was dat dit nierassig was en openlik kon organiseer, terwyl die ANC in die geheim moes werk.

Nuwe soorte protesoptrede

1 Boikotte

Nuwe UDF-affiliasies het oral in die land opgeskiet en op plaaslike kwessies gefokus. Deur middel van die UDF het hierdie opstande deel geword van nasionale politieke veldtogte.

- Hierdie organisasies se belangrikste wapen was boikotte. Gemeenskappe het dikwels verbruikersboikotte van sekere produkte gehou ter ondersteuning van werkers wat gestaak het in die fabriek waar hierdie produkte vervaardig is.

- Die gevolg van die boikotte was veelvoudig: Dit het ontwrigting in die plaaslike regering veroorsaak, die driekamerstelsel as 'n valsheid ontmasker en ook swart onderwys ernstig ontwrig deurdat jeugorganisasies skole geboikot het in hul opstand teen die minderwaardige swart onderwysstelsel.
- Soos hul selfvertroue toegeneem het, het die UDF se lede-organisasies die ANC se beleidsdokumente, slagspreuke en vryheidstrydsimbole begin aanneem. Die Vryheidsmanifes is deur honderde organisasies aangeneem en is as die grondslag vir 'n nuwe Suid-Afrika beskou.

Swart opposisie teen die UDF

- Inkatha was 'n Zoeloe- kulturele beweging onder leiding van hoofman Mangosuthu Buthelezi.
 - Dit het die grootste steunbasis van al die nie-UDF-organisasies gehad, hoofsaaklik in die tuisland KwaZulu. In die 1980's het dit 'n politieke party, die Inkatha Vryheidsparty (IVP), geword, wat as 'n alternatief vir die UDF en ANC moes dien. Die party het geweld gebruik om beheer oor gemeenskappe te verkry en dit het tot 'n burgeroorlog in KwaZulu gelei
- 'n Belangrike minderheid van swart organisasies:
 - Hoewel baie Swartbewussynsleiers deel van die UDF geword het, het 'n belangrike minderheid van swart organisasies soos Azapo eng toegewyd gebly aan Swartbewustheid en 'n radikale vorm van sosialisme. Hulle het die Nasionale Forum gevorm en die UDF se nierassigheid en toewyding aan die Vryheidsmanifes gekritiseer. Die PAC het hulself met hierdie groep vereenselwig.

2 Opstand

- Teen 1984 het UDF-geaffilieerdes 'n nuwe taal begin praat: Hulle sou sorg dat alle vorms van protes hewiger word en hulself onregeerbaar maak.
- In September 1984, 'n jaar nadat die UDF gestig is, het die polisie op 'n protesoptog teen huur in die Vaaldriehoekse township Sebokeng gevuur. Geweld het in die Vaaldriehoekse townships uitgebars.
- Die regering het 'n noodtoestand in al die onrusgeteisterde gebiede afgekondig. Soldate het die townships beset en Suid-Afrika was weer aan die brand.
- In Januarie 1985 het die ANC-leier, Oliver Tambo, in sy Nuwejaarsboodskap lede weer aangemoedig om Suid-Afrika onregeerbaar te maak.
- In Junie 1986 is die noodtoestand oor die hele land uitgebrei om die Sowetodagvierings te keer wat oral beplan is. Altesame 25 000 aktiviste is aangehou.
- In 1987 is die UDF en baie ander organisasies verbied. Onder die noodtoestand-wette het die polisie en weermag buitengewone mag gehad. Hulle kon bykans enigiets doen om die gewaande krisis te hanteer sonder om aanspreeklik gehou te word.

3 Die front word uitgebrei – die Black Sash en die ECC

Die UDF en lede-organisasies

- Die UDF was toegewyd aan nierassigheid en het wit organisasies verwelkom wat hulle tot demokrasie en menseregte verbind het.
- Een daarvan was die Black Sash.
- Dit was 'n doelbewuste beleid van die UDF om “die vyand van elke steunbasis en elke potensiële bondgenoot te ontnem”.

The Black Sash

- Dit is in 1955 deur Sheena Duncan en ander wit vroue gestig om teen apartheidswette in opstand te kom.
- Black Sash-vrywilligers het ook regsadvieskantore oral in die land gehad, gewelddadige optrede deur die polisie bekend gemaak en gedurende die 1980's steun gebied aan aangehouenes, politieke gevangenes en hul gesinne.

Die End Conscription Campaign (ECC)

- In 1983 het 'n groep gewetensbeswaardes die ECC begin. Daarmee wou hulle jong wit mans aanmoedig om te weier om in die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) te veg. Hulle het geglo die staat gebruik die SAW om teenkanting teen apartheid te onderdruk.
- Die ECC het met die UDF geaffilieer en hulle beywer om 'n teenoorlogkultuur onder wit mense te vestig met behulp van muurskilderwerk, plakkate, T-hemde en musiekkonserte en -feeste.

4 Die Massa- Demokratiese Beweging (MDB)

Nadat die UDF verban is, het mense begin verwys na die MDB. Jay Naidoo, Cosatu se algemene sekretaris, het die MDB in 1989 só beskryf:

- “Die MDB is 'n beweging, nie 'n organisasie nie, wat bestaan uit massagebaseerde organisasies (soos die jeug, werkers, studente, vroue en burgerlikes).
- Dit is die strategiese alliansie tussen Cosatu en die UDF.
- Dit is toegewyd aan nierassigheid, demokratiese praktyke en voetsoolvlak-aanspreeklikheid, die primêre belang van swart leierskap en leierskap van die werkersklas.
- Dit erken dat die ANC kernbelangrik is om 'n oplossing in die land te bereik en word ook verenig deur 'n program van massa-optrede, met die doel om apartheid te vernietig en Suid-Afrika volgens die riglyne van die Vryheidsmanifes te herbou.”

Suid-Afrika word onregeerbaar

Die prys van onregeerbaarheid

Hoewel vordering gemaak is met nierassige opposisie teen die staat, was daar ook negatiewe gevolge.

- Dit alles is bereik ten koste van die swart gemeenskappe en die land. Die onderwysboikotte het veroorsaak dat byna 'n hele geslag swart jeugdiges min of geen onderwys gekry het en dus min kans gehad het om nuttige werk te kry.
- Die huurboikotte het gelei tot die ineenstorting van plaaslike dienste wat burgerlikes en straatkomitees nie voldoende kon onderhou nie. Boikotte het ook 'n weerstandskultuur gekweek teen enige betaling vir dienste soos elektrisiteit, water, vullisverwydering, ens.
- Namate die konflik in gemeenskappe erger geword het (en mense wat met die staat saamgewerk het, aangeval of doodgemaak is), het polisiegeweld ook toegeneem, asook geweld onder jeugdiges teen meelopers.
- Die polisie het groepe trekarbeiders begin bewapen en ondersteun om groepe jeugdiges en vakbondlede aan te val, en die konflik het feitlik in 'n burgeroorlog ontaard.

Hervorming was net een kant van totale strategie. Soos wat die hervormings verwerp is, is die staat algaande gedwing om op onderdrukking staat te maak om die demokratiese beweging te probeer stuit.

Onderdrukking en destabilisering

- In 1985, ná die Vaaldriehoekse opstand, het die staat die eerste van drie noodtoestande aangekondig. Alle openbare byeenkomste is verbied, aktiviste is aangehou, soldate het townships beset en baie organisasies soos Cosas is ook verbied.
- Die algemeenste en doeltreffendste wapen in die staat se onderdrukkingsarsenaal was aanhouding sonder verhoor, wat dikwels die reaksie op burgerlike opstand was. Sommige aktiviste is tot 33 maande lank aangehou sonder dat hulle toegang gehad het tot hul vriende, familielede of selfs regsverteenwoordigers. Hulle het ook lang tydperke in eensame opsluiting deurgebring.
- Daar het 'n patroon ontstaan wat 'n “stelselmatige sluipmoord op die middelvlak van leierskap ingesluit het, nie net van die United Democratic Front nie, maar ook van ander organisasies”.
- Die militarisering van die samelewing
 - Gedurende die 1980's het die wit samelewing gemilitariseer geraak. Alle wit mans was verplig om twee jaar militêre diens te doen. Dit het beteken die regering kon tot 400 000 opgeleide soldate mobiliseer wanneer dit nodig was.
 - In Suid-Afrika het die regering en die weermag gesamentlike bestuursentrums in byna elke swart gemeenskap gevestig, wat dikwels die mislukte gemeenskapsrade oorgeneem het om dienste te verskaf en te probeer steun werf deur townships op te gradeer. Hulle het egter ook polisie- en weermagaktiwiteite gekoördineer, wat tot geweld gelei het.

- Nog meer sinister was die staat se doelbewuste pogings om verdeeldheid in swart gemeenskappe uit te buit deur middel van gewapende vigilante-groepe wat hoofsaaklik uit konserwatiewe trekwerkers bestaan het. Hulle het die townships en landelike gebiede geterroriseer met aanrandings, moorde en die vernietiging van gemeenskappe wat volgens hulle lojaal aan die UDF of die ANC was.

Internasionale reaksie: die internasionale anti-apartheidsbewegings

Die stryd teen apartheid was ook 'n internasionale stryd om geregtigheid en dit is beïnvloed deur:

- Anti-apartheidsbewegings in Westerse lande wat druk uitgeoefen het op hul regerings en private maatskappye om op hul beurt druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas om oor die beëindiging van apartheid te onderhandel: Sport boycotts • Sanctions • Disinvestment.
- Die mense en regerings in die frontliniestate aangrensend aan Suid-Afrika wat steun en beskerming aan bevrydingsbewegings verskaf het, en van wie sommige duur betaal het vir hierdie steun.
 - Die Organisasie vir Afrika-eenheid (OAE) het die ANC en die PAC as die regmatige verteenwoordigers van Suid-Afrika se mense erken. Onafhanklike state soos Botswana, Lesotho, Swaziland en Zambië het toegelaat dat die ANC kantore in hul land open.
 - MK kon militêre basisse nader aan die huis vestig, en hul invalle in Suid-Afrika het gedurende die 1980's geleidelik toegeneem, hoewel dit nooit 'n ernstige militêre bedreiging ingehou het nie.

GEVOLGE

- PW Botha het probeer om 'n “konstellasie van Suider-Afrikaanse State” te skep wat Suid-Afrika goedgesind sou wees. Dit het 'n paar tuislandleiers en konserwatiewe Afrika-leiers ingesluit. Die meeste frontliniestate het geweier om by die apartheidsalliansie aan te sluit.
- Die Suid-Afrikaanse regering het met 'n destabiliseringsbeleid begin – veral in Angola en Mosambiek. Dit het direkte militêre strooptogte en moorde op ANC-lede in frontliniestate ingesluit. Dit het ook opleiding, hulpbronne en steun aan anti-regeringsbewegings behels.
- Ná 1982 het Suid-Afrika militêre strooptogte, sabotasie, sluipmoorde, ontvoerings, bomaanvalle en spioenasie in verskeie frontliniestate van stapel gestuur, wat Mosambiek, Angola, Botswana en Lesotho ingesluit het.

Die begin van die einde

Verskeie faktore het tot die einde van apartheid gelei

- 1 Militêre nederlaag by Cuito Cuanavale, Angola
 - 'n Gesamentlike groep Angolese en Kubaanse magte, ondersteun deur die Kubaanse lugmag, het egter vir 'n groot militêre nederlaag by die dorp Cuito Cuanavale gesorg.
 - Die Suid-Afrikaanse militêre bevel was geskok en het haastig uit Angola onttrek. Suid-Afrikaners het besef hulle is nie so onoorwinlik as wat hulle gedink het nie en die oorlog so ver van hul grense af het elke dag miljoene gekos.
 - Onafhanklikheidsonderhandelinge met Swapo het kort daarna gevolg en in 1989 het Swapo Namibië se eerste demokratiese verkiesing gewen.
 - Die nederlaag by Cuito Cuanavale het die Suid-Afrikaanse regeringslede bemoedig wat onderhandeling as 'n moontlike oplossing gesien het.
- 2 Suid-Afrikaanse ekonomie is in die moeilikheid
 - Teen 1989 was die ekonomie diep in die moeilikheid: Disinvestering en inflasie het groei vertraag; toenemende werkloosheid het tot meer swaarkry en onrus gelei.
 - Die staat kon slegs die koste van apartheid en onderdrukking dek deur op groot skaal te leen.
 - Roekelose regeringsuitgawes, wanbestuur, korrupsie, duur militêre veldtogte, stakings en ander ontwrigtings in die ekonomie het alles daartoe bygedra dat Suid-Afrika op 'n ekonomiese ramp afgestuur het.
- 3 Massaweerstand in die land
 - 'n Landwye veldtog het mense aangemoedig om hulle te verset teen apartheid in woongebiede, dienste, en op strande, busse en treine.
 - Ondanks die verbod het die MDB in 1989 'n eetstaking onder aangehoudenes in tronke oral in Suid-Afrika georganiseer wat daartoe gelei het dat baie vrygelaat is.
 - Verbanne individue en verbode organisasies het eenvoudig die verbod geïgnoreer en weer openlik begin organiseer.
 - Nierassige massabetogings het van die townships na die wit stede verskuif.

Toe FW de Klerk in Augustus 1989 Botha as president vervang het, was die soldate en polisie verdraagsamer tydens die protesoptredes.

Teen die einde van die jaar was daar 'n gevoel dat dinge verander. De Klerk het besef die tuislandstelsel is uitgedien en het die beginsel van magsdeling met swart mense in Suid-Afrika aanvaar.

- 1 Die Harare-verklaring
 - In Desember 1989 is die Harare-verklaring aanvaar op 'n konferensie van 4 600 MDB-lede in Johannesburg. Dit was bekend as die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms.
 - Die beginsels kan só opgesom word: Suid-Afrika sal 'n verenigde, nierassige, demokratiese staat word waar almal gelyke burgerskap het, ongeag ras, kleur, geslag of geloof, en met algemeen erkende menseregte.
 - Dit het die grondslag gevorm vir die onderhandelingsklimaat.

GEVOLGE

- Die verklaring het vereis dat die apartheidsstaat:
 - alle politieke gevangenes vrylaat en geen beperkings op hulle plaas nie
 - alle beperkings op alle verbode organisasies en persone ophef
 - alle soldate uit townships onttrek
 - die noodtoestand beëindig en alle wetgewing skrap wat ingestel is om politieke optrede in te perk
- Alle politieke hofsake en politieke teregstellings staak.
- Die verklaring het ook die pad in die onderhandelingsproses aangedui:
 - Besprekings moes gehou word tussen die bevrydingsbewegings en die Suid-Afrikaanse regime sodat vyandelikheid aan albei kante gestaak kon word deur in te stem tot 'n wedersyds bindende wapenstilstand.
 - Vervolgens sou 'n tussentydse regering gevorm word wat toesig hou oor die opstel en aanvaarding van die nuwe grondwet, wat die beginsels van die Harare-verklaring sou insluit.
 - Daar sou aanvaar word dat alle gewapende vyandelikhede formeel beëindig is.
 - Laastens sou die internasionale gemeenskap alle sanksies teen die staat ophef.
- 2 Besprekings tussen De Klerk en Mandela:
 - De Klerk se besluit om sekere gevangenes van Robbeneiland vry te laat, het Mandela bemoedig, en die twee het oplaas in Desember 1989 vergader om die pad vorentoe te bespreek.
 - Op 2 Februarie 1990 het De Klerk in 'n toespraak in die Suid-Afrikaanse parlement aangekondig dat die verbod op die ANC, die PAC en die SAKP opgehef word en dat Mandela vrygelaat sou word.
 - Dit het op 11 Februarie 1990 gebeur toe Mandela uit die tronk in die Paarl gestap het. Daarna het hy sy ondersteuners op die trappe van die Kaapstadse stadsaal toegesprek.
 - Vervolgens het Mandela en sy vrou, Winnie, oorsee gereis om weer die bande te verstewig met leiers in ballingskap, ondersteuners en weldoeners en om strukture daar te stel vir die verandering op hande.

Mandela se vrylating uit die tronk en die ineenstorting van apartheid het oorwinning gebring vir Suid-Afrikaners wat deel was van die stryd om demokrasie in die land. Dit is belangrik om te besef hoe groot die prys was wat betaal is om dit te bereik.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 4 het jou geskiedenisondersoek op die beantwoording van die volgende kernvraag gefokus:

Kernvraag: Wat was die aard van burgerlike verset ná die 1960's?

Om hierdie kernvraag te beantwoord, het jy die begrippe hier onder bestudeer.

Eenheid 1 Suid-Afrika in die 1970's en die 1980's

Nadat leiers van die ANC en umKhonto weSizwe (die ANC se gewapende vleuel) in 1964 in die Rivonia-verhoor tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is, het georganiseerde swart verset in Suid-Afrika vir byna 'n dekade verdwyn. Die apartheidsstaat het die regering se houvas op mag versterk en dit was moeilik vir swart mense of enigiemand anders wat vrede en demokrasie aangehang het om nie moed op te gee nie. In hierdie klimaat van onderdrukking het wit Suid-Afrikaners aanvanklik gefloreer met goedkoop swart arbeid tot hul beskikking. Met teenkating van die ANC wat in die geheim, in tronke en deur uitgewekenes al hoe sterker na vore gekom het sedert 1976, het die land egter toenemend onregeerbaar en internasionaal geïsoleer geword. Die ekonomie het vinnig begin agteruitgaan.

Eenheid 2 Die uitdaging van swart bewustheid aan die apartheidsstaat

In die laat 1960's en 1970's, terwyl die ANC stadig begin herstel het in ballingskap en in tronke, het 'n nuwe geslag jong swart studente, beroepslui en gemeenskapswerkers in Suid-Afrika begin saamstaan. Hulle het hul uitgedruk in 'n nuwe soort verset-denke en organisering wat as "swart bewustheid" bekend geword het. Onder die bekendste swartbewustheidsleiers was Steve Biko, Barney Pityana en Mamphela Ramphele. Swart jeugdiges in Suid-Afrika is in 'n mate deur swart bewustheid geïnspireer en het ná die Soweto-opstand in 1976 al hoe meer teen die apartheidsregering in opstand gekom. Dit was 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis. Dit het na die meeste sektore van swart gemeenskappe landwyd versprei en uitgeloop op die massa-optrede van die 1980's.

Eenheid 3 Die krisis van apartheid in die 1980's

Terwyl verset en oproer in die vroeë 1980's toeneem het, het die apartheidsregering apartheid probeer hervorm deur byvoorbeeld 'n vorm van semi-outonomie vir stedelike swart mense (Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982) en 'n driekamerparlement (1983) in te stel. Die doel was om apartheid aanvaarbaarder te maak vir swart en bruin mense, asook Indiërs. Hierdie poging tot hervorming het geboemerang omdat dit deur byna almal verwerp is en tot groter konflik en meer betogings gelei het. Die apartheidsregering se reaksie daarop was sterker onderdrukking en die

Opsomming en vrae

afkondiging van verskeie noodtoestande sedert middel 1985 wat die res van die 1980's voortgeduur het. Dit was egter die olie op die vuur wat die UDF (en later die Massa-Demokratiese Beweging) en vakbonde genoop het om 'n reeks versetoptredes, waaronder boikotte, stakings en ander massa-optredes, te organiseer. Daarby het die internasionale gemeenskap, wat deur die apartheidsregering se gewelddadige onderdrukking verontrus is, Suid-Afrika geïsoleer deur middel van sanksies, boikotte en die weerhouding van finansiële steun en investering. Teen 1989 was die land byna onregeerbaar en die ekonomie al hoe vinniger op die afdraande pad. Ingrypende verandering was nodig om die land van algehele instorting te red. Dit het inderdaad gebeur toe F.W. de Klerk in September 1989 president geword en die ANC en ander vryheidsbewegings in Februarie 1990 gewettig en politieke gevangenes vrygelaat het. Dit het die weg gebaan vir 'n onderhandelde skikking vir die land se probleme en 'n demokratiese bestel in 1994.

Opsomming en vrae

Vrae

- 1 Kernvraag: Wat was die aard van die apartheidstaat in die 1970's en 1980's?**
 - 1.1 Hoekom het die apartheidsregering die Bantoestans geskep? Gee drie redes.
 - 1.2 Verduidelik hoe die skep van die Bantoestans apartheid weerspreek het, en gehelp het om die einde van apartheid teweeg te bring.
- 2 Kernvraag: Hoe het die apartheidsregering apartheid probeer hervorm om dit te behou?**
 - 2.1 Die apartheidsregering het apartheid in die vroeë 1980's probeer hervorm.
 - 2.1.1 Hoekom het hulle dit gedoen?
 - 2.1.2 Gee twee voorbeelde van hierdie hervormingspogings.
 - 2.1.3 Was hierdie hervormingspogings geslaagd? Gee redes vir jou antwoord.
- 3 Kernvraag: Watter soorte interne en eksterne weerstand teen apartheid was daar wat tot die einde van apartheid bygedra het?**
 - 3.1 Ná 1984 het die vakbonde meer betrokke geraak by die stryd teen apartheid. Verduidelik kortliks hoekom.
 - 3.2 Sedert die middel-1980's was daar nuwe soorte weerstand teen apartheid.
 - 3.2.1 Noem vier hiervan.
 - 3.2.2 Verduidelik hoekom hierdie nuwe soorte weerstand geslaagd was.
 - 3.3 Wie was die laaste twee presidente van die apartheidsregering in Suid-Afrika?
 - 3.4 Wat was die Harare-verklaring?
 - 3.5 Beskryf watter rol die volgende gespeel het om apartheid te help beëindig:
 - 3.5.1 internasionale sanksies
 - 3.5.2 die Massa- Demokratiese Beweging (MDB)
 - 3.5.3 die Slag van Cuito Cuanavale in Angola.

Opsomming en vrae

Eksamen oefen

- 1 Kernvraag: Op watter maniere het die Swartbewussynsbeweging die apartheidsstaat uitgedaag?
- 1.1 Wat het Steve Biko in 1971 bedoel toe hy gesê het: “Die kragtigste wapen in die hande van die verdrukke is die gedagtes van die verdrukke.” (1 × 3) (3)
- 1.2 Lees die bron op die volgende bladsy en beantwoord die volgende vrae.
- 1.2.1 Wat was die hooforsaak van die Soweto-opstand? (1 × 2) (2)
- 1.2.2 Beskryf die uitwerking wat Swartbewussyn op die Soweto-opstand gehad het. (2 × 2) (4)
- 1.2.3 Verskaf twee redes hoekom die Wes-Randse Bantoe-administrasieraad, drankwinkels en biersale vir hierdie studente “simbole van rassediskriminasie en verdrukking” was. (2 × 2) (4)
- 1.2.4 Wat kan jy uit die bron aflei oor die apartheidspolisie se houding teenoor die Soweto-studente? (2 × 2) (4)
- 1.2.5 Dink jy hierdie bron is bevooroordeel? Gee twee redes om jou standpunt te steun. (1 × 3) (3)

[20 punte]

Opsomming en vrae

Bron A

Op 16 Junie 1976 het 10 000 studente in Soweto, die aparte swart township van Johannesburg, 'n vreedsame betoging gehou . . . die polisie het op die betogers begin skiet en verskeie kinders is dood. 'n Spesiale polisie-eenheid wat opgelei is om stedelike terrorisme te beveg is met helikopters in Soweto ingebring. Hulle het ook traanrook afgegooi. In die daaropvolgende skermutseling tussen die polisie en swart mense, hoofsaaklik studente, is baie mense dood en gewond. Die swart mense het 'n paar geboue vernietig – waaronder die kantore van die Wes-Randse Bantoe-administrasieraad, drankwinkels en biersale – wat vir hulle simbole van rassediskriminasie en verdrukking was.

Ooggetuieverslae . . . het aangedui dat die polisie lukraak op skoolkinders geskiet het. 'n Senior polisiebeampte het aan die media gesê: “Ons het tussen hulle ingeskiet. Dit help nie om oor hul koppe te skiet nie” . . .

Volgens amptelike syfers is 176 mense dood en 1 139 gewond, en baie van hulle was klein kinders. Meer as 1 300 mense is in hegtenis geneem. Daar is rede om te glo die getal is baie groter.


(Bron: “Die spesiale verslag van die spesiale komitee teen apartheid oor die Soweto-slagting en die afloop daarvan”, wat op 3 Augustus 1976 aan die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering voorgelê is.)

Koms van demokrasie na Suid-Afrika

Oorsig

Hersien in hierdie onderwerp:

- die onderhandelde skikking in Suid-Afrika
- die begin van die oplossing, waaronder geheime onderhandelings met die ANC en Kodesa
 - die instorting van onderhandelings, asook die referendum net vir wit mense
 - die hervatting van veelparty-onderhandelings, asook die uitwerking van
 - die moord op Chris Hani en die vasstelling van 'n verkiesingsdatum
- voortslepende geweld in die aanloop tot die verkiesing, waaronder die St. Jameskerk-slagting
- die finale stappe na demokrasie, waaronder die tussentydse grondwet, die handves van menseregte en die Regering van Nasionale Eenheid
- hoe Suid-Afrika besluit het om die verlede te onthou
 - die Waarheids-en-Versoeningskommissie
 - herinneringe aan die verlede: gedenktekens.



Onderhandelde ooreenkoms en 'n Regering van Nasionale Eenheid

Kernvraag: Hoe het Suid-Afrika as 'n demokrasie ontplooi ná die krisis van die 1990's en hoe het Suid-Afrikaners die apartheidsverlede aanvaar en verwerk?

Gebeure wat tot die onderhandelings gelei het

- Teen die 1980's het Suid-Afrika begin wegsink in 'n siklus van politieke geweld en ekonomiese krisis.
- Die opstand het groot gedeeltes van Suid-Afrika onregeerbaar gemaak, en daar was baie negatiewe uitkomstes, waaronder die ontwrigting van swart skole, burgerlike konflik, aanhouding, polisiegeweld en ekonomiese onstabiliteit.
- Daar was ook spanning tussen die twee partye van die politieke stryd:



Wit mense is geïndoktrineer om te glo dat demokrasie 'n kommunistiese swart regering sou beteken wat alles sou wegneem wat hulle besit en hul kultuur en leefwyse sou vernietig, en dat militêre mag die enigste ding was wat hulle daarteen beskerm het. .



Swart mense het nie die regering vertrou nie en was bang dat enige onderhandelings tot 'n skyn-ooreenkoms sou lei wat nie regtig die apartheidstelsel sou verander nie.

- In 1985 het PW Botha aangebied om Nelson Mandela vry te laat op voorwaarde dat die ANC geweld as deel van die stryd sou afsweer. Mandela het egter daarop gereageer deur te sê dat geen onderhandelings kon plaasvind totdat regeringsbeleide (wat as “struikelblokke” beskou is) uit die weg geruim is nie en daar vertroue was dat 'n ware oplossing gekry sou kon word.

Die begin van die oplossing

- In die Pollsmoor-gevangenis het die noodtoestand van 1986 Mandela genooi om 'n vergadering met die regering te versoek.
- Mandela het op sy eie besluit om samesprekings aan te gaan → het nie sy kollegas in die gevangenis of diegene in Lusaka (waar die ANC-leiers in ballingskap was) betrek nie. Hy het gesê:
 - “Daar is tye wanneer 'n leier voor die mense moet uitbeweeg, 'n nuwe rigting moet inslaan, vol vertroue dat hy sy mense op die regte manier lei.” (*Long walk to freedom*, bl. 627) .

Geheime gesprekke: die ANC in ballingskap en met Mandela

Sommige regeringsamptenare en wit sakelui het ná 1987 met geheime vergaderings met ANC-leiers begin.

Volgorde van gebeure

- In Julie het 'n groep van 60 liberale Afrikaner-sakelui en kultuurleiers vir 'n week in Dakar in Senegal met die uitgeweke ANC-leierskorps vergader.
- Daar was sowat 20 sulke vergaderings ná 1987 – meestal in die geheim in hotelkamers in buitelandse stede.
- Dit was nie onderhandelings nie en geen ooreenkomste is gesluit nie. In plaas daarvan het die kante mekaar leer ken en verstaan en 'n klimaat van wedersydse vertroue gebou.

Tussen 1988 en Februarie 1990 het afvaardigings van tot 20 invloedryke leiers aan albei kante op 'n landgoed genaamd Mells Park House in Brittanje vergader om die voorwaardes te bespreek wat sou moes geld vir behoorlike onderhandelings.

- Maar baie leiers aan albei kante was steeds teen die idee van onderhandelings gekant.
 - Strydlustige ANC-leiers soos Mac Maharaj en Chris Hani was besig om 'n nuwe reeks MK-aanvalle teen wit mense te beplan.
 - Wit politieke leiers en die polisie het steeds aan eksklusiewe mag geklou met voortdurend wreder onderdrukking.

Mandela se rol

- 1987: In Pollsmoor het die gesprekke tussen Mandela en die regering daardie jaar stadig gevorder en is begin met die eerste ontmoetings met Kobie Coetsee, minister van Justisie. Van die kritieke sake wat bespreek is, is:
 - die gewapende stryd
 - die ANC se alliansie met die Kommunistiese Party
 - die doelwit van 'n meerderheidsregering
 - die idee van rasseversoening.
- Mei 1988: Mandela het Botha se hoofstrateeg, Niel Barnard, ontmoet → Hulle het 47 keer tussen 1988 en 1990 vergader.
- 1989: Mandela het 'n telefoon gekry om met Oliver Tambo (uitgeweke ANC-president) in Lusaka te praat. Hy is later ook toegelaat om met leiers van die United Democratic Front (UDF) by die Victor Verster-gevangenis buite die Paarl te vergader.
- Julie 1989: Mandela het eindelijk met Botha self vergader.

1989 tot 1991: Die pad na onderhandelings word voorberei

Daar was baie onderhandelings en opbou van verhoudings in 1989, maar min tekens van 'n deurbraak. 'n Paar belangrike gebeure in 1988 en 1989 het 'n nuwe aanslag moontlik gemaak.

- Die destydse Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het 'n nederlaag gely in Angola in die slag van Cuito Cuanavale.
 - Dit het die militêre establishment geruk en dit vir die liberale denkers in die Nasionale Party (NP) moontlik gemaak om sterker te redeneer dat wit mense nie deur die gebruik van mag alleen aan die mag kon bly vasklou nie.
- Die 1980's: Daar was meer ekonomiese sanksies, terwyl internasionale druk baie bankke gedwing het om beleggings in Suid-Afrika te staak.
 - Teen die tyd dat FW de Klerk president geword het, het buitelandse maatskappye vertroue in die Suid-Afrikaanse ekonomie verloor en hul geld uit die land geneem. Die ekonomie was in groot moeilikheid.
- In die begin van 1989 het Botha 'n beroerte-aanval gehad, en die meer liberale NP-leiers kon hom as president verwyder en die invloed van die weermaggeneraals verminder.
 - In 1989 is FW de Klerk tot leier van die NP verkies → was 'n konserwatiewe denker, maar hy het geglo dat hervorming die enigste manier was waarop wit mag behou sou kon word.

Voorbereiding van die wit mense vir onderhandelings

- De Klerk het geglo dat die NP en dié party se swart bondgenote – soos Mangosuthu Buthelezi van die Inkatha Vryheidsparty (IVP) – 'n grondwet kon onderhandel waarin wit mag behou sou word en selfs die ANC in verkiesings sou kon uitdaag.
- Maar die wit mense was toenemend verdeeld:
 - De Klerk het gevrees dat wit leiers van regse bewegings soos Eugène Terre'Blanche van die Afrikaner Weerstandsbeweging (AWB) 'n paramilitêre beweging bedryf het.
 - As hulle hulle by konserwatiewes in die weermag geskaar het, kon hulle binnekort 'n bedreiging vir die NP -hervormers (wat De Klerk gelei het) inhou.
- In 1989 het De Klerk 'n verkiesing aangekondig waarin wit mense gevra is om politieke hervormings te steun – hoewel nie die einde van apartheid nie.
- In hierdie verkiesing het die Nasionale Party 27 setels verloor – baie daarvan aan regsgesinde partye.
 - Dat die liberale Demokratiese Party egter ook setels gewen het, het vir De Klerk 'n aanduiding gegee dat hy op 'n groot gedeelte van die wit bevolking sou kon reken om hervorming te steun.
 - In 1989 was daar ook gewilde revolusies en die ineenstorting van kommunistiese regerings in Oos-Europa en die Sowjetunie wat 'n nuwe ommekeer in die wêreldgeskiedenis teweeggebring het.

Voorbereiding van die liberale beweging vir onderhandelings

DIE PROSES

- Teen Augustus 1989 was dit vir baie mense duidelik dat onderhandelings 'n moontlikheid was.
- Leiers van die ANC en die Massa- Demokratiese Beweging (MDB) moes hul lede oorreed om onderhandelings te steun, maar kon dit net doen as hulle die meeste mense sover kon kry om oor die voorwaardes van 'n onderhandelde ooreenkoms te laat saamstem.
- In Augustus 1989 het die Organisasie van Afrika-eenheid (OAE) die Harare-verklaring oor onderhandelings met die Suid-Afrikaanse regering aanvaar.
- Hierdie dokument, wat deur die ANC opgestel is, het die beginsels uiteengesit waaronder politieke onderhandelings vir die vryheidsbeweging en hul bondgenote aanvaarbaar sou wees. In Desember 1989 is die verklaring deur 4 600 afgevaardigdes op 'n konferensie in Harare van die ANC- en UDF-geaffilieerde organisasies aanvaar.

Wettiging van organisasies

1990: De Klerk het bekend gemaak dat hy 'n belangrike aankondiging by die parlamentsopening op 2 Februarie 1990 sou doen. Sy toespraak, wat die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis verander het, het uitgestippel dat die volgende stappe gedoen sou word:

- Die verbod op die ANC, die PAC, die SAKP en 'n paar verwante organisasies sou opgehef word.
- Mense wat tronkstraf uitgedien het bloot omdat hulle lid van een van hierdie organisasies was, sou vrygelaat word.
- Die noodmaatreëls vir die media en die onderwys sou saam met die beperkings ingevolge noodmaatreëls op 33 organisasies opgehef word.
- Die tydperk van aanhouding ingevolge sekerheidsnoodmaatreëls sou tot ses maande beperk word.
- Die regering het 'n vaste besluit geneem om Nelson Mandela onvoorwaardelik vry te laat.

Mandela is op die dag van sy vrylating na die Parade in Kaapstad geneem, waar hy 'n ontroeflike toespraak voorgelees het wat die leiers van die MDB opgestel het.

- Dit het Suid-Afrikaners se behoefte beklemtoon om gelei te word deur “ 'n liggaam wat demokraties op 'n nierassige grondslag verkies is”.

Vrylating van politieke gevangenes en Mandela

- Die regering het reeds in 1989 sommige politieke gevangenes soos Govan Mbeki en Ahmed Kathrada as 'n teken van welwillendheid vrygelaat.
- Die meeste ander politieke gevangenes is in die twee weke ná 2 Februarie vrygelaat.
- Mandela is op 11 Februarie 1990 vrygelaat.

Debatte oor onderhandelings en struikelblokke

Suid-Afrika was op 'n nuwe pad. Daar was geen omdraaikans nie, maar daar was struikelblokke wat oorbrug moes word voordat onderhandelings oor die toekoms kon begin.

- Daar was eerstens wetlike struikelblokke:
 - Die regering het baie diskriminerende wette en onderdrukkende sekerheidsregulasies herroep. Uitgeweke ANC- en SAKP-leiers (Joe Slovo, Chris Hani en ander) het teruggekeer.
 - 4 Mei 1990: Die eerste amptelike vergadering is in De Klerk se presidentswoning, Groote Schuur, gehou tussen 'n regeringsafvaardiging en 'n groep ANC-leiers wat uit ballingskap teruggekeer het en MDB-leiers.
 - Die leiers het hulle verbind tot die skep van omstandighede wat gunstig sou wees vir vreedsame onderhandelings. Hul ooreenkoms is in die “Groote Schuur-minuut” vervat.

Die opskorting van die gewapende stryd deur die ANC

Een van die grootste struikelblokke vanuit die regering se oogpunt was dat die ANC geweier het om die gewapende stryd in die openbaar op te skort.

- MK-lede soos die leier, Ronnie Kasrils, het nie die De Klerk-regering vertrou nie en was onseker van die regering se ware bedoelings.
- Nog 'n groot struikelblok was die voortslepende geweld in die Randse townships tussen stedelike inwoners wat die ANC gesteun het en trekwerkers wat die IVP gesteun en in hostelle gewoon het.
 - Die week voor die Pretoria-vergadering op 22 Julie 1990 het 'n gewapende groep IVP-ondersteuners inwoners van Sebokeng aangeval en 30 mense doodgemaak, meestal ANC-ondersteuners.
- Die regering sowel as die ANC het besef dat hulle vinnig moes speel – op hul vergadering in Pretoria het die regering die beginsel van demokrasie aanvaar en die ANC het die gewapende stryd eensydig opgehef.

Die rol van die arbeidsbeweging in onderhandelings:

Nadat vakbonde in 1979 in Suid-Afrika gewettig is, is die Federation of South African Trade Unions (Fosatu) en die Council of Unions of SA (Cusa) in 1980 gestig. Vakbonde het in die 1980's 'n kernrol begin speel om vir werkers se regte op te kom.



- Cyril Ramaphosa was in 1982 een van die stigterslede van die Nasionale Unie van Mynwerkers (NUM) en het die eerste hoofsekretaris geword. Hy het in hierdie posgebly tot Junie 1991, toe hy sekretaris-generaal van die ANC geword het.
- Kleiner vakbonde het in 1983 by die UDF aangesluit om op 'n meer gekoördineerde manier vir hervorming te werk.
 - NUM het van Cusa weggebreek en in 1985 is Cosatu gestig. Dit het gegroei tot 'n sterk sambreelorganisasie vir verskillende unies.

- Nadat die SAKP, die ANC, die UDF en die PAC in 1990 gewettig is, het vakbonde en burgerlike organisasies by die onderhandelings betrokke geraak, maar hulle het hulle meestal by gevestigde politieke partye geskaar.
 - Cosatu het in Mei 1990 by die ANC en die SAKP aangesluit in 'n formele drieparty-alliansie en aangedring op gelykheid vir werkers, beter basiese werksomstandighede en regverdige arbeidspraktyke. Hierna het die lidmaatskap van Cosatu sterk gegroei.
- Cosatu se vernaamste mededingers was die National Council of Trade Unions (Nactu), 'n vakbond met slegs swart lede, wat in 1986 gestig is, en die United Workers' Union of South Africa (Uwusa), wat by die IVP geaffilieer was.
 - In Julie 1990 het vakbonde soos Cosatu en die UDF die ANC se beroep om uitgebreide massa-optrede gesteun en drie miljoen werkers het van die werk weggebly.
- In Augustus 1990 het Maharaj 'n verklaring uitgereik waarin hy vra vir die vrylating van Cosatu-leiers wat in hegtenis geneem is, en dat die geweld moet eindig.
- Dit is in September 1990 opgevolg toe leiers van die ANC, die UDF en Cosatu met De Klerk vergader en gevra het:
 - dat stappe gedoen word om die geweld in Suid-Afrika te beëindig.
 - Die vakbonde het op 14 September 1991 ingestem tot die Nasionale Vredesverdrag.
 - Vakbondverteenwoordigers was saam as lede van politieke groeperings by die onderhandelingsproses betrokke.
- In Mei 1992, toe Kodesa II doodgeloop het, het Cosatu saam met die ANC:
 - gevra vir 'n week lange algemene staking
 - geëis dat 'n tussentydse regering ingestel word, dat die mag onmiddellik aan die mense oorgedra word en dat 'n vrye en regverdige verkiesing gehou word om 'n grondwetgewende vergadering tot stand te bring.
 - Op 3 Augustus 1992 is daar met 'n week lange massa-optrede begin om die oorgang na 'n meerderheidsregering te probeer afdwing.
- Ramaphosa (NUM) en Roelf Meyer (NP) en hul onderskeie spanne het belangrike rolle gespeel in die onderhandelingsproses en was van kernbelang in die bereiking van 'n skikking toe gesprekke doodgeloop het, en ook in die totstandbring van die veelparty-onderhandelingsforum op 1 April 1993.

Hul rol in die nuwe Suid-Afrika ná 1994:

- Baie van die vakbondleiers is in poste in die administrasie en politieke raamwerk opgeneem. Ramaphosa het byvoorbeeld 'n parlamentslid geword.
- Die drieparty-alliansie is uitgedaag deurdat die GNU wegbeweeg het van 'n sosialistiese staat na een met 'n gemengde ekonomie.
- Cosatu het voortgegaan in die stryd om vir werkers se regte te baklei. Dit het die vakbond by tye in konflik met die ANC-regering gebring.

Wat was Kodesa I?

Kodeas I


- In Desember 1991 het meer as 400 verteenwoordigers van 17 politieke partye byeengekom by die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika, of Kodesa I.
- Die onderhandelings het nie goed begin nie. De Klerk het in sy openingsrede 'n striemende aanval op die ANC gedoen.
- De Klerk het te kenne gegee dat die ANC nie vertrou kon word om oor vrede te onderhandel as hulle nie umKhonto weSizwe (MK) ontbind nie.
- Nelson Mandela was woedend en het verklaar dat De Klerk die hoof van 'n minderheidsregering was en min begrip gehad het vir wat demokrasie beteken.



Uit hierdie vergadering was dit duidelik dat dit baie sou verg om die volgende ses maande te oorkom. Vyf werksgroepe is egter saamgestel en ses maande tyd gegee om voorstelle te doen wat deur die tweede vergadering van Kodesa, wat vir Mei 1992 beplan is, bekragtig sou word.

Teen Mei 1992 was die ANC en die regering nog ver van 'n ooreenkoms:

Die ANC en hul vennote het 'n grondwet geëis wat op 'n meerderheidsregering in 'n verenigde nasiestaat gegrond is.



Die NP was nog nie gereed om dit te aanvaar nie en het op "magsdeling" aangedring wat aan minderhede die mag sou gee om enige besluit vir baie jare in die toekoms te veto.

Uitkoms: Kodesa het 'n dooiepunt bereik en die partye het verdaag om informele besprekings te hou om te kyk of die verskille oorbrug kon word.

Geweld in die 1990's en debatte oor geweld

- Kodesa het nie die geweld beëindig nie.
- In die lig van aanvalle deur IVP-ondersteuners, wat deur die polisie ondersteun is, het township-inwoners “selfverdedigingseenhede” gevorm en teruggeveg.
- Geweld in die townships en plattelandse gebiede in KwaZulu-Natal het soos die groepe mekaar aangeval het, buite beheer geraak.
- Rassemoorde deur ekstremistiese regse groepe het tot die klimaat van vrees bygedra.
- Die voortslepende geweld in 1991 en 1992 het groot stremming op die onderhandelinge geplaas.
- Die ANC het die regering herhaaldelik versoek om die dra van tradisionele wapens deur IVP-ondersteuners in die openbaar te verbied (die IVP het daarop aangedring dat dit ’n belangrike deel van hul tradisionele Zoeloe-kultuur was). Die regering het die kant van hul vennoot, die IVP, gekies.

Opskorting van onderhandelinge

- Die aand van 17 Julie 1992 het IVP-ondersteuners vanuit hul hostelle die informele ANC-ondersteunde nedersetting Boipatong aangeval.
- Inwoners het gesê die polisie was ook betrokke. Dit is later in verhore deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) bevestig.
- Die nasie het in woede uitgebars teen die optrede. Die ANC het alle onderhandelinge met die regering verbreek en dit van medepligtigheid beskuldig.

Kodesa opgeskort

Daar was vir bykans ’n jaar geen verdere onderhandelinge nie. Die ANC het probeer om saam met Cosatu die woede in ’n nasionale veldtog van rollende massa-aksie saam te snoer.

- = Openbare konfrontasie
 - Die ANC en Cosatu het in die openbaar mense gemobiliseer om druk op die regering te plaas om van hul aandrang op ’n minderheidsveto afstand te doen en om op te tree om geweld stop te sit.
 - Rollende massa-aksie het stakings en grootskaalse openbare protes teen die regering en die tuislandregerings ingesluit.
 - Vroeg in Augustus is ’n nasionale staking uitgeroep en Mandela het 50 000 protesgangers na die Uniegebou gelei.

Die “slegs blankes”-referendum

De Klerk het om twee redes besluit om ’n referendum vir wit kiesers uit te roep:

- Hy het nie die ondersteuning van alle lede van sy party vir die onderhandelinge gehad nie.
- Nou het baie van hulle ’n beroep op hom gedoen om die onderhandelinge te staak.
 - Dit was ’n groot dobbelspel:
 - As die wit mense teen hervorming sou stem, sou alles wat hy probeer het, verlore wees. Maar as hulle daarvoor gestem het, sou sy besluit geregverdig wees en hom ’n volle mandaat gee om met die onderhandelinge voort te gaan.

- Op 7 September het 70 000 ANC-lede na Bisho (nou Bhisho), die hoofstad van die Ciskei, opgeruk en daarop aangedring dat dit weer by Suid-Afrika geïnkorporeer word. Soldate van die Ciskei het op die protesgangers geskiet en 28 is dood.
- Spanning het daartoe gelei dat De Klerk en Mandela vyandige briewe oor die noodsaaklikheid van die beeëindiging van die geweld gewissel het.

Onderhandelinge agter die skerm

- Hoewel formele gesprekke tussen die regering en die ANC opgeskort is, het Ramaphosa (NUM) en Meyer (NP) tussen Junie en September 1992 meer as 40 keer in die geheim vergader om oor die hervatting van die gesprekke te probeer onderhandel.
- Die dooiepunt in die onderhandelinge tussen die regering en die ANC het die ekonomie benadeel en geweld het gedreig om die land uitmekaar te skeur.
- Albei kante moes hul ondersteuners daarop voorberei om ernstige kompromieë aan te gaan.
- Die ANC het aanvaar dat die een of ander vorm van magsdeling vir 'n vaste tydperk ná die verkiesing nodig was. Hulle het die beginsel van “sonsondergang-klousules” bespreek, maar het dit nie toe al openbaar gemaak nie.

Wat is besluit?

- Ná 'n jaar se interne debat het die NP hul aandrang op duidelike minderheidsveto's laat vaar en besef dat Afrikaners beter beskerm sou word deur 'n liberale demokratiese grondwet met beperkte magsdeling vir die eerste paar jaar.
- Hulle het ook aanvaar dat die alliansie met die IVP 'n hindernis was op pad na die hervatting van onderhandelinge.

Die sonsondergangklousule en die Memorandum van Verstandhouding:

- Binne byna 'n jaar het Meyer en sy vennote daarin geslaag om die ander lede van die NP te oortuig om die hele beginsel van 'n volle demokratiese regering te aanvaar.
- In ruil daarvoor het die ANC ingestem dat daar beperkte magsdeling in 'n regering van nasionale eenheid (RNE) sou wees.
- Hulle het ook ingestem tot 'n sonsondergang-klousule, voorgestel deur Joe Slovo, dat die werk van wit amptenare in die regering vir vyf jaar gewaarborg sou word.
- Die regering het stilweg hul ondersteuning van die IVP laat vaar.

Ingevolge die Memorandum van Verstandhouding is ingestem dat:

- 'n demokraties verkose grondwetlike liggaam as oorgangsregering van nasionale eenheid sou funksioneer
- die meeste oorblywende politieke gevangenes vrygelaat sou word
- hostelle wat met geweld vereenselwig word, omhein en streng gepolisieer sou word
- die dra van wapens in die openbaar verbied is
- die reg op vreedsame massa-aksie bevestig is.

Veelparty-onderhandelings hervat

- Vir die volgende ses maande, van September 1992 tot April 1993, het die regering en die ANC aan bilaterale “bosberade” deelgeneem.
- Op hierdie vergaderings is op die meeste van die belangrikste punte ooreengekom, maar hulle moes steeds onderhandel en goedgekeur word op ’n amptelike onderhandelingsforum wat 19 van Suid-Afrika se belangrikste politieke groepe en partye ingesluit het.
- Die onderhandelingsforum is vir die begin van April 1993 by die Wêreldhandelsentrum naby die Johannesburgse lughawe beplan.
- Maar daar was steeds terugslae: Die IVP, konserwatiewe en regse wit mense en die oorblywende Bantoestan-leiers van die Ciskei en Bophuthatswana was steeds hewig gekant teen die grondwet wat besig was om vorm aan te neem.

Moord op Chris Hani

- Chris Hani, sekretaris-generaal van die SAKP en voormalige MK-stafhoof, is op 10 April 1993 deur ’n Poolse immigrant (wat later as deel van ’n regse sameswering ontbloot is) doodgeskiet net toe die onderhandelingsforum op dreef begin kom het.
- Die land het hulle reg gemaak vir ’n vlag van geweld en weerwraak, maar die lang tradisie van nierassigheid in die demokratiese beweging het stewig bly staan (herbevestig in ’n toespraak deur Mandela wat op nasionale televisie uitgesaai is).

Die St James-slagting en massa-moord in die Heidelberg-taverne

Dit was nie net die regse wit mense en die IVP wat teen die onderhandelinge gekant was nie:

- Op 25 Julie 1993 het vier kaders van die Azanian People’s Liberation Army (Apla) ’n gemeente in die St James-kerk in Kenilworth, Kaapstad, aangeval en talle mense is doodgemaak en gewond.
- In Desember het mense met wapens vier wit mense in die Heidelberg-taverne in Kaapstad doodgeskiet.

Die aanvallers het in 1998 amnestie by die WVK gekry, waar hulle getuig het dat hulle net opdragte uitgevoer en alle wit mense as wettige teikens beskou het.

Datum vir verkiesing bepaal

Hierdie gebeure het dit net moeiliker gemaak om tydens die onderhandelinge ’n ooreenkoms te bereik.

- Met hierdie nuwe gees van dringendheid het die onderhandelingsforum die datum vir Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing vir binne ’n jaar bepaal: 27 April 1994.
- Die onderhandelingsforum het begin om aan ’n tussentydse grondwet te werk waarvolgens die eerste verkiesings gehou sou word.
- Dit het ook ’n Onafhanklike Verkiesingskommissie gestig, ’n onafhanklike media-kommissie en ’n uitvoerende oorgangsraad wat die land tot by die verkiesing sou regeer.

Wat was die Vryheidsalliansie?

- Diegene wat teen die Tussentydse Grondwet gekant was, het saamgekom en hulself die Vryheidsalliansie genoem.
- Lidmaatskap het die apartheid-tuislandleiers Lucas Mangope van Bophuthatswana, Oupa Gqozo van die Ciskei en Mangosuthu Buthelezi van KwaZulu ingesluit, en konserwatiewe Afrikaner-leiers wat deur generaal Constand Viljoen en die verregse AWB onder aanvoering van Eugène Terre'Blanche gelei is.
- Hulle het geweet dat hulle geen politieke ondersteuning op nasionale vlak sou kry nie en het dus 'n federale stelsel geëis met die hoop om mag in sterk provinsiale regerings te behou.
- Die regse Afrikaners het 'n onafhanklike "volkstaat" geëis en die IVP het groot soewereiniteit vir die Zoeloe-koninkryk geëis. Hulle het dit duidelik gemaak dat hulle die verkiesing sou boikot as daar nie aan hul eise gehoor gegee word nie.

Die Tussentydse Grondwet en die Handves van Regte

1

- Om die dooiepunt te verbreek het die Onderhandelingsforum die gedagte dat almal moes saamstem voordat 'n klousule aangeneem word (absolute konsensus), laat vaar.

2

- Hulle het nou op die beginsel van "voldoende konsensus" gewerk → wat beteken het dat as die groot meerderheid van afgevaardigdes saamstem, 'n klousule in die oorgangsgrondwet aanvaar kon word.

3

- Veelparty-onderhandelings het voortgegaan terwyl afgevaardigdes oor die bepalinge van die tussentydse grondwet en oorgangsproses onderhandel het. 'n Tussentydse grondwet en Handves van Regte is eindelijk op 18 November 1993 aanvaar.

Die finale pad na demokrasie

Oor die volgende paar maande was daar desperate pogings om die Vryheidsalliansie te oorreed om hul teenkanting teen die verkiesing te laat vaar. Sommige toegewings is gemaak, maar nie genoeg om hulle tevrede te stel nie.

- Voortslepende geweld: die val van Bophuthatswana en die Ciskei en die skiet van IVP-betogers in Johannesburg:
 - Die nuwe jaar 1994 het aangebreek sonder enige teken van 'n ooreenkoms met die Vryheidsalliansie.
 - Die publiek was besorg dat die Suid-Afrikaanse Weermag die tuislandleiers en die Afrikaner-regtervleuel sou ondersteun.

- Ses weke voor die beplande verkiesing het hoofman Lucas Mangope generaal Constand Viljoen gevra om gewapende manskappe te stuur om hom teen 'n moontlike opstand in Bophuthatswana te beskerm.
- Viljoen het voortgegaan en 4 000 gewapende mans gemobiliseer.
- Maar die AWB onder leierskap van Terre'Blanche het ook daar aangekom en die esktrernistiese rassistiese wit mense het die dorp binnegery en omstanders geskiet.
- Die weermag van Bophuthatswana het teen Mangope gedraai en die wit mense wat die gebied beset het, is gedwing om te onttrek.

Uitkomst

- Die "onafhanklike" tuisland van Bophuthatswana het nie meer bestaan nie.
- Die tuislandregering van die Ciskei het kort daarna tot 'n val gekom.
- Constand Viljoen, leier van baie konserwatiewe Afrikaners, het die opsie van militêre optrede laat vaar en 'n politieke party, die Vryheidsfront, geregistreer om aan die verkiesing deel te neem.
- Dit het gelyk of die bedreiging van militêre weerstand deur die regtervleuel verby was.
 - Die enigste betekenisvolle party wat steeds die verkiesing teengestaan het, was die IVP.



Die posisie van die IVP:

- 'n Maand voor die beplande verkiesing het duisende IVP-ondersteuners met hul rooi serpe, skilde en spiese deur Sentraal-Johannesburg gemarsjeer om teen die verkiesing beswaar te maak.
 - Buite die ANC se hoofkwartier (Shell House) het ANC-veiligheidswagte IVP-betogers geskiet, blykbaar uit selfverdediging, maar dit is bevraagteken.
 - Dit het gelyk asof die hoop op 'n vrye verkiesing in KZN verdel is.
 - 'n Week voor die verkiesingsdatum het die IVP egter skielik besluit om deel te neem
 - → miljoene plakkers is inderhaas gedruk en op die stembriewe geplak..

Verkiesings en die RNE

Baie mense het verwag dat 27 April 1994, toe Suid-Afrikaners vir die eerste ten volle demokratiese verkiesing in die land se geskiedenis na die stembusse gegaan het, 'n dag van geweld sou wees.

- Die teenoorgestelde het egter gebeur. Die grootste meerderheid Suid-Afrikaanse burgers het geduldig in 'n gees van viering en eenheid in lang toue gestaan om vir hul verteenwoordigers te stem wat die land moet regeer.

- Daar was egter bewerings dat met die stemmery geknoei is en van stembusse vol stembriewe, veral uit die landelike stempunte van KwaZulu-Natal en elders.
- Dit het beteken dat die uitslae van die verkiesing vertraag is..
- Drie dae voordat die finale uitslae uiteindelik bekend gemaak is, het FW de Klerk toegegee dat die ANC die verkiesing gewen het. Mandela het in belang van vrede aanvaar dat die IVP in Natal geseëvier het.

In die gees van kompromieë is 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE) gevorm met Mandela as president en FW de Klerk en Thabo Mbeki as twee adjunkpresidente en ses NP-kabinetsministers as deel van die kabinet van 30 lede.

- Die eerste groot opdrag van die nuwe demokratiese parlement was om 'n nuwe grondwet op te stel.
- Daar was twee kompromieë oor die besonderhede van klousules, maar daar was aanvaarding oor die meeste fundamentele beginsels in die grondwet.
 - Teen die middel-1990's het die meeste Suid-Afrikaners begin besef dat hul regte die beste beskerm sou word deur 'n grondwet wat die regte van alle burgers en kulture beskerm – en geen groep anders behandel het nie.
- Vandag word Suid-Afrika se Grondwet as een van die mees progressiewe en liberale grondwette ter wêreld beskou → dit beskerm die regte van individuele burgers en voorkom misbruik van mag deur enige regering.
 - Maar die eintlike taak van die transformering en die heropbou van die land het toe pas begin.

Hoe verkies Suid-Afrika om die verlede te onthou?


Kernvraag: Waarom het Suid-Afrika die Waarheids-en-Versoeningskommissie gekies en hoe word die stryd teen apartheid onthou?

Watter verskillende maniere van geregtigheid kan gebruik word om 'n verdeelde verlede te verwerk?

Hersiening:

Die brutale apartheidstelsel het die siviele en menseregte van die meerderheid Suid-Afrikaners geskend. Die aanhoudings en marteling van die 1960's en 1970's het gelei tot die ontvoering, marteling, mishandeling en moord van die 1980's. Suid-Afrikaners het voor die volgende vraag te staan gekom:

- Wat is die beste manier om die gewelddadige verlede te verwerk?
 - Twee moontlikhede het na vore gekom met die oorweging van geregtigheid wat die verlede betref:



Die roete van herstellende geregtigheid deur die WVK was 'n manier om die verlede te verwerk en sodoende alle Suid-Afrikaners op die pad na 'n meer stabiele, ordentlike en vreedsame toekoms te plaas.

Die WVK

Die redes vir en die oorsprong van die WVK

- Die idee vir die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) is die eerste keer deur die ANC geopper:
 - Ná die wettiging van die vryheidsorganisasies is die ANC gekonfronteer met beskuldigings van die menseregteskendings in hul opleidingskampe in Tanzanië en ander dele van Suider-Afrika.
 - 'n Interne ondersoek is gedoen en daar is bevestig dat menseregteskendings in die ANC-kampe plaasgevind het.
 - Die ANC se nasionale uitvoerende komitee (NUK) het die bevindings aanvaar, maar het besluit dat hierdie skendings gesien moes word in die lig van die algehele menseregteskendings wat oor dekades in Suid-Afrika gepleeg is.
- In plaas daarvan dat die ANC dus algemene amnestie vir hulself verlang het, het hulle 'n onafhanklike waarheidskommissie aangevra sodat almal verantwoordbaar sou wees vir die verlede. .

Die opsies wat Suid-Afrikaners in die gesig gestaar

- **algehele amnestie**, wat nie aanvaarbaar vir strafregtelike verhore was nie
- **strafregtelike vervolgings** cwat sou beteken dat die ANC nie sou kon staatmaak op die apartheidsregering se sekerheidsmagte om 'n vreedsame verkiesing en oorgang tot demokrasie te verseker nie. (Hierdie sekerheidsmagte was steeds sterk en was nodig in die nuwe staat.)
 - Daar is dus besluit om die WVK in die lewe te roep.

Wat was die WVK?

Dit was in beginsel 'n politieke kompromie in belang van nasionale versoening.

- Dit het openbare verhore behels, wat dit vir Suid-Afrikaners onmoontlik gemaak het om die gruweldade te ontken wat die staat in hul naam uitgevoer het.
- Die openbare verhore het ook die proses begin om verantwoordelikheid vir die verlede te aanvaar, asook 'n verbintenis verseker dat dit nooit weer sou gebeur nie.
 - Die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995 het die WVK, wat hierdie proses sou moes bewerkstellig, in die lewe geroep.
 - Die voorsitter was aartsbiskop Desmond Tutu, wat deur 17 kommissarisse bygestaan is.
 - Dit was die wêreld se eerste waarheidskommissie wat openbare verhore van slagoffers en oortreders gehou het en wat hul bevindings ná die proses gepubliseer het.

Verhore (wat vroeg in 1996 begin het) is in gemeenskapsale van stede en klein dorpies gehou, dikwels in die townships waar die geweld plaasgevind het en waar die slagoffers en hul gesinne gewoon het

- Die verhore is in al die amptelike landstale oor die radio en op televisie uitgesaai.

Wat is die WVK-wet?

Dit het die raamwerk voorsien vir die drie voorvereistes waaraan voldoen moes word vir amnestie:

- Aansoekers moes 'n algehele en ware onthulling maak van die gebeure en handeling rondom die geweldsdaad waarvoor aansoek om amnestie gedoen word.
- Die aansoekers moes bewys dat hulle 'n politieke beweegrede gehad het.
- Die daad kon nie buite verhouding met die politieke doel wees nie. Met ander woorde, amnestie sou nie toegeken word aan iemand wat moord gepleeg het weens 'n politieke meningsverskil nie.

Die rol van die WVK

- om so volledig as moontlik 'n prentjie saam te stel van die menseregteskendings wat tussen 1960 en 1993 aan alle kante plaasgevind het
- om die getuienis van slagoffers en oortreders aan te hoor
- om amnestie van vervolging of siviele regsaksie aan oortreders te verleen, waar daar volle onthulling en 'n duidelike politieke beweegrede was
- om voorstelle te doen oor hoe slagoffers kompensasië kon ontvang.

Spesiale verhore: Spesiale verhore is onder meer gehou vir: tronke, vroue, kinders, die Buro vir Staatsveiligheid, die weermag en die polisie, die verskillende politieke partye, die media, die mediese beroep en godsdiensgemeenskappe.

Die WVK het drie komitees gehad:

- komitee oor menseregteskendings: om die openbare getuienis aan te hoor deur slagoffers van brutale skending van menseregte
- amnestiekomitee: kon onder sekere omstandighede amnestie van vervolging verleen
- komitee oor herstelbetalings en rehabilitasie: wat sake ondersoek, ondersteuning verleen en vergoeding aan slagoffers toegeken het.

Die verhore

- Gedurende die eerste ses maande het die WVK getuienis van slagoffers aangehoor.
- Die taak van die komitee oor menseregteskendings was om gevalle te ondersoek wat tussen 1960 en 1994 plaasgevind het, gegrond op die verklarings wat deur slagoffers en hul gesinne teenoor die WVK afgelê is.
- As slagoffers van growwe skending van menseregte geïdentifiseer is, is hulle na die komitee vir herstelbetalings en rehabilitasie verwys.
- Die verhore is uitgevoer deur 'n groep kommissarisse wat deur die land gereis het om getuienis aan te hoor van diegene wie se menseregte geskend is en om inligting in te samel oor die gruweldade wat gepleeg is. Dit was nie 'n geregshof nie.

Die verhore oor menseregteskendings

- Hierdie verhore het op 16 April 1996 in die Oos-Londense stadsaal begin.
- Die verhore is in gemeenskapsale oor die hele Suid-Afrika gehou. Voor elke verhoor het getuies met die personeel van die kommissie byeengekom om geskrewe verklarings af te lê.
- Wit Suid-Afrikaners wat vir die apartheidsregering gestem het, is vir die eerste keer gekonfronteer met die misdade wat in hul naam gepleeg is.
- Slegs 'n gedeelte van die slagoffers kon inderwaarheid in die openbare verhore verskyn. Hul deelname was in 'n mate simbolies.
- Die WVK het elke slagoffer se pyn in die openbaar erken en vir baie was die feit dat hulle hul stories kon vertel die begin van 'n proses van genesing en afsluiting. In verskeie gevalle het slagoffers in die openbaar diegene wat teenoor hulle oortree het, vergewe.

Die verhore van die amnestiekomitee

- Amnestieverhore is volgens 'n regsproses uitgevoer. Die amnestiekomitee het uit regters, advokate en prokureurs bestaan.
- Anders as in die verhore vir die skending van menseregte was getuies, slagoffers en aansoekers geregtig op regsverteenvoording.
- Alle getuienis is ook getoets deur kruisondervraging en die amnestiekomitee was in staat om getuies te dagvaar.
- Die belangrikste funksie van die amnestiekomitee was om te verseker dat aansoeke om amnestie ingevolge die voorwaardes van die WVK-wet uitgevoer word.
- Om amnestie te verkry vir 'n wet beteken dat 'n oortreder nie vervolg sou word nie.
- As iemand amnestie geweier is, sou hulle egter vervolg word.

Die komitee vir herstelbetalings en rehabilitasie

- Hierdie komitee is die taak gegee om 'n stelsel van vergoeding aan te beveel vir slagoffers van die regering.
- Hulle het ook ondersteuning aan slagoffers verleen om te verseker dat die waarheidskommissieproses die waardigheid van slagoffers sou herstel.
- 'n Presidentsfonds, wat deur die parlement en deur private bydraes gefinansier is, is tot stand gebring om dringende tydelike vergoedings aan slagoffers uit te betaal ingevolge die regulasies voorgeskryf deur die president.

Uitkomstes van die WVK

- Die WVK het 'n beperkte leeftyd van twee jaar gehad.
- Die grootste doel was om die onthulling van die waarheid aan te moedig.
- In hul poging om 'n “beeld van die verlede” saam te stel het die WVK te staan gekom voor die probleem van hoe om die “subjektiewe waarhede” van die pynlike ondervindings en herinneringe van slagoffers van menseregteskendings te verifieer, terwyl hulle terselfdertyd 'n gepas objektiewe en gesaghebbende weergawe van die apartheidsverlede daarstel.

- Een van die belangrikste kwessies van die WVK-verhore was dat dit in die openbaar gehou is. Almal het daagliks die pyn en lyding aanskou wat apartheid teenoor mede-Suid-Afrikaners veroorsaak het

Hoofbevindinge van die WVK

Die finale verslag wat aan die einde van Oktober 1998 aan pres. Nelson Mandela oorhandig is, is saamgevat in vyf bundels wat oor growwe menseregteskendings handel. Dit het die volgende ingesluit:

- Apartheid is veroordeel as 'n misdaad teen die mensdom.
- Daar is bevind dat die Nasionale Party-regering van PW Botha verantwoordelik was vir moord, marteling, brandstigting, onvoering en sabotasie.
- Daar is ook bevind dat die vryheidsbewegings skuldig was aan ernstige menseregteskendings.
- Die verslag het ook De Klerk se regering gekritiseer vir derdemag-aktiwiteite wat die onderhandelings voor 1994 probeer ontwrig het.
- Die ANC is gekritiseer vir die burgerlike ongevallen in MK-operasies: die marteling en teregstellings in bannelingskampe en die gebruik van geweld teen teenstanders.
- Laastens het die verslag bevind dat die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel skade aangedoen is deur apartheid en dat heling nodig was.

Debat: Daar is reeds 'n geruime tyd debatvoering oor of die WVK suksesvol was en hoe dit verbeter sou kon word.

Positiewe kenmerke: Die WVK as 'n instrument van versoening

- Die WVK-proses het wel die doel gedien om die euwels van apartheid te konfronteer, wat bewerkstellig het dat die oorgang van apartheid na 'n demokrasie op 'n vreedsame, geweldlose manier plaasgevind het.
- Die media het 'n belangrike rol in hierdie proses gespeel.
 - Die openbare verhore, wat die getuienis van slagoffers en oortreders ingesluit het, is daagliks op TV en oor die radio uitgesaai.
 - Het verseker dat Suid-Afrikaners nie hul gewelddadige verlede kon ontken nie.
- Om die stories te vertel en om die getuienis te hoor was 'n katarsiese belewenis, wat 'n proses van vergifnis en heling tussen die slagoffers en die oortreders aan die gang gesit het.
 - Dit het ook afsluiting gebring aan gesinne wat geliefdes verloor het.
 - Vir 'n paar het dit 'n intense skuldgevoel en grondige selfondersoek teweeg gebring.
- Maar vele wit mense het die WVK as 'n heksejag beskryf en die komitee daarvan beskuldig dat hulle gevoelens van haat stook, wat versoening onmoontlik sou maak.
 - Die WVK het egter, in die geheel gesien, oor die waarheid verslag gelewer, wat die nasie in staat gestel het om aan te beweeg.

Amnestievoorwaardes en probleme met amnestie

Die aanbied van amnestie in ruil vir volle en ware onthulling het morele en geregtelike kwessies na vore gebring:

- Amnestie vir marteling word verbied deur 'n internasionale verdrag, wat Suid-Afrika in 1993 onderteken het. Vele het daarom bevraagteken of oortreders in 'n gereghof verhoor moes word.
- Vele Suid-Afrikaners het gevoel dat amnestie vir mense wat growwe skending van menseregte in die apartheidsera gepleeg het, moreel ongeregig was, terwyl ander aanvaar het dat dit die prys was wat Suid-Afrika moes betaal om 'n vreedsame oorgang na demokrasie te verseker.
- Hoewel daar afsluiting was vir sommige, het sommige mense woedend geraak wanneer hulle gesien het hoe amnestie aan skuldiges verleen is en hulle skotvry daarvan afgekom het.
- Dit het 'n probleem geskep dat vele van die hoofleiers van apartheid nie aansoek gedoen het om amnestie nie en geweier het om verantwoordelikheid te aanvaar vir die wandade van apartheid. Vele het geglo dat die amnestiekomitee hul mag moes gebruik het om hierdie mense te dagvaar om te verseker dat hulle voor die WVK verskyn.



- Die WVK-proses het die bevoordeeldes van die apartheidsstelsel in staat gestel om hulself as slagoffers van die stelsel te sien en om te sê hulle het nie geweet wat besig was om te gebeur toe hulle die Nasionale Party ingestem het nie.

Vergoeding

Die komitee oor herstelbetalings en rehabilitasie het twee voorstelle gedoen:

- Dringende tussentydse verligting vir slagoffers. Dit is in 'n mate toegepas.
- Teen die einde van die WVK se termyn moes elke slagoffer geldelike vergoeding by die regering ontvang het.

In die jare sedert die einde van die WVK-proses het slagoffers steeds nie hierdie vergoeding ontvang nie.

- Die regering het erken dit was 'n mislukking, dat daar geen meganismes ingestel is om slagoffers by te staan nie.
 - Die model van herstellende geregtigheid is as gevolg hiervan ernstig bevraagteken.

Reaksies van politieke partye op die WVK en die finale verslag

NP & ANC:

- Al twee hierdie partye was ontevrede met die finale WVK-verslag en het die publikasie daarvan probeer keer.

Oudpres. FW de Klerk:

- Hy het 'n dringende aansoek by die Kaapse Hooggeregshof gebring om die insluiting van die bevindings teen hom in die verslag te verbied. Dit is op die laaste oomblik verwyder.

Die IVP:

- Die WVK se bevindings oor die IVP is ook verwerp: Hoofman Mangosuthu Buthelezi het die bevindings in die verslag verwerp wat hom verantwoordelik gehou het vir dade van growwe skending van menseregte.

Die ANC-appèl:

- Die ANC het beswaar aangeteken teen die risiko dat die vryheidstryd strafbaar gemaak kon word en het appèl aangeteken in die howe om die oorhandiging van die verslag aan pres. Mandela stop te sit. Die oorhandiging het egter voortgegaan.

Slotsom:

- Alle foute in ag genome was die WVK 'n noodsaaklike proses vir die vreedsame oorgang van Suid-Afrika en word dit hoog aangeslaan as model oor die wêreld heen.
 - Deur die waarheid te erken oor die wandade van die verlede is die waardigheid en identiteit van duisende slagoffers help herstel.
- Dit was vir Suid-Afrika noodsaaklik om die verlede te verwerk sodat vorentoe beweeg kon word. Die WVK het die versoeningsproses aan die gang gesit.

Hoe word die stryd teen apartheid onthou?

Ná die einde van apartheid is Suid-Afrika in die gesig gestaar deur die kwessie van hoe die vryheidstryd onthou sou word.



Die vraag was ook in 'n meerdere mate hoe versoening bewerkstellig kon word met die metodes waarmee die vryheidstryd onthou en herdenk sou word.



'n Onderliggende spanning:

- = 'n Monument of 'n gedenksteen is 'n blik op die verlede en kan nie die hele storie vertel nie:
 - → Een kant of perspektief oorheers as die “waarheid”.
 - Daarom, wanneer jy enige monument of gedenksteen besoek, moet jy die volgende vrae vra:
 - Watter deel van die storie word vertel?
 - Wie se storie word vertel?
 - Wie se mening en waardes word weergegee?
 - Watter deel van die storie is uitgelaat?

Kan erfenis en die oprig van gedenkstene tot versoening en nasiebou bydra?

Nasionale en plaaslike monumente of gedenkstene is opgerig om die stryd teen apartheid te onthou en om versoening teweeg te bring.

Nasionale monumente

Vryheidspark:

- Dit is 'n belangrike voorbeeld van 'n nasionale monument wat konflik uit die verlede gedenk.
- Die park is naby Pretoria geleë, gebou ná die einde van apartheid en geopen vir die publiek in Desember 2007.
- Suid-Afrika se geskiedenis en die waardes van menswaardigheid, regte en vryheid word uitgedruk deur die simboliese elemente waaruit die reis deur Vryheidspark bestaan.
- Een van die elemente, die Muur van Name, bevat die name van diegene wat gesterf het in agt konflikte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis: van pre-koloniale oorloë tot die vryheidstryd. Dit sluit slawerny, die grensoorloë, die Suid-Afrikaanse Oorlog en die Wêreldoorloë in.

Die uitsluiting en weglating van name op die Muur van Name

- Daar is besluit om die name van wit soldate wat in die Grensoorlog gesterf het weg te laat omdat hulle namens die apartheidsregering geveg het.
- Die probleem hiermee is dat vele dit beskou as 'n eensydige, subjektiewe weergawe van die geskiedenis.
- As gevolg hiervan voel vele wit mans in Suid-Afrika seergemaak dat hul opofferings en diens as dienspligtige soldate wat teen die vyand van daardie tyd geveg het, nie erken word nie.
- Uiteindelik is die gedenking van oorlog en oorlogshelde 'n politieke proses wat die interpretasie van die geskiedenis en ondervindinge behels.
- 'n Muur met 2000 name van SAW-soldate is opgerig naby 'n 1979-gedenkteken van 'n SAW-soldaat by Fort Klapperkop (op 'n heuwel naby Vryheidspark).
- Hierdie terrein het egter nie voldoende erkenning in die Suid-Afrika ná 1994 geniet nie.

Plaaslike monumente

Die Thokoza-monument:

- In teenstelling met Vryheidspark is dit 'n voorbeeld van 'n plaaslike monument; dis in Oktober 1999 geopen.
- Dit was 'n gemeenskapsprojek en bring twee opponente van die vroeëre konflik bymekaar deur al die slagoffers van die konflik (van die IVP en die ANC) te gedenk.
- Tussen 1990 en 1994 was Khumalostraat in die Thokoza-township 'n slagveld in die geweld wat tussen die IVP en die ANC uitbreek het.
- Ná die algemene verkiesing van 1994 is redelike stabiliteit na Thokoza gebring; die verhoudinge tussen die IVP en die ANC het begin verbeter en die idee vir 'n gedenkteken het begin ontwikkel.
- Meer as 28 organisasies het hulle tot die projek verbind; die terrein wat vir die monument gekies is, was op Khumalostraat tussen die stadion en die jeugsentrum.
- Die monument gedenk almal wat in die politieke geweld gesterf het om sodoende nie die verlede te herhaal nie.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 5 het jou geskiedenisondersoek gefokus op die beantwoording van die volgende kernvraag:

Kernvraag: Hoe het Suid-Afrika na vore gekom as 'n demokrasie ná die krisis van die 1990's, en hoe het Suid-Afrikaners die apartheidsverlede aanvaar en verwerk?

Om hierdie kernvraag te beantwoord, het jy die begrippe hier onder bestudeer.

Eenheid 1 Onderhandelde skikking en die Regering van Nasionale Eenheid (RNE)

Die onderhandelde skikking en die RNE het begin by geheime gesprekke tussen die ANC in ballingskap en besorgde Afrikanerleiers. Albei kante het besef dat nie een die stryd kon “wen” nie en dat een of ander soort onderhandelde skikking nodig was. Hierdie geheime gesprekke is later uitgebrei om Nelson Mandela (toe nog in die tronk) en lede van die apartheidsregering, onder wie P. W. Botha, in te sluit. Toe F. W. de Klerk by P. W. Botha oorgeneem het as staatspresident, het hy die ANC en ander organisasies gewettig, politieke gevangenes, onder wie Nelson Mandela, vrygelaat en alle belangstellende partye na gesprekke genooi oor wat gedoen kon word om 'n vreedsame skikking in Suid-Afrika te bereik. Gevolglik is die eerste amptelike vergadering tussen 'n regeringsafvaardiging en 'n afvaardiging van ANC-leiers en leiers van die MDM op 4 Mei 1990 in pres. De Klerk se woning, Groote Schuur, gehou. Hulle het 'n ooreenkoms bereik wat in die Groote Schuur-Minuut vervat is.

Die pad na 'n ooreenkoms oor 'n tussentydse grondwet ingevolge waarvan die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994 gehou is, was ingewikkeld en vol probleme, waaronder die moord op Chris Hani, geweld deur die “derde mag”, die AWB-inval van die Wêreldhandelsentrum waar die Veelpartyonderhandelingsforum (wat gegroei het uit Kodesa I en II) vergader het, die St. Jameskerk- en Shell House-slagting en die inval in Bophuthatswana. Desondanks is 'n tussentydse grondwet en 'n handves van menseregte op 18 November 1993 aanvaar en Suid-Afrika het vyf maande later 'n demokrasie geword, met Nelson Mandela as die eerste demokraties verkose president.

Eenheid 2 Hoe het Suid-Afrika besluit om die verlede te onthou?

Ná die koms van demokrasie moes Suid-Afrika dink aan maniere om die letsels van die verlede reg te stel – nie net as gevolg van die gruwelike misbruik van menseregte weens die apartheidstelsel nie, maar ook as gevolg van die geweld wat aan albei kante van die stryd teen apartheid gepleeg is. Om hierdie rede het Suid-Afrika die Waarheids-en-Versoeningskommissie ingestel (ingevolge die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995). Die land het 'n stelsel van herstellende geregtigheid

Opsomming en vrae

gebruik om oortreders en slagoffers van geweld te help om bymekaar te kom, en deur herstelbetalings en amnestie te werk vir vergifnis, afsluiting en versoening. Hoewel die WVK baie suksesvol was as 'n orgaan wat versoening op individuele vlak bevorder het, het dit nie daarin geslaag om die misbruik van apartheid op 'n strukturele vlak behoorlik te hanteer nie, en baie apartheidsregeringsleiers wat vir die inwerkingstelling en handhawing van apartheid verantwoordelik was, het nie voor die WVK verskyn nie.

Nog 'n post-apartheidskwessie wat opgelos moes word, was hoe die land apartheid en die stryd daarteen sou verwerk. Dit was nodig om 'n manier te vind om diegene te vereer wat opofferings gemaak het om vir almal in die land vryheid te bring en almal te herinner aan hul gemeenskaplike lot, beskerm deur 'n grondwet wat almal se menseregte waarborg. Monumente en gedenktekens, soos Vryheidspark en die Thokozamonument, is gevolglik opgerig, hoewel hulle nie sonder omstredenheid was nie omdat verskillende groepe die verlede anders onthou.

Opsomming en vrae

Vrae

- 1 Wie was die voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) en uit hoeveel kommissarisse het die kommissie bestaan?
- 2 Noem die drie afdelings of vertakings van die WVK en lys twee funksies van elkeen.
- 3 Vier groepe het besware teen die bevindings van die WVK gehad.
 - 3.1 Wie was hierdie groepe?
 - 3.2 Wat was die hoofbeswaar van elke groep?
- 4 EVerduidelik die belang van die monument wat ná 1994 by die V&A-waterfront in Kaapstad opgerig is en Nkosi Albert Luthuli, emeritus aartsbiskop Desmond Tutu en die gewese presidente Nelson Mandela en FW de Klerk uitbeeld.

Eksamen oefen

- 1 Watter rol het die WVK gespeel in die verwerking van Suid-Afrika se verlede?
Gebruik bronne A, B, C en D en beantwoord die volgende vrae.
 - 1.1 Gebruik bron A.
 - 1.1.1 Wat was die hoofdoel van die WVK? (1 x 2) (2)
 - 1.1.2 Verduidelik wat die skrywer genoop het om die volgende stelling te maak: “Baie Afrikane wat onder apartheid gely het, moes dit moeilik gevind het om te verstaan.” (2 x 2) (4)
 - 1.1.3 Waarom dink jy was die WVK van altyd af “bestem om omstrede te wees”? (1 x 2) (2)
 - 1.2 Bestudeer bron B.
 - 1.2.1 Watter boodskap dra die spotprent oor? (1 x 2) (2)
 - 1.2.2 Verduidelik of die kunstenaar die werk van die WVK akkuraat uitbeeld. (2 x 2) (4)
 - 1.2.3 Verduidelik in watter mate jy met Tutu se stelling saamstem: “Julle moes dié gesien het wat weggekom het . . .” (2 x 2) (4)

Opsomming en vrae

1.3 Verwys na bron C.

1.3.1 Verduidelik hoe swart en wit Suid-Afrikaners die werk van die WVK beskou het. Gebruik die statistieke in die bron om jou antwoord te motiveer. (2 x 2) (4)

1.3.2 Lewer kommentaar of hierdie bron waarde toevoeg tot 'n geskiedkundige se begrip van die WVK. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na bron D.

1.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die WVK 'n sukses was. (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik waarom jy dink dat Tutu dankbaar was teenoor die duisende Suid-Afrikaners wat voor die WVK verskyn het. (2 x 2) (4)

1.4.3 Oor watter TWEE dinge is Tutu spyt wat betref die onafgehandelde sake van die WVK? (2 x 1) (2)

1.4.4 Verduidelik of Tutu se verwoording van hierdie twee dinge waaroor hy spyt is, geregverdig was. (2 x 3) (6)

1.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent 10 reëls (ongeveer 100 woorde) en verduidelik die uitwerking wat die WVK op Suid-Afrika gehad het. (10)

[50 punte]

Bron A


Die uittreksel hier onder is uit *Truth Justice Memory*, saamgestel in 2008 deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening. Dit verduidelik die doel van die WVK.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) ... was altyd bestem om kontroversieel te wees. Dit was ook helend, nie net vir diegene wat voor die kommissie verskyn het nie, maar ook vir ander wat die verrigtinge gevolg het. Dit was nie oor geregtigheid nie – hoewel baie Suid-Afrikaners wat onder apartheid gely het, dit moeilik moes vind om te verstaan – maar oor versoening deur mense te oorreed om hul misdade teen hul medemens te erken.

Opsomming en vrae

Bron B

Hierdie is 'n spotprent deur Zapiro wat op 2 Augustus 1998 in die *Sunday Times* verskyn het. Dit beeld die amnestieproses van die WVK uit. Geneem uit *Truth and reconciliation in South Africa: 10 years on* deur Fanie du Toit.



2 August 1998

Opsomming en vrae

Bron C

Hierdie bron is die resultaat van 'n opname van die menings van 3 727 lukraak gekose, gewone Suid-Afrikaners wat in 2000 en 2001 uitgevoer is. Geneem uit *The truth about truth and reconciliation in South Africa* deur James L. Gibson.

Enorme rasseverskille bestaan in hoe mense die WVK beoordeel, met uiterstes as wit en swart mense. Terwyl ruweg driekwart van swart Suid-Afrikaners die werk van die WVK goedkeur, voel slegs 'n bietjie meer as 'n derde van wit mense dieselfde. Bruin respondente het redelik negatiewe menings oor die WVK, hoewel hulle nie so krities is soos die wit mense nie, terwyl Asiatiese respondente neig om redelik positief te wees, maar nie so gunstig soos die swart mense nie. Die taak waarvoor die WVK die beste beoordeling ontvang het, was die hulp wat hulle aan gesinne verleen het om vas te stel wat met hul geliefdes gebeur het: om die waarheid oor die verlede te ontbloot. Die meeste Suid-Afrikaners van elke ras stem saam dat die WVK hulle goed van hul taak gekwyt het wat hierdie funksie betref. Die negatiefste beoordeling van die waarheids-en-versoeningsproses het te make met vergoeding, hoewel die meerderheid swart en Asiatiese Suid-Afrikaners die WVK, selfs oor hierdie moeilike kwessie, positief beoordeel het. Oor die algemeen blyk dit dat swart mense positief teenoor alle aspekte van die werk van die WVK is, terwyl wit mense byna al die werk van die WVK negatief beoordeel.

Bron D

Die volgende uittreksel is uit 'n voorwoord deur emeritus aartsbiskop Desmond Tutu. Geneem uit die verslag oor die Waarheids-en-Versoeningskommissie van Suid-Afrika.

“Ons is diep dankbaar teenoor die duisende Suid-Afrikaners wat na die kommissie gekom het om hul stories aan ons te vertel. Hulle het die bewondering van die wêreld vir ons land gewen: waar 'n mens ook al gaan, word daar amper met ontsag gepraat oor Suid-Afrika se vreedsame oorgang na demokrasie, wat 'n hoogtepunt bereik het in die waarheids-en-versoeningsproses, as 'n verskynsel wat uniek is in die annale van die geskiedenis, en wat as 'n nuwe manier van leef vir die mensdom aanbeveel kan word. Dit spyt my dat by

Opsomming en vrae

hierdie skrywe ons so baie aan vergoeding skuld aan diegene wat as slagoffers verklaar is. Die heling van diegene wat na ons gekom het, hang af van hul ontvangs van meer substansiële vergoeding en ek sal diep ontsteld wees as ons land diegene in die steek laat wat die grootmoedigheid en die groothartigheid van gees gehad het om hul pyn in die openbaar te ontbloot.

“Ek doen ’n beroep op die regering dat ons hierdie ernstige verpligting en verantwoordelikheid nakom, en ek wil graag my dankbaarheid uitspreek dat die minister van finansies dit duidelik gemaak het dat hy steeds die vergoedings as ’n onafgehandelde saak beskou.


“Dit is ietwat van ’n jammerte dat die wit gemeenskap, in geheel gesien, nie van die waarheids-en-versoeningsproses gebruik wou maak nie. Hulle is lelik in die steek gelaat deur hul eie leiers. Vele van hulle dra ’n skuldlas, wat verminder kon word as hulle die geleenthede wat deur die kommissie gebied is, omhels het; daardie mense wat nie bewustelik enige gevoel van skuld erken nie, is in ’n mate erger daaraan toe as diegene wat dit wel doen. Behalwe die seer wat dit veroorsaak teenoor hulle wat gely het, is die ontkenning deur soveel wit Suid-Afrikaners dat hulle enigsins voordeel getrek het uit apartheid ’n verlammente, selftoegediende slag tot hul vermoë om die vrugte van verandering te geniet en vir hulself toe te eien. Genadiglik was daar darem skitterende uitsonderings.”

Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde

Oorsig

Hersien in hierdie onderwerp:

- waarom die Koue Oorlog geëindig het
- hoe die einde van die Koue Oorlog die wêreld verander het
- hoe die einde van die Koue Oorlog die rigting van die geskiedenis verander het.



Gebeure wat tot die einde van die Koue Oorlog gelei het

Kernvraag: Waarom het die Koue Oorlog geëindig?

Die mislukkende Sowjetstelsel

Tydens die Koue Oorlog was die Sowjetunie = geslote politieke en ekonomiese stelsel.

- Sedert die laat 1960's was dit duidelik dat die USSR nie ekonomies presteer het nie; gedurende die 1970's het die nywerheidssektor gestagneer en die landbou gereeld misluk.
- Tegnologiese vooruitgang in die Weste – veral op die gebied van elektronika – het ook veroorsaak dat die Sowjetunie en die unie se bondgenote agtergeraak het, wat 'n uitwerking gehad het op baie lewensgebiede, veral militêre aangeleenthede.
- Uit die Weste se oogpunt het dit byna 40 jaar lank gelyk of die leiers van die Sowjetunie en baie van die lande in Oos-Europa terugwaarts gekyk het en in die strik van die Sowjet-ideologie vasgevang was. Een verduideliking is dat die leiers gewoonweg te oud was – drie opeenvolgende Sowjetleiers (onderskeidelik 76, 80 en 83 jaar oud) is in die drie jaar van 1982 tot 1985 dood terwyl hulle aan bewind was.
- Verandering is egter in 1986 ingelui toe 'n nuwe Sowjetleier verkies is.



Michail Gorbatsjof

Michail Gorbatsjof: 54-jarige oudprokureur en die algemene sekretaris van die Kommunistiese Party van die Sowjetunie – het die nuwe leier geword.

- Gorbatsjof is in 1986 as Sowjetleier verkies. Groot veranderings sou in die Sowjetblok en later wêreldwyd volg.
- Oënskynlik het hy heeltemal van sy voorgangers verskil, en was sjarmant, berese, ambisieus en welsprekend. Die Weste het nogtans aanvanklik versigtig gereageer – sy vinnige opgang tot leier is gesien as 'n gevolg van die geslote stelsel.
- Sy oogmerk was om eers die Sowjetstelsel te hervorm en uiteindelik die leiding te neem met die verbroekeling van die einste politieke bestel wat hom opgelewer het.



Al was hy baie magtig, is Gorbatsjof se vermoë om verandering teweeg te bring deur twee hoof faktore ingeperk: die haglike toestand van die Sowjet-ekonomie en die toenemende onstuimigheid in Oos-Europa.

Wat het tot die einde van die Koue Oorlog en die begin van 'n nuwe wêreldorde gelei?

1

Mededingende ekonomiese stelsels

Die USSR het 'n gesentraliseerde staatsbeheerde ekonomie (sosialisties/kommunisties) gehad met 'n outokratiese eenpartyregeringstelsel.

- Sentrale beplanning:
 - Koördinerings en beheer van alle ekonomiese werksaamhede ressorteer onder die gesag van die regering wat in 'n "geslote stelsel" funksioneer.
 - Dit het gesteun op 'n burokrasie wat alle nasionale doelwitte gestel het – ekonomiese doelwitte was in besonder belangrik.
 - Swakhede: die benadering was ondoeltreffend en omvangryke, voortgesette subsidies was nodig om die stelsel aan die gang te hou.
 - Reaksie op persoonlike keuse was stadig – inisiatief en entrepreneurskap is sodoende in die kiem gesmoor.

Gevolge van dié stelsel:

- Nasionale ekonomiese prestasie is weens ondoeltreffendheid benadeel.
- Beleggings in nuwe infrastruktuur het net soos beleggings in navorsing afgeneem.
- Die lewensgehalte van burgers van die Sowjetunie en Oos-Europa het verder agteruitgegaan vergeleke met die lewensgehalte wat in die Weste ondervind is.
 - Het tot ekonomiese en politieke hervormings in die USSR gelei.

2

Veranderende betrekkinge met die Weste

Dit was betekenisvol vir Gorbatsjof en die einde van die Koue Oorlog dat die markbenadering tot ekonomiese bestuur gesteun is deur twee leiers wat 'n belangrike rol in die disintegrasie van kommunisme sou speel: Brittanje se eerste minister, Margaret Thatcher (1971), en die president van die VSA, Ronald Reagan (1981).

- Hul verkiesing tot staatsleiers het die belangrike verandering weerspieël wat wêreldwyd in sowel ekonomiese as politieke denkrigtings plaasgevind het (die verskuiwing in die rigting van 'n vry ekonomiese beleid). Albei het kommunisme en aanvanklik ook vir Gorbatsjof ernstig wantrou.
 - Die leiers van die twee supermoondhede het nog dikwels vergader, en telkens vordering gemaak om die vyandelikhede wat hulle vir 40 jaar verdeel het, uit die weg te ruim.

3**Die simboliese belang van die Berlynse Muur**

Die Koue Oorlog is gekenmerk deur 'n aantal krisisse wat die supermoondhede telkens nader aan 'n kernoorlog gebring het.

- Die eerste krisis was in Berlyn in Duitsland, wat ná die Tweede Wêreldoorlog in vier sones verdeel en deur die seëvierende oorlogsmoondhede beheer is: die VSA, die Sowjetunie, Frankryk en Brittanje.
- Maar die begin van die Koue Oorlog en die bondgenootskap tussen die Britte, Franse en Amerikaners het beteken dat die stad in werklikheid in twee verdeel was: die een helfte was in die Weste en die ander helfte in die Ooste.
- Die verdeling van die stad het tot voortdurende onenigheid gelei, en in 1961 het die Oos-Duitse regering 'n muur tussen die twee dele begin bou wat uiteindelik 155 kilometer lank sou wees.
- Deur die jare het talle mense beton, doringdraad, wagte en hul honde getrotseer en met hul lewe geboet in 'n poging om van die Ooste na die Weste te vlug.
- “Die Muur” het 'n metafoor vir die wêreldwye konflik van die Koue Oorlog tussen die Ooste en die Weste geword en was 'n simbool van wêreldwye verdeling.

Hoewel Berlyn se bekende Brandenburg-hek in die Oos-Duitse kant van die muur geleë was, is dit deur Westerse leiers gebruik om beswaar te maak teen wat hulle as gebreke van kommunisme beskou het en om terselfdertyd Westerse kapitalisme te prys. In 1987 het Reagan Gorbatsjof se opregtheid met sy voorgestelde hervormings by die hek betwis.

4**Suider-Afrika**

Gorbatsjof se politieke veranderings het wel in Suider-Afrika weerklank gevind

- November 1986: Gorbatsjof ontmoet die destydse leier van die African National Congress (ANC), Oliver Tambo, wat vergesel was van Thabo Mbeki.
- Tydens hierdie eerste vergadering nóg tussen die ANC en die leier van die Sowjetunie het Gorbatsjof dit duidelik gemaak dat die Sowjetunie sterk gekant was daarteen om revolusies te steun.
- Hiermee het die Sowjetunie se buitelandse beleid 'n heeltemal nuwe rigting ingeslaan wat die baan van die streek in die daaropvolgende jare geweldig sou verander.

Die einde van die Koue Oorlog – die gebeure van 1989

Kernvraag: Hoe het die einde van die Koue Oorlog en gebeure elders bygedra om apartheid in Suid-Afrika te beëindig?

Gorbatsjof se talle uitdagings

Kommunisme het vier belangrike uitdagings vir Gorbatsjof geskep:

- 'n Groot behoefte om die denkringing in die Sowjetunie te verander, veral in die burokrasie wat onbuigsaam en rigied was.
- Daar was 'n noue samehang tussen toestande in Oos-Europa en die Sowjetunie:
 - albei het ekonomiese stagnering en maatskaplike en politieke mislukking in die gesig gestaar.
- Weens die Koue Oorlog kon die Sowjetunie nie langer revolusionêre bewegings in die ontwikkelende wêreld ondersteun nie.
 - Die oorlog in Afghanistan (binnegeval in Desember, 1978) was te duur vir die USSR.
 - Gorbatsjof moes die Sowjetweermag se steun werf om die oorlog te beëindig.

Gorbatsjof het hervormings deur 'n beleid genaamd perestroika begin

- Dit het hervorming van die Sowjetekonomie ten doel gehad.
- Perestroika is deur 'n tweede beleid genaamd glasnost versterk.
 - Dit het sensuur beëindig, en ten doel gehad om openbare debat te stimuleer, soos mediavryheid.

Gorbatsjof se plan was dat die twee nuwe beleidsrigting mekaar steun:

- Deur glasnost is mense aangemoedig om oor die ekonomiese veranderinge te praat wat deur perestroika teweeggebring is.
 - Uiteindelik het glasnost en perestroika nie ten doel gehad om Sowjetsosialisme te beëindig nie, maar om dit te versterk.
 - Indien dit geslaagd was, was Gorbatsjof se hoop dat die Sowjetunie en hul bondgenote dieselfde ekonomiese sukses as die Weste sou behaal.

Hoewel Gorbatsjof gehoop het dat die een beleid op die ander kon voortbou, het die twee beleidsrigtings saam die stelsel van Sowjetsosialisme beëindig.

Gebeure van 1989

Baie gebeure het wêreldwyd voorgekom wat tot die einde van die Koue Oorlog gelei het

1 Die USSR is ontbind:

Namate Gorbatsjof se beleidsrigtings toegepas is en ontberings gevolg het, het burgerlike onrus tussen verskillende groepe in die Kaukasus uitbreek en later ook in die Baltiese streek.

- Namate ou vorms van nasionalisme in hierdie lande na vore gekom het, het die eise om onafhanklikheid van die Sowjetunie toegeneem.
- Ná Gorbatsjof se poging om 'n federasie van state te stig het verskeie Sowjetstate (waaronder Rusland, onder leiding van Gorbatsjof se geswore mededinger, Boris Jeltsin) in 1990 hul onafhanklikheid van die Sowjetunie verklaar.
- Op Kersdag 1991 is die Sowjetunie ná 74 jaar ontbind. Elkeen van die 15 state het onafhanklik geword. Hierdie ontwikkeling was 'n belangrike gebeurtenis in die beëindiging van die Koue Oorlog.

2 Oos-Europa:

Perestroika en glasnost het ook tot gelei tot eise om verandering in Oos-Europa wat dieselfde soort spanning as die Sowjetunie ervaar het.

- Oos-Europa se ekonomie was onder groot druk:
 - Hieronder was die vervaardigingsbedryf wat al swakker presteer het, mislukking van die landbou en 'n onvermoë om tred te hou met veranderende tegnologie.
 - Dit het 'n belangrike uitwerking in Pole gehad, waar nuwe politieke probleme ontwikkel het. Pole en Rusland het 'n problematiese geskiedenis gehad: In die verlede is Rusland twee keer deur Pole binnegeval, terwyl die Pole se nasionalisme altyd die eenheid van die Sowjetblok bedreig het.
- In 1978 het die verkiesing van 'n Poolse pous, Johannes Paulus II, en sy besoek aan Pole die daaropvolgende jaar gehelp om die politieke debat in Pole en elders in Oos-Europa te verander.
 - Kwessies soos of Poolse nasionalisme in die Sowjetblok sou oorleef en of demokrasie binne die Sowjetblok moontlik was, is wyd bespreek.
- Die belangstelling in Poolse politiek het gepaardgegaan met al meer stakings in die land, wat werkerregte en die erkenning van vakbonde in die kollig geplaas het.
 - In 1979 het stakings aandag gevestig op die vakbond Solidariteit en hul leier ('n elektrisiën genaamd Lech Wałcsa), wat albei in die Weste verdedig is.
 - Onder hierdie druk het die Poolse Kommunistiese Party regte aan vakbonde toegestaan, mediasensuur verwyder, andersdenkendes vrygelaat en aan die staatsbeheerde media toegang tot die Rooms-Katolieke Kerk verleen.
- Op hul beurt het die stakers ingestem om die gesag van die plaaslike kommunistiese party en Pole se bondgenootskap met die Sowjetunie te erken.
 - Solidariteit het ook 'n massabeweging geword en begin optree soos 'n opposisieparty vir die Poolse Kommunistiese Party.

- Belangrik was dat Solidariteit grootliks die houvas van kommunisme op die Poolse politieke stelsel gebreek het – ofskoon tydelik, was Pole steeds grondig in die Sowjetblok.
- Maar enkele dae nadat 'n ooreenkoms onderteken is ingevolge waarvan Solidariteit erken is, het die Poolse regering van plan verander.
 - 'n Nasionale staking is uitgeroep en namate dit gegroei het, het die Sowjetunie gewaarsku dat “die pilare van die sosialistiese staat” in Pole bedreig word.
 - Toe het die gewapende magte van die Warskou-verdraglande op Pole se grense bymekaargekom, vermoedelik om die gesag van kommunisme in 'n Oos-Europese land te herstel.
- 'n Paar maande later het Pole 'n nuwe leier gekry toe 'n militaris, generaal Wojciech Jaruzelski, die premier geword het.
- Omdat hulle besorg was oor 'n moontlike inval deur die Warskou-verdraglande, het die premier, die leier van Solidariteit en 'n Katolieke kardinaal, Josef Glemp, bymekaargekom om die weg vorentoe vir Pole te beplan, maar hulle kon nie 'n ooreenkoms bereik nie.
- In Desember 1981 het Jaruzelski 'n noodtoestand afgekondig en 6 000 mense, waaronder die leiers van Solidariteit, in hegtenis geneem.
 - Tydens die daaropvolgende twee jaar het hy 'n inval deur die Sowjetunie probeer verhinder.
- Die noodtoestand het in 1983 geëindig. Jaruzelski wou nie van die beginsels van kommunisme wegbeweeg nie.
- Die land was egter vasgevang in politieke krisis met verdere betogings en oproere wat deur Solidariteit uitgeroep en verwek is.
- Die onstabiliteit het voortgeduur totdat Gorbatsjof in die Sowjetunie aan bewind gekom het – dit was duidelik dat die Poolse nasie gereed was vir die veranderings wat Gorbatsjof in sowel die Sowjetunie as Oos-Europa wou teweegbring.
- Maande voordat die Berlynse Muur geval het, het Jaruzelski 'n algemene verkiesing naelskraap gewen, maar die sosialistiese era in Pole was verby.
- Met die wyer instorting van kommunisme regdeur Europa het Jaruzelski as president bedank en so die weg gebaan vir Lech Wałęsa se verkiesing tot Pole se hoogste amp.

In die meeste ander lande in Oos-Europa het leiers vreedsaam bedank toe kommunisme rondom hulle ingestort het. In Roemenië, Oos-Europa se berugste diktatuur, is die president, Nicolae Ceausescu (en sy vrou), egter deur 'n vuurpeloton tereggestel. Dié onversetlike kommunistiese leier het oor 'n onmenslike polisiestaatsregering en beleidsrigtings ingevoer wat die land se ekonomie vernietig het en mense gedwing het om strawwe voedsel- en kragtekorte te deurstaan. Terwyl kommunisme in die ander Sowjetsatellietstate ingestort het, het Ceausescu deurgaans enige versagting van die Warskou-verdrag verwerp.

3 Die val van die Berlynse Muur:

Die Duitse Demokratiese Republiek (DDR), of Oos-Duitsland, was een Oos-Europese land wat aansienlike weerstand teen Gorbatsjof se hervormings gebied het

Waarom het die DDR weerstand teen Gorbatsjof se hervormings gebied?

- Oos-Duitsland se lewensgehalte was die hoogste in die Sowjetblok aangesien die Wes-Duitse regering ontwikkeling en die groei van infrastruktuur in dié oostelike buurland ondersteun het.
- Die DDR het ook goeie betrekkinge met die Sowjetunie gehad – die leiers wat die politieke toneel in Oos-Europa sou oorheers, is in Moskou opgelei.
- Nog 'n rede is dat die president van die DDR, Erich Honecker, 'n toegewyde kommunis was.



In die middel-1980's: Honecker het 'n teenstrydige beleid begin volg. In vergelyking met sy voorgangers het hy sterker bande gesmee met Wes-Duitsland onder leiding van Helmut Kohl, wat vroeër sterk standpunt teenoor die Sowjetunie ingeneem het

- As gevolg van Honecker se sagter benadering het woordewisselings tussen politici aan weerskante van die Duitse skeidslyn plaasgevind. Perestroika en glasnost het in hierdie atmosfeer beleid geword.
 - Namate Gorbatsjof se hervormings Oos-Duitsland bereik het, is betogings in die strate van Leipzig, Dresden en Oos-Berlyn gehou. Honecker wou die betogings in die kiem smoor maar kon dit nie sonder die Sowjetunie se goedkeuring doen nie. Dit sou nie plaasvind terwyl Gorbatsjof die leier was nie
 - In die laatsomer van 1989 het baie Oos-Duitsers die land begin verlaat deur Hongarye se oop grens met die buurland Oostenryk.
 - Honecker het bedank slegs 'n maand voordat die Berlynse Muur geval het. Hy is kortstondig opgevolg deur die leier van die Oos-Duitse Kommunistiese Jeug, die 52-jarige Egon Krenz.

Toe die Berlynse Muur geval het:

- Kommunistiese ideologie is vervang met nuwe begrip vir en verklarings van die wêreld. Met dié was die ou maniere van dinge doen vir ewig weg.
- Die idee dat die Berlynse Muur geval het, het verstandhoudings in bykans elke uithoek van die aarde verander. Onteenseglik het 'n gebeurtenis van wêreldbelang plaasgevind.
- In 'n toespraak wat Helmut Kohl op 19 Desember 1989 voor meer as 100 000 mense in die Oos-Duitse stad Dresden gelewer het, het hy beloof dat hy hom sou beywer vir eenwording van die land en befondsing vir Oos-Duitsland.)

4 Die Slag van Cuito Cuanavale:

Dit was duidelik dat gebeure in die groter streek ná die val van die Berlynse Muur in interessante nuwe rigtings beweeg het.

- Die deurlopende druk wat Amerika op Suid-Afrika uitgeoefen het weens die land se onwettige besetting van Namibië het onderhandelings oor 'n 70 jaar oue konflik op die spits gedryf.
- Maar wat het verander sodat die apartheidsleiers positief op hierdie druk kon reageer?

Hersiening van gebeure wat in 1987 in die suidooste van Angola begin het

Die Slag van Cuito Cuanavale, wat bekend sou word as 'n belangrike keerpunt in die beëindiging van apartheid, het as 'n geringe konfliktsituasie in Angola se 27 jaar lange burgeroorlog begin.

- Die aanvanklike konflik in Cuito Cuanavale was tussen twee kante in die Angolese burgeroorlog:
 - die rebelleleier Jonas Savimbi se faksie genaamd União Nacional para a Independência Total de Angola (Unita)
 - die Angolese president José Eduardo dos Santos se faksie genaamd Movimento Popular de Libertação de Angola - Partido do Trabalho (MPLA).
- Die regering is gesteun deur Kubaanse troepe wat sedert die land se onafhanklikheid in 1975 in 'n oorlog om beheer van die land betrokke was. Hul teenwoordigheid het die gebeure in Angola ongetwyfeld sentraal in die Koue Oorlog geplaas.
- Julie 1987: 'n Reeks gevegte het by Cuito Cuanavale in Angola tussen die destydse weermag (SAW) en die weermag van die Angolese regering (Fapla) plaasgevind.
- Teen November 1987 het die SAW, wat Savimbi gesteun het, die Fapla-aanval teruggedryf en was volgens verskeie menings in 'n goeie posisie om 'n aanval te loods wat Fapla kon vernietig.
- Sonder om sy jare lange Sowjetbondgenote te raadpleeg het Kuba se Fidel Castro, wie se troepe in Angola was, troepe en vlieëniers gestuur om die Suid-Afrikaners te stuit.
- Versterk deur Castro se troepe en voortreflike lugmag het die Fapla-troepe die Unita-magte en die SAW teruggedryf.
- Castro se stap was 'n betekenisvolle oomblik, al het die stryd om Cuito nog ses maande tot Mei 1988 voortgeduur.
- Dit was egter duidelik dat die SAW hul jare lange militêre gesag in Suid-Angola verloor het.
 - Dit was omdat die Kubaanse lugmag sterker was.

Resultate van die Slag van Cuito Cuanavale

- Dié omstandighede het die apartheidsregering aangemoedig om vrede in Angola te bewerkstellig en onafhanklikheid aan Namibië te verleen.
- Apartheidsamptenare het eers verteenwoordigers van die Amerikaanse regering ontmoet en later dié van Kuba en toe van Angola in 'n poging om 'n ooreenkoms te bereik oor die toekoms van die Kubaanse troepe in Angola en oor die betwiste gebied wat toe nog bekend gestaan het as Suidwes-Afrika (Namibië).
- Uiteindelik het die Kubane ingestem om uit Angola te onttrek, wat as 'n oorwinning in die Koue Oorlog gesien is, veral vir die VSA.
- SA het ook ingestem dat die land se magte onttrek sou word, wat die apartheidsregering van groeiende verleentheid gered het en dit moontlik gemaak het om te konsentreer op interne hervormings.
- Die apartheidsregering het ook ingestem tot onafhanklikheid vir Namibië. 'n Vredesooreenkoms wat hierdie ooreenkomste vervat, is onderteken op 22 Desember 1988 – 11 maande voor die val van die Berlynse Muur – en Namibië het op 21 Maart 1990 onafhanklikheid verkry.

Soos wat Nelson Mandela gesê het, was Cuito Cuanavale “die keerpunt vir die bevryding van ons kontinent – en my mense – van die kastyding van apartheid”.

5 FW de Klerk as hervormer:

Suid-Afrika se amptelike verteenwoordiger by die Namibiese onafhanklikheidsvierings was die man wat apartheid formeel sou beëindig: Suid-Afrika se nuwe president, FW de Klerk, wat PW Botha net 'n paar maande vantevore opgevolg het.

- Omdat De Klerk gekom het van 'n familie met 'n lang geskiedenis in die Nasionale Party was daar nie veel tekens dat hy 'n hervormer was nie.
- Ondervinding wys dat leiers met 'n sterk verbintenis met 'n party, soos De Klerk en Gorbatsjof, dikwels die grootste veranderings aanbring in 'n gemeenskap. Dit is omdat die landsburgers hulle dikwels meer vertrou as ander politici.
- De Klerk het kort nadat hy president geword het, in September 1989, sy kabinet verander deur konserwatiewes te verwyder wat die Koue Oorlog ondersteun en die beleidsrigtings van sy voorganger bepaal het.
- De Klerk het toe 'n paar protesoptogte toegelaat, ondanks die noodtoestand.



Op die eerste van hierdie optogte, in Kaapstad op 13 September 1989, het 'n paar teenapartheidleiers, onder wie aartsbiskop Desmond Tutu, vir vrede betoog.

De Klerk het 'n maand later 'n paar gevangenes van Robbeneiland vrygelaat, onder wie Walter Sisulu, Nelson Mandela se vriend, medegevangene en politieke kollega oor 'n lang tyd.

- De Klerk en Mandela het mekaar uiteindelik op 13 Desember 1989 ontmoet, 'n bietjie meer as 'n maand nadat die Berlynse Muur geval het. Hul aanvanklike gesprekke het gehandel oor 'n dokument wat Mandela aan die nuwe president gestuur het. Hoewel die gesprek, na berig word, gespanne was, was dit 'n goeie vergadering omdat albei leiers apartheid wou beëindig.
- MAAR die groot openbare stap was op 2 Februarie 1990 toe De Klerk, die laaste apartheidspresident, sy bekende toespraak tydens die parlamentsopening gelewer het:

Die ANC, PAC en SAKP en 'n paar kleiner politieke partye is gewettig.

+

Gevangenes wat lang tronkstraf uitgedien het, sou vrygelaat word, onder wie Nelson Mandela.

+

Die beperkings ingevolge die noodtoestand op die media en organisasies (soos die UDF) is opgehef.



Hierdie gebeure was die teken dat die Koue Oorlog se lang houvas op Suid-Afrikaanse politiek tot 'n einde gekom het; kommunisme is nie meer as 'n bedreiging gesien nie.

Reaksie op De Klerk se toespraak

- Die ANC, toe nog in ballingskap in Zambië, het De Klerk se toespraak met wantroue bejeën en het gedink sy belofte om Mandela vry te laat was 'n bedrogspul.
- Ander mense in die land was bekommerd dat die wettiging van die ANC en die SAKP tot meer geweld sou lei.
- Maar die toespraak was 'n teken dat Suid-Afrikaners 'n vreedsame oplossing sou soek vir alles wat hulle voorheen verdeel het.



De Klerk se toespraak is nege dae later formeel afgehandel, op 11 Februarie 1990, toe Mandela ná 27 jaar uit die tronk vrygelaat is.

Die daaropvolgende jare sou nie maklik wees vir Mandela en De Klerk nie, maar tydens die land se strewe na demokrasie sou nie een van hulle toegee nie in hul vasberadenheid om 'n oplossing te vind wat aanvaarbaar sou wees vir Suid-Afrikaners en die wêreld.

- Suid-Afrika sou vier jaar later weer aansluit by die wêreldgemeenskap, wat sedert die einde van die Koue Oorlog heeltemal verander het.

'n Nuwe wêreldorde

Kernvraag: Wat was die langtermyn-uitwerking van die einde van die Koue Oorlog?

Globalisering

Wat was die aard van die wêreld ná die Koue Oorlog?

- Baie mense het geredeneer dat die einde van die Koue Oorlog die begin van 'n nuwe tydperk in die internasionale politiek verteenwoordig het.
- Omdat die Sowjetunie versplinter het en die Sowjetblok ook uitmekaar geskeur is, was die gevoel dat die Weste die Koue Oorlog “gewen” het.
- Mense het in die 40 jaar wat die Koue Oorlog geduur het die wêreld gesien as 'n plek wat verdeel is tussen die Ooste en die Weste, kommunisties en demokraties.



Wat sou hierdie denkwysie aan die einde van die Koue Oorlog vervang?

➔ Die Amerikaans-Japanse denker Francis Foekoejama, het 'n antwoord gebied. Hy het geredeneer dat twee dinge ná die Koue Oorlog belangrik sou word:

1

Die reg om aan 'n markgerigte ekonomie deel te neem – hy het gevoel 'n ekonomiese beleid wat op die markeconomie gerig was, het bygedra tot die einde van kommunisme.

- Foekoejama se denke oor die einde van die Koue Oorlog het die verloop van gebeure oor die volgende meer as tien jaar beïnvloed.

2

Die reg om demokratiese regte uit te oefen: burgers reg oor die wêreld wou die reg hê om hul eie regering te verkies.

- Foekoejama se denke het die neoliberale siening dat die mark – eerder as lande – die belangrikste faktor in ekonomiese verhoudinge moes wees.
- Lande was dus steeds belangrik in die manier hoe die wêreld op internasionale vlak georganiseer is, maar 'n ander soort maatskaplike verhouding was ook nodig. Dit sou wees deur middel van die mark → en is “**globalisering**” genoem
- Ingevolge globalisering was enige soort maatskaplike verhouding op enige plek ter wêreld moontlik. Lande as politieke entiteite is nie meer as noodsaaklik gesien nie.
- Dit het die einde van die Koue Oorlog en die VSA se oorwinning oor die USSR beteken. Dit was 'n proses wat gelei het tot toenemende handel tussen lande omdat baie handelsbeperkinge verwyder is.
- Elektroniese kommunikasie, soos die internet en e-pos, het ook gelei tot globalisering.

Uitwerking van elektroniese kommunikasie

- Die uitwerking van elektroniese kommunikasie was verreikend, geld kon byvoorbeeld onmiddellik oorgeplaas of verhandel word sonder inagneming van kantoorure.
- Tyd was nie meer 'n beperking op handel in produkte, finansiering of dienste nie.
- Dit het beslis gelyk asof die wêreld “kleiner” geword het.

Veranderende internasionale betrekkinge

Ná die Koue Oorlog het die VSA en dié land se bondgenote 'n gevoel van oorwinning ervaar.

Herlewing van die Noord-Atlantiese Verdragorganisasie (Navo)

- Hoewel Navo se Koue Oorlog-mededinger, die Warskou-verdrag, op 'n vergadering van Oos-Europese ministers van verdediging en buitelandse sake ontbind is, is Navo nie ontbind nie.
 - Navo is in 1948 gestig om die belange van Noord-Amerika en Europa te verdedig.
 - Voormalige lede van die Warskou-verdrag – hoewel nie almal nie – het by Navo aangesluit.
- Die herlewing van Navo dui egter daarop dat die magsbalans in die wêreld verander het:
 - Die wêreld was nie meer vasgevang in 'n “balans” van Koue Oorlog-mag nie, maar is nou deur net een land oorheers.
- In die praktyk het alle mag – op politieke, ekonomiese, militêre en kulturele gebied – nou rondom net een land gedraai, die VSA.
 - Dit het ernstige implikasies vir die ontwikkelende wêreld (grootliks in die suide) gehad:
 - die Beweging van Onverbonde Lande (BOL) is ná die Bandoeng-konferensie in 1955 gestig – wat daarop gedui het dat, ondanks die intensiteit van die verdeeldheid van die Koue Oorlog – 'n derde magsposisie in internasionale verhoudinge moontlik was.
 - Die begrip “onverbonde” het hierdie posisie opgesom: Hulle het hulle nie met kommunisme of kapitalisme verbind nie.
 - Hoewel die BOL ongetwyfeld 'n uitwerking op die einde van die Koue Oorlog gehad het, het 'n reeks krisisse ongelukkig die beweging verswak en dit het nie daarin geslaag om die aard van internasionale verhoudinge ná die einde van die Koue Oorlog te beïnvloed nie.
 - Die wêreld het eenpolig gebly, met die VSA as die leidende mag.
 - Die uitwerking hiervan reg oor die wêreld was egter betekenisvol, want Derde Wêreld-lande het begin om geskille op te los.

Die Afrika-konteks

- Suid-Afrika –
 - Die einde van die Koue Oorlog het aanleiding gegee tot 'n proses van skikking en versoening. Toe Nelson Mandela in 1994 president van Suid-Afrika geword het, was daar ná dekades van konflik uiteindelik vrede in die land.
- Rwanda –
 - Op dieselfde tyd wat Mandela president geword het, het Afrika se ergste volkslagting gebeur. Tussen April en Junie 1994 is na raming 800 000 Rwandese vermoor. Die meeste was lede van die Tutsi-stam, en baie van die geweld is deur die Hutu-stam gepleeg. Die volkslagting het die wêreld getraumatiseer omdat die Verenigde Nasies nie ingegryp het nie.
- Mosambiek –
 - Die land het 'n langdurige verbintenis met die Sowjetblok gehad, maar ná die Koue Oorlog moes Mosambiek die land se buitelandse en ekonomiese beleid heroorweeg. Die groeiende belangrikheid van die markeconomie het gelei tot die einde van staatsondersteuning op baie vlakke, waaronder gesondheid, onderwys en welsyn. Die belangrikheid van demokrasie as 'n manier om buitelandse beleggings en ontwikkelingshulp te lok het die Frelimo-regering onder druk geplaas om 'n skikking met hul langdurige mededinger, Renamo, te vind. Die land se eerste demokratiese verkiesing ooit is in 1994 gehou en is deur Frelimo gewen.
- Zambië –
 - Die land het ook die eerste keer ooit veelparty- demokratiese verkiesing gehou, waarin Kenneth Kaunda, president sedert 1964, ná 27 jaar die mag verloor het.
- Elders in Suider-Afrika –
 - was daar ook al meer eise om demokrasie. In Malawi is die eerste veelpartyverkiesing in 30 jaar gehou, waarin die land se president, Hastings Kamuzu Banda, verslaan is.

Noord-suid-verhoudinge

Ná die einde van die Koue Oorlog is noord-suid-verhoudinge eerder bepaal deur die oortuiging dat die markeconomie die beste manier was om ekonomiese ontwikkeling te waarborg.

Gevolge:

- Staatsbesteding aan welsyn, onderwys en gesondheid is verminder.
- Waar toepaslik is staatsinstellings oopgestel vir private investering en ekonomieë in ontwikkelende lande is oopgestel vir markkragte.
- Daar was druk om eenpartyregerings reg oor Afrika tot 'n einde te bring.

Wêreldkapitalisme en teenstand

Die internasionale ekonomiese stelsel is sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog deur Bretton Woods-instellings – die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank (amptelik bekend as die Internasionale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling) gereël.

- Teen die einde van die Koue Oorlog was daar entoesiastiese ondersteuners van neoliberale, markgerigte ekonomiese oortuigings en sterk ondersteuners van globalisering.

Die Bretton Woods-instellings en globalisering

- Die IMF en die Wêreldbank het ekonomiese beleidsrigtings ontwikkel wat markkragte toegelaat het om ekonomiese en politieke uitkomst te bepaal.
 - Hul benadering het handelsbeperkings verminder deurdat internasionale hindernisse, veral op nasionale vlak, verwyder is.
 - Individuele lande is aangemoedig om hul markte oop te stel.
 - Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) het 'n belangrike rol gespeel in die oopstel van internasionale markte.
- Die WHO, gestig in 1995, was verantwoordelik vir die skep van handelsreëls tussen lande en die oplos van handelsgeskille tussen hulle.
 - Die WHO se beleid het die gedagte van globalisering sterk ondersteun. Dit het beteken die WHO was dikwels die teiken van massabetogings deur teenglobaliseringsgroepe.
 - Hierdie groepe was bekommerd dat die proses van globalisering die mag van ryk lande versterk en die posisie van arm lande verswak het. Hulle was ook van mening dat globalisering kulturele verskeidenheid wêreldwyd vernietig het. Die taal van globalisering was Engels en veral die Amerikaanse kultuur het reg oor die wêreld versprei deur middel van televisie, waarteen ander kulture nie kon meeding nie.
 - Die gereelde betogings teen globalisering dui daarop dat die gedagte van neoliberale globalisering, hoewel dit gesien is as die “logiese” manier om die wêreld te bestuur ná die Koue Oorlog, nie deur almal aanvaar is nie. Dit is eerder as 'n vernietigende mag gesien, wat rykes se mag versterk en armes se mag verswak het.

Nuwe soorte kapitalisme: Opkoms van ontluikende markte

Sommige lande het weerstand gebied teen pogings dat hulle globalisering aanvaar. Die volgende lande is toenemend “ontluikende markte” genoem: Plekke waar die ekonomie groei terwyl dit in die globale Noorde verlangsaam of agteruitgaan.

- Malaysia –
 - Die regering het in 1997 die IMF se raad dat die land se benadering ekonomiese probleme sou vererger, verwerp. Die Maleisiese regering se benadering was eindelik die regte benadering.

- China –
 - Die land het die skakel tussen liberale demokrasie en ekonomiese groei anders gesien. Die Kommunistiese Party-regering het 'n vryemarkbeleid aangehang, maar enige pogings teengestaan wat die ontwikkeling van liberale demokrasie sou bevorder. In 1989 was daar wrede optrede teen betogers op Beijing se Tiananmenplein, waarin talle gesterf het. Die Chinese regering het egter ten spyte hiervan gou ekonomiese bande met die wêreld se groot magte hervat. Die Chinese model van globalisering het die land se ekonomiese situasie heeltemal verander.
- Indië –
 - Dié land word gesien as een van die groot ekonomiese suksesverhale van die tydperk ná die Koue Oorlog. Die opheffing van regeringsbeperkings op handel en veral nywerhede het 'n einde gebring aan 'n lang tydperk van sosialistiese beplanning. Indië se regering het egter voortgegaan om die ontwikkeling van paaie en die onderwysstelsel te ondersteun. Die inkomste van Indië se mense het in die geheel gestyg, maar die gaping tussen rykes en armes het ook groter geword.
- Rusland –
 - Hier is beleidsrigtings wat ekonomiese liberalisering ondersteun aangemoedig, maar die Russiese ekonomiese ondervinding met neoliberalisme was grootliks 'n mislukking: Korrupsie was wydverspreid en die gaping tussen rykes en armes het toegeneem. Die land is egter ryk aan natuurlike hulpbronne en die moontlikheid van ekonomiese sukses het die Russiese ekonomie aan die gang gehou.
- Brasilië–
 - Hierdie land moes ook versigtig beweeg om die ekonomie oop te stel vir markkragte terwyl die regering terselfdertyd aandag gee aan die gesondheid, onderwys en welsyn van die inwoners. Brasilië is ryk aan hulpbronne, maar die gaping tussen die rykste mense en die armes wek kommer. Gelukkig was die land se pogings om demokrasie in te stel 'n sukses.

BRICS

Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika vorm vandag 'n losse internasionale groepering genaamd Brics:

- Al vier lande (Brasilië, Rusland, Indië en China) het gewys dat vrye markte op hul eie nie die beste manier is om aan die behoeftes van inwoners te voldoen of voortdurende ekonomiese groei te verseker nie.
- Suid-Afrika het op 24 Desember 2010 amptelik 'n lid geword.
- Die oortuiging van hierdie groepering is dat die ekonomiese mag van hierdie lande saam teen 2032 sterker sal wees as die ses grootste Westerse ekonomieë saam.
- Hierdie lande wys dat 'n “gemengde” ekonomie werkgeleenthede kan skep en aan maatskaplike behoeftes kan voldoen. Dit is 'n terugkeer na die gedagtes van Keynes se ekonomiese idees en verskil met Foekoejama se redenasie. Dit is ook anders as wat die aanhangers van globalisering beweer.

Uitdagings waarvoor die “nuwe” Suid-Afrika te staan kom

Die gesprekke oor die beste ekonomiese stelsel om te aanvaar ná die einde van die Koue Oorlog het Suid-Afrika ook geraak.

- In die jare direk ná Nelson Mandela se inhuldiging op 10 Mei 1994 was Suid-Afrika se aandag gefokus op ander kwessies:
 - die belangrikste –
 - hoe om groepe wat voorheen met mekaar gebots het saam te snoer om ’n nasie te bou.
- Die gedagte dat Suid-Afrika ’n “reënboognasie” was – ’n land waarin alle kleure (rasse) verwelkom is – was ’n kragtige metafoor in die proses.

Daar was egter bepaalde uitdagings:

- Versoening
- Ekonomiese heropbou.

Die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK):

- Die WVK is in 1994 tot stand gebring en is gelei deur aartsbiskop Desmond Tutu.
- Die land se nuwe grondwet het die versoeningsbeleid van president Mandela en die totstandkoming van die WVK ondersteun.
 - Dit het bygedra tot die verklaring van wat tydens apartheid gebeur het, en om ’n manier te kry dat mense wat met hulle gebeur het tydens apartheid kon konfronteer en hanteer.
 - Die WVK het menseregtevergrepe soos marteling en moord deur apartheidsmagte aangeteken, en kon amnestie verleen aan mense van alle kante wat politiekgedrewe misdade gepleeg het.
 - Hoewel die WVK skerp gekritiseer is, word aanvaar dat dit bygedra het tot die land se pad vorentoe.

Ekonomiese heropbou

Dit was baie moeiliker om te besluit watter soort beleid apartheid se kernerfenis, wit rykdom en swart armoede, sou uitwis.

- Die ANC en die Nasionale Party het albei in die verlede sosialisme aangehang.
- Die Nasionale Party het sedert die 1970’s begin om sekere dele van die land se ekonomie oop te stel.
 - Hierdie optrede het verder toegeneem in die 1980’s toe die apartheidge regering, wat die land se beleid in ooreenstemming met die Koue Oorlog-denke van Margaret Thatcher en Ronald Reagan wou bring, die gedagte van neoliberale ekonomiese beleid aanvaar het.

ANC ANC se ekonomiese beleid

- Die ANC het aan die ander kant van die Koue Oorlog-verdeling gestaan, en die beweging se ekonomiese denke was sterk sosialisties.
- Hoe meer ekonomiese denke wêreldwyd verander het, hoe meer het die denke van baie mense in die ANC verander oor hoe om die ekonomie te bestuur.
- Die United Democratic Front – die binnelandse vleuel van die ANC – het selfs wyer gedink oor die vraag van die ekonomie en die toekoms daarvan.
- Die ANC het nadat dit die mag oorgeneem het, 'n ekonomiese beleid genaamd die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (Hop) aangekondig. Dit was gegrond op Keynes se denkwyse.



Die Heropbou-en-Ontwikkelingsprogram (Hop):

- Die beleid se doelwit was om die erfenis van apartheid te takel en die groot gapings tussen onderwys, gesondheid, behuising en welsyn vir swart mense en wit mense te verander.
- Die doelwit was ook om die land se infrastruktuur te ontwikkel.
 - Finansiering vir die beleid was egter 'n probleem. Die doelwit was om meer dienste aan die land se burgers te lewer, maar daar is nie genoeg belasting van hulle ingesamel om daarvoor te betaal nie.

→ MAAR

- Suid-Afrika se adjunkpresident, Thabo Mbeki, het in 1996 'n nuwe beleid – Groei, ontwikkeling en herverspreiding (Growth, employment and redistribution of Gear) – aangekondig wat die land se ekonomiese beleid meer markgerig gemaak het.
- Onder druk van die Wêreldbank en die IMF was die land se doel om hoë ekonomiese groei aan te moedig wat hopelik sou lei tot meer werkgeleenthede en hoër inkomstes.
- Die beleid was ongelukkig nie baie suksesvol nie omdat dit, soos in baie lande wêreldwyd, die gaping tussen rykes en armes vergroot het.
- Die land se mislukking om ekonomiese groei te behaal het die moontlikheid vir maatskaplike onrus en onstabiliteit versterk.
- Dit het gelei tot verdere nadenke oor die ekonomie, wat die gedagte voortgebring het dat die regering 'n “ontwikkelingstaat” moes ondersteun.
- Dit het weer die regering se aandag gevestig op mense wat deur die Hop gehelp moes word, 'n teken dat die regering meer betrokke sou raak by die ekonomie.

Nuwe bedreigings vir die wêreldorde

Die gedagte van globalisering het gesprekke oor die wêreld ná die Koue Oorlog aangemoedig, maar daar was ook baie teenstand.

- 'n Groter bedreiging vir globalisering was die versplintering van lande, byvoorbeeld die Sowjetunie en Joego-Slawië. Die opbreek van Joego-Slawië het gelei tot die eerste oorlog in Europa in bykans 50 jaar. Die gebeure in die Balkangebied het sewe jaar lank geduur, van 1990 tot 1997. Dit was 'n wrede en bitter oorlog en het “etniese suiwering” behels. Dit was 'n proses waarin mense van een groep gewelddadig van een plek na 'n ander geskuif is. Die Balkanoorloë het uit eindelijk tot 'n einde gekom met die ondertekening van 'n vredesverdrag in Dayton, in die Amerikaanse staat Ohio.
- Die versplintering van Joego-Slawië en die Sowjetunie was 'n belangrike uitdaging in mense se denkwyses oor die wêreld ná die Koue Oorlog
 - → Was besorgdheid oor plaaslike kwessies belangriker as algemene belange wat deur globalisering bevorder is?



Gevolg: Die gedagte van “lokalisering” – om besorg te wees oor jou direkte omgewing – is direk gestel teen die gedagte van globalisering. Die kern van hierdie debat was die vraag oor identiteit, en dit het aanleiding gegee tot 'n nuwe, kragtige soort politiek: identiteitspolitiek.

→ Gegronde op die gedagtes van Samuel P. Huntington in sy boek *The clash of civilizations*, wat geskryf is in reëlik op Foekoejama se gedagtes in *The end of history*. = Die Balkans het in die 1990's 'n skeidslyn vir 'n nuwe vraagstuk in die wêreld ná die Koue Oorlog geword. Dit was die verdeling tussen die Westerse wêreld en die Islamitiese wêreld.

Huntington se gedagtes

- Die wêreld se toekoms sou bepaal word deur die mislukking van mense om saam te woon omdat hulle in verskillende dinge glo:
- Dit is gegronde op ekstremitiese denkwyses aan albei kante van die gaping tussen die Christendom en die Islam.
- Veral in die Verenigde State het Christelike ekstremitiese denkwyses al meer deel geword van die demokratiese politiek en in die politiek van Amerika se plek in die wêreld.
- → Die gedagte dat “terrorisme” 'n bedreiging vir die wêreld ná die Koue Oorlog is, sou al sterker word in die VSA en elders in die Weste.
- “Terrorisme” het al meer begin verwys na mense of groeperings wat gekant was teen die Weste of die Westerse leefwyse.
- Dit is waarom die militante Moslem-organisasie Al Kaïda, gelei deur Osama bin Laden, 'n “terroristeorganisasie” genoem is.
- Bin Laden wou 'n djihaad (heilige oorlog) teen Amerika voer en die land in 'n langdurige oorlog intrek, in die hoop dat hy Amerika se ekonomiese stelsel tot 'n val sou bring.

9/11 en die wêreldwye “oorlog teen terreur”

Dit was Al Kaïda wat in 2001 die eerste aanval teen die VSA in 60 jaar beplan en uitgevoer het:

- 
- Dit was die eerste selfmoordaanvalle uit die lug op die Wêreldhandelsentrum in New York op 11 September 2001.
 - Hierdie gebeure, saam met twee ander aanvalle op dieselfde dag, staan bekend as “9/11”, wat dui op die Amerikaanse manier van datums skryf – eers die maand en dan die dag.
 - Amerika se president, George W. Bush, het die wêreld se simpatie met Amerika ná 9/11 laat opdroog deur die volgende te doen:
 - Bush het vyf dae ná 9/11 ’n beroep om ’n “kruistog” teen Al Kaïda gedoen. Dit was ’n georganiseerde militêre veldtog gelei deur die VSA en dié land se naaste bondgenoot, Brittanje. Amerika en dié land se bondgenote het Afghanistan ’n maand ná 9/11 binnegeval omdat Afghanistan gesien is as die hoofondersteuner van Bin Laden en Al Kaïda.
 - Irak-inval:
 - Amerika het in Maart 2003, hierdie keer sonder enige bondgenote, Irak binnegeval om die land se president, Saddam Hoessein, uit te skop.
 - Amerika se antwoord op 9/11 het daartoe gelei dat die land in baie dele van die wêreld by militêre konflik betrek is: Afgesien van Afghanistan en Irak het die VSA ook deelgeneem aan optredes in die Filippyne, die Horing van Afrika, die Sahara, Pakistan, Kasjmir en Jemen.

Die toekomstige agenda

Die “oorlog teen terreur” – wat reg oor die wêreld versprei het – kan die twee uitdagings vererger waarvoor almal ter wêreld te staan:

- **Ekonomies:** Die gaping tussen rykes en armes (wat ook wêreldapartheid genoem word), neem aanhoudend toe, nie net in sekere lande nie, maar ook tussen lande. Die gevolg van die oneweredige verspreiding van rykdom in die wêreld is meer geweld binne sowel as tussen lande.
 - Dis ook belangrik dat markgedrewe kapitalisme ’n krisis ervaar omdat vertroue in die gedagte van skuld, wat wêreldwye ekonomiese groei 20 jaar lank aangedryf het, skerp geval het.
- **Die omgewing:** Daar is vrae oor die vermoë van die aarde om lewe aan die gang te hou.

Die burgerlike samelewing se antwoorde op hierdie kwessies word toenemend op wêreldvlak georganiseer. Sommige van hierdie organisasies het ontstaan as versetbewegings, en ander neem deel aan die moeilike proses om mense reg oor die wêreld te leer om hul leefwyse te verander.

Opsomming en vrae

Opsomming

In onderwerp 6 het jou geskiedkundige ondersoek daarop gefokus om die volgende kernvraag te beantwoord:

Kernvraag: Hoe het die wêreld sedert die 1960's verander?

Om hierdie kernvraag te kan beantwoord, het jy die volgende begrippe bestudeer.

Eenheid 1 Gebeure wat tot die einde van die Koue Oorlog gelei het

Gedurende die Koue Oorlog het die Sowjetunie en die Oosblok agter die Ystergordyn 'n geslote politieke en ekonomiese stelsel gevorm. Weens ekonomiese stagnering in die USSR en gebeure in Oos-Europa (soos opstande in Pole) in die 1980's, waaronder Michail Gorbatsjof se toetrede tot Sowjetleierskap, het die Sowjetunie in die laat 1980's begin disintegreer. Die val van die Berlynse Muur in November 1989 het die ondergang ingelui.

Eenheid 2 Die einde van die Koue Oorlog: Die gebeure van 1989

Gorbatsjof se hervormings – *perestroika* en *glasnost* – het tot die disintegrasie van die USSR bygedra. Die fragmentering van die USSR het lande in Oos-Europa wat onder Sowjet-oorheersing was, gemotiveer om te begin protesteer teen hul onderwerping en om op demokratiese verkiesings aan te dring. Pole was, onder leiding van die vakbond Solidariteit, aan die voorpunt van hierdie verset, wat na ander Oos-Europese lande versprei het. Ná uitgerekte protes deur die 1980's is Pole oplaas in 1989 bevry van Sowjet-oorheersing. In die meeste ander Oos-Europese lande het die kommunistiese leiers vreedsaam van hul mag afstand gedoen en toegelaat dat demokratiese verkiesings plaasvind.

Ná die val van die Berlynse Muur in November 1989 het Gorbatsjof se hervormings weerstand teen kommunistiese beheer in die USSR laat verskerp. Op Kersdag 1991 is die USSR ná 74 jaar ontbind. Elk van die 15 state het onafhanklik geword. Hierdie ontwikkeling was 'n belangrike gebeurtenis in die beëindiging van die Koue Oorlog, wat ook tot die einde van apartheid in Suid-Afrika bygedra het.

Eenheid 3 'n Nuwe wêreldorde

Vir die 40 jaar van die Koue Oorlog het mense regdeur die wêreld na internasionale en plaaslike politiek deur die “bril” van die Koue Oorlog gekyk: die wêreld was verdeel in Oos en Wes, kommunisties en demokraties. Die einde van die Koue Oorlog het dus die moontlikheid van 'n globale wêreld geskep, nie verdeel in Oos en Wes nie, en deur kapitalisme gerig (aangesien kommunisme en sosialisme – soos toe gemeen is – as

Opsomming en vrae

ekonomiese stelsels misluk het). Danksy die oorheersing van Bretton Woods-instellings en verskuiwings in die magsbalans het die VSA as die wêreldleier na vore getree en alle sfere van lewe wêreldwyd oorheers. Dit het weersin veroorsaak omdat kleiner nasies die invloed ervaar het van wat neergekom het op Amerikaanse neokolonialisme, en nuwe ekonomiese bondgenootskappe gevorm is.

In Suid-Afrika het globalisering besluite beïnvloed oor watter ekonomiese stelsel ná 1994 gevolg moet word. Die land het die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) as 'n beleid aanvaar om die ekonomiese gaping tussen swart en wit mense te probeer oorbrug, maar die doel is nie werklik bereik nie. Die gaping het wyer geword en maatskaplike onrus het toegeneem.

Wêreldwyd was daar verskillende reaksies op die oorwig van globalisering. In dele van Europa (Joegoslavië) was daar opstand teen 'n gedwonge eenheid, wat gelei het tot etniese konflik. Etniese groepe het teen oorheersing geveg om hulself as onafhanklike nasies te vestig. Omdat globalisering deur kapitalisme en verbruikersgedrag gerig word, het nywerheidsuitset ook aansienlik toegeneem, wat weer tot omgewingskade gelei het. Nasies het ook begin skuld aangaan om aan die wêreld ekonomie deel te neem. Gevolglik het groot opstand teen omgewingsuitbuiting en kapitalistiese praktyke wêreldwyd uitgebars. 'n Ander vorm van weerstand teen die oorwig van globalisering was die opkoms van fundamentalisme, wat onder meer vergestalt is deur vernietigende terroriste-aanvalle soos die 9/11-aanvalle op die VSA.

Opsomming en vrae

Vrae

- 1 Kan jy die begrip van die KOUE OORLOG in jou eie woorde omskryf?
- 2 Wat was die verskille tussen Gorbatsjof en sy voorgangers in hul binnelandse en buitelandse beleidsrigtings?
- 3 Hoe het sentrale beplanning in die Sowjet- ekonomiese stelsel tot die ondergang daarvan gelei?
- 4 Hoe het die verandering na markgedrewe ekonomiese beginsels verandering in die Sowjetunie bespoedig?
- 5 Waarom dink jy die USSR kon nie gebeur in Pole inperk nie?
- 6 Waarom het die Oos-Duitse leier besluit om verhoudinge tussen Oos- en Wes-Duitsland te hervorm?
- 7 Tot watter mate dink jy het visioenêre leierskap bygedra tot die einde van die Koue Oorlog of was die tyd van kommunisme bloot verby?
- 8 Wat was die belangrikste implikasies van die val van die Berlynse Muur?
- 9 Hoe het die verval van kommunisme in die USSR Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese burgeroorlog beïnvloed?
- 10 Hoe het die nederlaag van die SAW by Cuito Cuanavale die Suid-Afrikaanse regering onder leiding van FW de Klerk aangemoedig om met hervormings te begin?
- 11 Wat was die kerngedagtes in De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990?
 - 11.1 Wat was die belangrikste implikasies van sy toespraak?
 - 11.2 Hoe het die regering ná apartheid probeer om die volgende kwessies te hanteer?
 - 11.2.1 versoening
 - 11.2.2 ekonomiese heropbou

Opsomming en vrae

Eksamen oefen

1 Hoe het die verval van die Sowjetunie en die einde van die Koue Oorlog bygedra tot die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika?

1.1 Verwys na bron A.

- 1.1.1 Waarom was die bewindsoorname deur Michail Gorbatsjof betekenisvol? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Hoe het die Reykjavik-beraad die weg gebaan vir verandering in Suid-Afrika? (2 x 2) (4)
- 1.1.3 Waarom was dit nodig vir die ANC en die Suid-Afrikaanse regering om in die geheim te vergader? (2 x 2) (4)
- 1.1.4 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik waarom die einde van die Koue Oorlog aanleiding gegee het tot hervormings in Suid-Afrika. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer bron B.

- 1.2.1 Watter uitwerking het die val van die Berlynse Muur op die Sowjetunie gehad? (Uittreksel 1) (1 x 1) (1)
- 1.2.2 Hoe, volgens die bron, het die Nasionale Party beplan om wit Suid-Afrikaners te beïnvloed om verandering te aanvaar? (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Hoe, volgens FW de Klerk, het die ANC getransformeer van “om deel van die stryd te wees” tot om “deel van die stelsel te wees”? (Uittreksel 2) (2 x 2) (4)

1.3 Vergelyk bron A en bron B (uittreksel 1) en verduidelik hoe uittreksel 1 van bron

B bron A onderskryf wat betref die verwagte politieke veranderings in Suid-Afrika.

(2 x 2) (4)

[25 punte]

Opsomming en vrae

Bron A

Hierdie uittreksel uit A response to *Guelke: The Cold War factor in South Africa's transition* deur John Daniel (Januarie 1996) verwys na die invloed van die Koue Oorlog op Suid-Afrika.

... Die begin was die “toetrede (opkoms) tot die mag in die Sowjetunie deur Michail Gorbatsjof en die beslissende teken was die Reykjavik-beraad tussen Gorbatsjof en Reagan in Oktober 1986” ... “die Verenigde State het ingestem tot ’n rol van geen intervensie (geen betrokkenheid) in Oos-Europa, in ruil vir die Sowjetunie wat Afrika oorgelaat het aan die VSA ... spesifiek Suidelike Afrika”.

... 15 maande ná Reykjavik het geheime gesprekke tussen Suid-Afrikaanse regeringsamptenare en die ANC begin. Maar hulle moes steeds versigtig wees, en grootliks in die geheim. Twee gebeure het hierdie situasie verander.

Die eerste was die destydse SAW (Suid-Afrikaanse Weermag) se militêre nederlaag by Cuito Cuanavale in Angola laat in 1987. President PW Botha het te staan gekom voor die duidelike beperkings van ’n militêre strategie en Pik Botha gemagtig om die Angolese-Namibiese dooiepunt deur middel van onderhandelings te beëindig. Die gevolg was die New York-verdrag van Desember 1988, wat gelei het tot die onttrekking van beide Kubaanse en ANC-magte aan Angola en Suid-Afrikaanse magte aan Namibië. Dié land het in Maart 1990 onafhanklik geword. Die tweede was die uitskop van PW Botha in September 1989, toe hy deur FW de Klerk vervang is.

Dit behoort duidelik uit bogenoemde te blyk dat die momentum (aansporing) vir verandering in Suid-Afrika reeds aan die gang was teen die tyd wat die Berlynse Muur geval het. Dit was nou moontlik vir FW de Klerk, onder druk van die Verenigde State en die dreigement van selfs meer sanksies, om aan sy kritici te sê dat die Koue Oorlog verby was, dat “ons gewen en die Sowjetunie verloor het, en dit het die ANC verswak en dié beweging het hul grootste borg verloor”.

Opsomming en vrae

Bron B

Die volgende bron bestaan uit twee uittreksels oor die val van die Berlynse Muur en die uitwerking hiervan op Suid-Afrika.

Uittreksel 1: Uit *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* deur Hermann Giliomee and Bernard Mbenga.

Die val van die Berlynse Muur op 9 November 1989 het die einde van die Sowjetunie se heerskappy oor Oos-Europa dramaties ingelui en ook gehelp om die dooiepunt in Suid-Afrika te ontgryp. As 'n politieke en ekonomiese stelsel het die kommunisme vinnig ontrafel. Dié ontwikkelings het De Klerk 'n "Godgegewe geleentheid" gegee. Die NP kon aan hul ondersteuners sê dat die ANC sonder die steun van die Sowjetunie en hul bondgenoot, die SAKP, nie meer 'n groot bedreiging vir stabiliteit en private besit ingehou het nie. Hulle kon ook betoog dat kommunisme so gediskrediteer is dat die ANC gedwing sou word om die vrye mark te aanvaar. Die storting van die Muur was 'n tweesnydende swaard vir die NP-regering. Antikommunisme was lank die hoofrede waarom Westerse regerings die wit bewind in Suid-Afrika aanvaar en selfs gesteun het. Danksy die verwydering van die kommunistiese bedreiging en die ANC se terugkrabbeling van nasionalisering was die Suid-Afrikaanse regering se antikommunisme nou oudmodies. Hul sterkste betoog waarom die Weste druk op die ANC moet plaas om magsdeling te aanvaar, het verdwyn.

Sonder die val van die Muur kan 'n mens jou beswaarlik voorstel dat die ANC in 1994 aan bewind sou kom.

Uittreksel 2: Uit *FW de Klerk: The man in his time* deur Willem de Klerk.

FW de Klerk se toespraak het baie verwarring in ANC-geledere veroorsaak. Die ANC was nie gereed daarvoor nie. Hulle het Mandela se vrylating verwag, maar nie die wettiging van die organisasie nie. Hul plan was om ná Mandela se vrylating met 'n massiewe veldtog vir die wettiging van die ANC te begin.

... Van om deel van die "stryd" te wees, het die beweging skielik deel van die "stelsel" geword ... Van 'n georganiseerde, geheime weermag het dit skielik 'n openbare organisasie geword. Waar die ANC voorheen buitelandse steun vir hul stryd teen apartheid gekoester het (staatgemaak het op), is die ANC skielik in die politieke proses ingetrek ...

Antwoorde

Onderwerp 1 Antwoorde

- 1 Wat was die hoofverwikkelinge in die Koue Oorlog van 1948 tot 1961?
 - 1.1 Rusland was nie genooi nie.
 - 1.2 Amerika, Brittanje en Frankryk het 'n nuwe geldeenheid in die westelike sones bekendgestel.
 - 1.3 318 dae.
 - 1.4 Die westelike Geallieerdes het Navo tot stand gebring; Duitsland was verdeel in die Bondsrepubliek en die Duitse Demokratiese Republiek.
 - 1.5 Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie
 - 1.6 Dat Amerika Wes-Berlyn binne ses maande moes verlaat
 - 1.7 'n Simbool van vryheid
 - 1.8 Kolonel Batista
 - 1.9 CIA
 - 1.10 Hy het Chroesjtsjof gevra om Kuba te verdedig.
- 2 Hoe het Mao Zedong aan die bewind gekom?
 - 2.1 Boerderykommunes op plase
 - 2.2 Om industriële en landbouproduktiwiteit te verbeter.
 - 2.3 Dit het om die lojaliteit van die mense gewedywer.
 - 2.4 Om teenstand teen Mao Zedong te elimineer.
 - 2.5 Die dinamiese leierskap van Mao Zedong is primêr deur die kleinboere ondersteun omdat hy grond en mag aan hulle beloof het.
- 3 Hoe het die VSA in Viëtnam betrokke geraak?
 - 3.1 Die Genève-verdrag
 - 3.2 Ho Chi Minh
 - 3.3 In 'n weermagstaatsgreep

Antwoorde

- 3.4 Om “alle nodige stappe te doen” om vryheid in Viëtnam te bewerkstellig.
- 3.5 ’n Aanval op Amerikaanse lugmagbasisse.
- 4 Wat was die aard van die oorlog in Viëtnam?
 - 4.1 Die bombardering van Noord-Viëtnam
 - 4.2 Guerrilla-oorlog
 - 4.3 My Lai
 - 4.4 Die Hue-aanval
 - 4.5 Hoewel dit ’n reuse-terugslag vir die Viëtkong was, wat duisende soldate verloor het, was dit ook die begin van die oorwinning oor die Amerikaners, wat besef het dat hulle nooit die oorlog sou wen nie.

Onderwerp 2 Antwoorde

- 1 Watter idees het onafhanklike Afrika-lande beïnvloed?
 - 1.1 Hoofbegrippe:
 - 1.1.1 ’n Soort sosialisme wat gemeenskaplike in plaas van staatseienaarskap behels en waar die land regeer word deur ’n koalisie wat alle groepe verteenwoordig.
 - 1.1.2 ’n Ekonomiese stelsel wat aangedryf word deur persoonlike vryheid van keuse, kapitaalinvestering en die gebruik van arbeid en hulpbronne om ’n wins te maak.
 - 1.1.3 ’n Regeringstelsel waar die hele bevolking of alle verkiesbare lede van ’n land die land regeer, tipies deur verkose verteenwoordigers.
 - 1.1.4 ’n Soort regeringstelsel waar ’n enkele politieke party aan die bewind is; alle ander partye word verbied of slegs beperkte en beheerde deelname aan verkiesings toegelaat.

Antwoorde

- 1.2 Die vakuum wat die koloniale moondhede gelaat het, het tot gevolg gehad dat nuut gevormde Afrika-lande nuwe soorte regerings moes “skep” om die oorgang tot onafhanklikheid te kon maak.
- 2 Wat was die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele uitdagings en suksesse wat die Kongo en Tanzanië tussen 1960 en 1980 beleef het?
 - 2.1 Van watter koloniale lande het die volgende lande hul onafhanklikheid gekry en wie was die eerste leiers van hierdie lande?
 - 2.1.1 België; Patrick Lumumba
 - 2.1.2 Brittanje: Julius Nyerere
 - 2.2 Hoe Tanzanië Afrika-sosialisme toegepas het:
 - Tanganjika word in 1961 onafhanklik en word herdoop tot Tanzanië. Julius Nyerere word eerste minister en sy party, Tanu, bring ’n regering tot stand.
 - Nyerere word in 1962 die president nadat die grondwet aangepas is.
 - Die Arusha-verklaring word in 1967 aanvaar. Dit dui op die ondersteuning van sosialisme.
 - Die Arusha-verklaring het sosialisme bevorder as iets wat in Afrika se eie waardes en potensiaal wortel gevat het.
 - Sosialisme is beskou as ’n Afrika-tradisie van kleinboerestand, gemeenskappe wat saambly en alles deel.
 - Nyerere het gesê dat Afrika-sosialisme nie afgelei is van Europese sosialisme en Marxisme nie, maar eerder vir Europese sosialiste kon leer wat sosialisme werklik is.
 - Ujamaa het behels dat alle mense vir mekaar sorg en dat almal saamgebind word deur omgee en solidariteit.
 - Daar is baie klem op onderrig gelê. Elitisme is beëindig deur universele onderrig gegrond op tradisionele en Westerse modelle in te stel.
 - Daar is erkenning gegee aan tradisionele waardes, inheemse kennis en wysheid.
 - Kort nadat die Arusha-verklaring bekendgemaak is, is banke en baie groot nywerhede in Tanzanië genasionaliseer..
 - 2.3 Soort regerings wat na vore gekom het:
 - 2.3.1 Kongo
 - Gesentraliseerd
 - Verenig
 - Militêre regime/diktatuur
 - Enkelparty-regering
 - Die regering het die rol van beskermers aangeneem en wet en orde met geweld afgedwing.

Antwoorde

- “Mobutuïsme” het na vore gekom. Hy was ’n kultusfiguur wat die regering se mag gebruik het om sy eie mag te versterk.
- Hy wou eerder ’n outoritêre regering opbou as ’n verenigde nasie.
- Daar is geen samehorige, nasionale identiteit bereik nie..

2.3.2 Tanzanië

- ’n Enkelpartystaat
- Sosialistiese ideologie
- Daarop gemik om alle Tanzaniërs te help om die nasie te bou.
- Hy het daarin geslaag om etniese verskille te oorkom om ’n verenigde Tanzanië te vestig.
- Tanzanië het ’n nasionale identiteit aangeneem.
- Verkiesings is gehou om die “beste” individu te kies, maar daar was slegs een party, Tanu.
- Nyerere het president vir die res van sy leeftyd geword.

3 Wat was die uitwerking van interne en eksterne faktore op Afrika tussen 1960 en 1980?

3.1 Intern

- Nalatenskap van kolonialisme
- Etniese diversiteit
- Staatsmislukking
- Geografiese ligging

3.2 Ekstern

- Koue Oorlog
- Hulp van die buiteland
- Uitvoer-invoer-siklus
- Oliekrisis in 1973

4 Watter rol het die USSR, die VSA, Kuba, China en Suid-Afrika daarin gespeel om die Koue Oorlog ná 1960 na Afrika-lande te bring?

4.1 Unita, die FNLA, die MPLA (jy moet hierdie bewegings se volle Engelse óf Portugese name verskaf)

4.2 Unita en die FNLA: hoofsaaklik die VSA; die MPLA: hoofsaaklik die USSR

4.3 Belange van moondhede in Afrika:

4.3.1 Die USSR en die VSA: strategiese posisie in Afrika; minerale en hulpbronne; verspreiding van ideologie; staan mekaar se ideologieë teen

4.3.2 Kuba: gespaar van ideologie; hulpbronne

Antwoorde

- 4.3.3 China: staan die VSA en USSR se imperialisme teen; toegang tot hulpbronne; in ooreenstemming met lande wat China by die VN kon ondersteun; handelsvennote
 - 4.3.4 Suid-Afrika: Hou Marxisme uit Suid-Afrika; keer Suidwes-Afrika (Namibië) se onafhanklikheid of stel dit uit; hou ANC uit Suid-Afrika.
- 5 Hoe is onafhanklikheid en vrede in Angola bereik?
- 5.1 1975 (5 Januarie); Portugal
 - 5.2 Burgeroorlog:
 - 5.2.1 Hoofsaaklik Unita en die MPLA
 - 5.2.2 Ideologiese verskille; persoonlikheidsverskille; elkeen wou mag hê (jy kan ook die invloed van die supermoondhede noem)
 - 5.3 Moondhede se motiewe:
 - 5.3.1 VSA: Om belangsfere te skep en om te verhinder dat die USSR se ideologie wortel skiet (ook kwessies oor hulpbronne en dies meer)
 - 5.3.2 USSR: Om belangsfere te skep en om te verhinder dat die VSA se ideologie wortel skiet (ook kwessies oor hulpbronne en dies meer)
 - 5.4 Jy behoort Namibië, Zambië en Zaïre en uitwerkings soos die vernietiging van infrastruktuur, verskuiwing van mense, vlugteling en dies meer te noem.
 - 5.5 Dit het die Suid-Afrikaanse weermag 'n knou toegedien, want hulle het besluit dat dit nie die moeite werd sou wees om betrokke te raak by 'n lang en uitgerekte oorlog teen Angola, wat deur Kuba ondersteun is, nie. Suid-Afrika het besluit om te onttrek. Unita het dus hul ondersteuning verloor en dit het die onderhandeling vir 'n vredesooreenkoms makliker gemaak.
 - 5.6 Verdrag:
 - 5.6.1 Bicesse-verdrag (hierdie verdrag reggestel deur die Luena-memorandum wat die geveg uiteindelik tot 'n einde gebring het).

Antwoorde

Onderwerp 3 Antwoorde

- 1 Watter vorme van burgerlike verset het van die 1960's tot die 1990's voorgekom?
 - 1.1 T1 Van 1960 tot 1969/'70 het mense in die Weste ongekende welvaart, vryheid en sosiale beweeglikheid geniet as gevolg van die afbreek van maatskaplike struikelblokke soos beter toegang tot onderrig en mediese vooruitgang, bv. voorbehoedmiddels.
 - 1.2 geslagsgelykheid; burgerregte; demokratiese regte.
 - 1.3 Jy kan enige van die volgende aspekte noem: Vakhonde (1920-1950's); Fedsaw (1953); Vrouehandves (1954); Versetveldtog (1950's); optog na Uniegebou om te betoog teen passe (1956); deelname aan die opstel van die Vryheidshandves (1955); Black Sash (1955).
 - 1.4 Vredesbewegings: ontwapening; studente en teenoorlog
 - 1.4.1 Ontwapening: bv. Veldtog vir Kernontwapening, Brittanje (Londen);
Studente: die meeste Westerse lande en party in Europa, asook Mexiko, Japan, ens.; Teenoorlog: hoofsaaklik die VSA.
 - 1.4.2 Ontwapening: teen kernwapens en kerntoetse; Studente: vyandig teenoor wat hulle beskou as 'n korrupte en skynheilige sosiale orde;
Teenoorlog: protes teen die Viëtnam-oorlog.
- 2 Hoekom het die burgerregtebeweging in die VSA begin en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvan?
 - 2.1 Wit, rassistiese, heerssugtige groep in die VSA
 - 2.2 As gevolg van die nalatenskap van die slawehandel wat deur die transatlantiese slawehandel oorgedra is toe duisende slawe uit Afrika gebring is om op die plantasies te gaan werk.
 - 2.2.1 Martin Luther King junior
 - 2.2.2 Passiewe weerstand; geen geweld.
 - 2.2.3 Hy is vermoor.

Antwoorde

- 2.3 Sitbetogings, optogte, boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid, vryheidsritte, en dies meer.
- 2.4 THul pogings het uiteindelik gelei tot die desegregasie van skole in die suide.
- 2.5 Lang termyn: desegregasie van skole, stemregte, wetlike gelykheid. Kort termyn: het mense wêreldwyd bewus gemaak van swart Amerikaners se situasie; desegregasie van openbare geriewe (deur bv. sitbetogings); Burgerregwet van 1964 en die Stemregwet van 1965 (wat langtermyngevolge gehad het).
- 3 Hoekom het die Swartmagbeweging in die VSA ontstaan en wat was die kort- en langtermynsuksesse daarvan?
 - 3.1 'n Politieke slagspreuk en 'n naam vir verskeie verwante ideologieë wat daarop gemik was om mense van Afrika- of swart afkoms vrye wil te gee.
 - 3.2 Hulle het dit bekend gemaak; het dit polities rigting gegee; gehelp om dit 'n maatskaplike vlak te gee (bv. klinieke, onderrig, en dies meer).
 - 3.3 Black Panther-party
 - 3.3.1 Marxisme/sosialisme
 - 3.3.2 Deels as reaksie op die manier waarop hulle gedink het kapitalisme swart Amerikaners onderdruk; ook as 'n manier om hul eie politieke identiteit te bewerkstellig en om die armes te probeer ophef deur die verspreiding van rykdom en dienste.

Antwoorde

Eksamen oefen

- 1 Hoekom was die optog in 1965 van Selma na Montgomery in die VSA van spesiale belang in die burgerregtebeweging? Verwys na bron A om die volgende vrae te beantwoord?
 - 1.1 Optog van Selma na Montgomery:
 - 1.1.1 Gesegregeerde skole, behuising, werksgeleenthede en dies meer; stemreg geweier; onderwerp aan geletterdheidstoetse en diskriminerende praktyke. (1 x 2) (2)
 - 1.1.2 Hy was 'n charismatiese leier; 'n baie gerespekteerde leier met 'n goeie gevolg. Mense het vertroue in King se leierskap gehad. Hy was 'n sterk voorstaander van geregtigheid en burgerregte. Enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)
 - 1.1.3 3 Stemreg is 'n basiese mensereg. Swart Amerikaners is in hul alledaagse lewe onderwerp aan segregasie en diskriminasie. Swart Amerikaners was lojale burgers wat tot die Amerikaanse ekonomie bygedra het, maar tog stemreg geweier is. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)
 - 1.1.4 Televisiedekking het uitgebeeld hoe gewelddadig staatstroepe was. Steun vir die Burgerregtebeweging het gegroei vanweë die wrede optrede van die VSA regering. Gewelddadigheid het ondersteuning en simpatie vir die burgerregtebeweging gewerf. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)
 - 1.1.5 Haar optrede het die burgerregtebeweging in die lewe geroep en het ander aangemoedig om diskriminasie teen te staan. Sy het opgestaan vir haar regte en geweier om onder politieke druk toe te gee. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

Antwoorde

1.1.6 JA

- Dit het VSA-burgers, veral swart Amerikaners, meer bewus gemaak.
- Dit het meer druk op die Amerikaanse regering geplaas.
- Dit het ondersteuning tussen verskeie aktiviste teweeg gebring.
- Swart Amerikaners is later as burgers van die VSA erken.

NEE

- Indien jy NEE gesê het, moet jy jou antwoord met gepaste bewyse staaf.

(2 x 2) (4)

Onderwerp 4 Antwoorde

1 Wat was die aard van die apartheidstaat in die 1970's en 1980's?

1.1 Omdat die regering geglo het dat swart mense nie Suid-Afrikaners was nie, maar behoort het aan ander nasies (bv. die Zoeloes); hulle moes in hul eie land of nasie (tuisland) woon; swart mense was ondergeskik aan wit mense; hulle moes nie met wit mense meng of tussen hulle woon nie; wou die “wit” lewenswyse bewaar (dit het ingesluit dat swart mense nie wit mense se werke mag gedoen het nie); enige ander gepaste antwoord.

1.2 Apartheid en die Bantoestans het 'n teenstelling geword, want “wit” Suid-Afrikaners wou swart mense uit “wit” Suid-Afrika dryf (na tuislande), maar eintlik het hulle swart mense nodig gehad om vooruit te gaan. Trekarbeid is dus ingestel wat die Bantoestan- of tuislandstelsel ondermyn het en gehelp het om “wit” Suid-Afrika onder meer druk te plaas. Dit het uiteindelik bygedra tot die ondergang van apartheid.

2 Hoe het die apartheidregering apartheid probeer hervorm om dit te behou?

2.1 Pogings tot hervorming:

2.1.1 Omdat daar baie betogings was en Suid-Afrika al hoe moeiliker geraak het om te regeer. Hulle het dus gedink indien hulle apartheid hervorm, sal swart mense gelukkig wees en ophou om aan te dring op gelyke regte, stemreg en dies meer en sou ophou betoog.

2.1.2 Wet op Swart Plaaslike Owerhede (1982); driekamerparlement (1983).

Antwoorde

- 2.1.3 Nee; mense het dit afgemaak as vensterversiering wat geen werklike verandering teweeg gebring het nie. Wat die mense wou hê, was volle burgerregte (dieselfde as dié van wit mense) – hulle sou niks minder aanvaar nie. Bewyse hiervan is die volgehoue en toenemende opstande en geweld reg deur die 1980's.
- 3 Watter soort interne en eksterne weerstand teen apartheid was daar wat tot die einde van apartheid bygedra het?
- 3.1 Hulle het besef dat hulle as 'n groep baie mag gehad het deur weg te bly van die werk af en stakings te hou om verandering af te dwing.
- 3.2 Nuwe soorte opstand:
- 3.2.1 Opstande; burgerlike optredes; massa-optredes; uitbreiding van die front deur die UDF; die MDB en dies meer.
- 3.2.2 Omdat dit wyd verspreid en op voetsoolvlak was en die polisie lede dus nie in hegtenis kon neem nie; was in alle uithoeke van die land te vind; dit was maklik om mense te mobiliseer; baie moeilik om te onderdruk.
- 3.3 PW Botha; FW de Klerk
- 3.4 Dit was bekragtiging deur die OAE van die ANC se voorgestelde onderhandelingsproses met die apartheidsregering.
- 3.5 Rol van gebeurtenisse en bewegings:
- 3.5.1 Enige gepaste verduideliking, soos: Dit het Suid-Afrika ontnem van uitvoermarkte (daarom kon die land nie buitelandse valuta verdien om invoere mee te koop nie); gehelp om baie uitvoere na Suid-Afrika te verhoed wat die lewe moeilik gemaak het; op sportgebied het dit Suid-Afrikaanse spanne verhinder om oorsee te speel en ook verhinder dat oorsese spanne in Suid-Afrika kon kom speel; dit het ook betrokke geraak by disinvestering sodat baie oorsese ondernemings hul geld

Antwoorde

uit Suid-Afrika onttrek het. Al hierdie dinge het saam 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie en mense se moraal gehad, daarom was wit mense meer bereid om apartheid te beëindig.

3.5.2 Deur massa-opstande, demonstrasies, massa-optredes, burgerlike ongehoorsaamheid en dies meer het die MDB gehelp om Suid-Afrika onregeerbaar te maak. Dit het die apartheidregering gedwing om dit te oorweeg om apartheid te beëindig.

3.5.3 Dit het aan die apartheidregering gewys dat hulle nie onoorwinlik was nie, daarom het hulle uit Angola onttrek. Dit het gehelp om die weg te baan vir Namibië se onafhanklikheid, wat gehelp het om 'n paar struikelblokke uit die pad te kry vir Suid-Afrika se onderhandelings met die ANC en ander magsbemiddelaars oor die moontlikheid daarvan om apartheid te beëindig.

Eksamen oefen

1 Op watter maniere het die Swartbewussynsbeweging die apartheidstaat uitgedaag?

1.1 Enige sinvolle interpretasie wat begrip toon dat dit maklik is om iemand te onderdruk wat minderwaardig voel. Dit is presies wat apartheid ten doel gehad het: om swart mense sleg te laat voel oor hulself. (1 × 3) (3)

1.2 Bron C:

1.2.1 Studente rebelleer teen Afrikaans wat afgedwing is as onderrigmedium in skole. (1 × 2) (2)

1.2.2 Dit het studente bewus gemaak van hul menseregte; dit het hulle laat saamstaan en optree teen ongeregtheid. (2 × 2) (4)

Antwoorde

- 1.2.3 Hulle was deel van die apartheidge regering se poging om apartheid te hervorm deur swart mense meer sê te gee in hoe hulle hul eie plaaslike sake bestuur (Wet op Swart Plaaslike Owerhede van 1982); daarom afgekeur deur mense wat teen apartheid was; mense wat daar gewerk het, is beskou as verraaiers; bierhuise is beskou as die apartheidge regering se manier om swart mense verslaaf te hou (deur goedkoop alkohol); enige ander gepaste antwoord. (2 × 2) (4)
- 1.2.4 Hulle was gevoelloos; het die houding ingeneem dat hulle 'n les geleer moes word (deur hulle te skiet); het hulle beskou as minderwaardig; enige ander gepaste antwoorde. (2 × 2) (4)
- 1.2.5 Jy moet jou eie beredeneerde antwoord gee. Indien jou antwoord ja is, moet jy redes gee soos dat slegs een mening gegee word; dit kom uit 'n VN-dokument (die VN was gekant teen die apartheidge regering). Indien jou antwoord nee is, sal jou argument baie oortredend moet wees. (1 × 3) (3)

Onderwerp 5 Antwoorde

- 1 Aartsbiskop Desmond Tutu; 17
- 2 Menseregtekommissie: Dit het oor die hele land gereis om na mense se getuienis te luister; het 'n forum of ruimte geskep waar slagoffers en oortreders mekaar van aangesig tot aangesig kon ontmoet, bieb, om vergifnis vra en vergewe; enige ander gepaste antwoord. Amnestiekomitee: Dit het na gevalle geluister om te besluit of die oortreders amnestie kon kry en of strafaanklagte teen hulle gelê moes word; het getuienis getoets deur mense onder kruisverhoor te plaas; het verseker dat die aansoeke om amnestie gedoen is ingevolge die bepalings van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening van 1995; enige ander gepaste antwoord. Komitee oor herstelgeld en rehabilitasie: Dit moes 'n stelsel vir die regering aanbeveel vir die vergoeding van slagoffers; moes ondersteuning gee aan

Antwoorde

slagoffers om te verseker dat die Waarheids-en-Versoeningskommissie se proses aan slagoffers 'n bietjie waardigheid teruggee; 'n Presidentsfonds wat deur die parlement en private bydraes gefinansier is, is gestig om dringende herstelgeld in die interim aan slagoffers uit te betaal ingevolge die voorwaardes wat deur die president voorgeskryf is; enige ander gepaste antwoord.

3 Besware teen die WVK se bevindings:

3.1 ANC; IVP; NP; FW de Klerk

3.2 Meestal dat die WVK nie die hele storie in ag geneem het nie (bv. die ANC het gevoel dat die gruweldade wat hulle in die naam van die vryheidstryd gepleeg het, nie vergelyk kon word met dit wat die polisie in die apartheidsjare aangevang het toe hulle mense onderdruk het nie). Hulle het nie saamgestem oor sommige van die feite nie, bv. hoofman Mangosuthu Buthelezi het die bevindings van die verslag verwerp waarin hy verantwoordelik gehou word vir erge menseregteskendings.

4 Jy moet jou eie antwoord gee, maar jy moet aandui dat, hoewel dit nie vroue insluit nie, dit 'n poging tot inklusiwiteit en versoening is deur die vorige onderdrukker (De Klerk) en die onderdrukte wat vir vryheid geveg het, saam te sit.

Eksamen oefen

1 Watter rol het die WVK gespeel in Suid-Afrika se manier om die verlede te verwerk?

1.1 Bron A:

1.1.1 Dit het versoening gebring deur mense te oorreed om hul misdade te erken; genesing; nasiebou. (1 x 2) (2)

1.1.2 Swart mense wat swaargekry het onder apartheid, sou vergelding en geregtigheid wou hê. Swart mense wat vir so lank swaargekry het, was nie gereed om die verlede so vinnig te vergewe en vergeet nie. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

Antwoorde

- 1.1.3 Sommige sektore was agterdogtig oor die redes vir die totstandkoming van die WVK. Party mense was nie opreg, eerlik en openhartig nie. Daar was positiewe en negatiewe kritiek. Enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

1.2 Spotprent:

- 1.2.1 1 Sommige mense het voor die WVK verskyn; ander het die WVK ontduik. Tutu is geskok dat baie prominente figure nie voor die WVK verskyn het nie. Enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

- 1.2.2 YLeerders kan kies tussen AKKURAAT en ONAKKURAAT en moet hul antwoorde staaf met geldige redes.
- AKKURAAT**
- Sommige mense het voor die WVK verskyn en ander het weggekom.
 - Prominente politici (wat verteenwoordig word deur die groter visse) het nie voor die WVK verskyn nie.
 - Baie mense het voor die WVK verskyn en amnestie ontvang.
 - Enige ander gepaste antwoord.
- ONAKKURAAT**
- Kan dalk partydig wees.
 - Baie prominente politici het egter wel voor die WVK verskyn.
 - Om die politici uit te beeld as visse wat in die see swem, kan dalk simboliseer dat hulle op een of ander tydstip gevang kon word – nie waar nie – hulle wou voor die WVK verskyn.
 - Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

- 1.2.3 YJy kan kies tussen STEM SAAM of STEM NIE SAAM NIE en jy sal jou antwoord moet staaf met geldige redes.
- STEM SAAM**
- Omdat die WVK nie mense kon dagvaar om te verskyn nie, het baie mense weggekom.
 - Veral die magtigste politici het nie voor die WVK verskyn nie.
 - Enige ander gepaste antwoord.
- STEM NIE SAAM NIE**
- Nie almal het weggekom nie.
 - Kan dalk partydig wees.
 - Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

Antwoorde

1.3 Bron C:

1.3.1 Driekwart van swart Suid-Afrikaners keur die werk wat die kommissie

gedoen het goed, terwyl die res van hulle dit nie goedkeur nie. Een derde van wit mense keur die werk wat die kommissie gedoen het, goed, terwyl die res van hulle dit nie goedkeur nie. Swart mense beskou die WVK as positief, terwyl wit mense dit as negatief beskou. Enige ander gepaste antwoord.

1.3.2 JA (VOEG WAARDE TOE)

- Dit gee die leser 'n begrip van hoe die verskillende rassegroepe die WVK gesien het.
- Dit gee die leser 'n idee van die werk wat die WVK gedoen het.
- Dit evalueer die WVK met betrekking tot hul onthulling van die waarheid en die herstel en vergoeding wat dit aan mense gebied het.

● Enige ander gepaste antwoord.

NEE (VOEG NIE WAARDE TOE NIE)

- Kan dalk partydig wees.
- Statistieke kon nie betroubare inligting bied nie – kon gemanipuleer geword het.
- Proefgehoor is te klein om veralgemenings te maak.
- Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

1.4 Bron D:

1.4.1 Duisende Suid-Afrikaners het na die kommissie gekom om hulle

stories vir ons te kom vertel. Daar word op byna eerbiedige manier gepraat van Suid-Afrika se vreedsame transformasie tot 'n demokrasie, wat uitgeloop het op die WVK-proses. Dit word beskou as 'n unieke verskynsel in die geskiedenisannale. Enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

1.4.2 Hulle het bygedra tot Suid-Afrika se vreedsame oorgang tot 'n

demokrasie. Die waarheid is onthul. Geskiedenis is gemaak. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

1.4.3 Dat die wit gemeenskap nie gebruik gemaak het van die WVK nie; wit

mense se ontkenning dat hulle baat gevind het by apartheid. (2 x 1) (2)

Antwoorde

1.4.4 GEREGERD

- Die WVK was 'n manier om te ontboesem; tog het hulle nie daarvan gebruik gemaak nie.
- Dit is algemene kennis dat baie wit mense voordeel getrek het uit apartheid.
- Wit mense het 'n kans gehad om by te dra tot rasseharmonie; om by te dra tot die nuwe Suid-Afrika.
- Enige ander gepaste antwoord.

NIE GEREGERD NIE

- Tutu was dalk te wreed.
- In die gees van versoening moes hy toegeefliker gewees het.
- Enige ander gepaste antwoord.

(2 x 3) (6)

1.5 Paragraaf: Jy moet die volgende aspekte in jou antwoord vervat:

(10)

- Verbeterde rasseverhoudings tussen swart en wit Suid-Afrikaners.
- Het met die proses van nasiebou en versoening gehelp.
- Het beter lewens en meer veiligheid vir almal tot gevolg gehad.
- Nasionale eenheid is deur die verhore bevorder.
- Mense aan albei kante van die konflik, bv. die bevrydingsbewegings en die regering, het kom getuienis lewer.
- Amnestie het daartoe gelei dat oortreders gewillig was om getuienis te kom lewer.
- Slagoffers het gehoor wat werklik in die apartheidjare gebeur het.
- Slagoffers kon versoen met die feit dat die oorskot van hul geliefdes gevind is en kon hulle behoorlik gaan begrawe.
- Baie vermiste slagoffers is geïdentifiseer, hul grafte is opgespoor en opgegrawe en hul beendere is aan hul families gegee om hulle behoorlik te kon begrawe.
- Rassegroepe het die WVK verskillend geëvalueer.
- Enige gepaste antwoord.

Onderwerp 6 Antwoorde

1 'n Oorlog tussen nasies (gewoonlik magtige nasies soos byvoorbeeld die VSA)

waar hulle nie regstreeks teen mekaar (warm oorlog) baklei nie, maar daar is baie politieke en militêre spanning tussen hulle en hulle ondersteun dikwels ander groepe in oorloë by volmag. Die Koue Oorlog (van ongeveer 1947 tot 1991) was 'n volgehoute staat van politieke en militêre spanning tussen supermoondhede in die Wesblok, beheer deur die VSA met Nato as een van hul bondgenote, en moondhede in die Oosblok, waar die USSR en die Warskou-verdrag aan die stuur van sake was.

Antwoorde

- Die weermagte van die twee hoofmoondhede – wat elk kernwapens gehad het en dus albei kon dreig met algehele vernietiging – het mekaar nooit die stryd aangesê nie. In plaas daarvan het hulle in hul stryd om invloed wêreldwyd sielkundig met mekaar oorlog gevoer en gereeld teen mekaar te staan gekom in oorloë by volmag.
- 2 Sy beleidsrigtings was gemik op interaksie met die wêreld (die USSR het altyd sy rug op die wêreld gedraai); om die Sowjetunie se mense so ver te kry om te gesels oor hul situasie; om die ekonomie op 'n beter voet in die mark te probeer kry (vorige leiers het geen meningsverskil toegelaat nie en het totale beheer oor die ekonomie gehad); enige ander gepaste antwoord.
 - 3 Dit het innovasie aan bande gelê; mense is nie beloon vir hul moeite nie; besluite het baie lank geneem om geneem te word; gehalte was nie op peil nie; daar is meestal wapens en masjinerie gemaak. Dit het die USSR se ekonomie laat stagneer; hulle kon nie meer inkomste genereer om die bevolking te ondersteun nie. Enige ander gepaste antwoord.
 - 4 Dit het veroorsaak dat mense vry wou wees om goed te besit, vir harde werk beloon te word en dies meer. Hierdie idees en begeertes was ook in die politieke sfeer te sien en het verandering aangehelp.
 - 5 Jou eie antwoord, maar jy moet aandui dat veranderinge in die USSR veroorsaak het dat Pole ook nie meer deur kommunisme onderdruk wou word nie. Pole het ook onder Solidariteit 'n ryk tradisie van opstande gehad.
 - 6 Om te probeer keer dat die Oos-Duitsers heeltemal in opstand kom. Hy het gedink dat hulle sou ophou om vir algehele vryheid te vra indien hulle 'n bietjie vryheid gekry het.
 - 7 Jou eie antwoord, maar jy moet aandui dat dit 'n kombinasie van Gorbatsjof se hervormings en die swak ekonomie en algehele meningsverskil in die verskeie republieke in die Sowjetunie was wat gelei het tot die einde van die Koue Oorlog toe die USSR ontbind is.

Antwoorde

- 8 Die muur was 'n simbool van die Koue Oorlog. Toe dit afgebreek is, was dit dus ook simbolies van die hele mensdom se bevryding van die Koue Oorlog en die skeur wat dit tussen mense veroorsaak het. Dit het die wêreld weer hoop gegee vir eenheid en vrede.
- 9 Dit het beteken dat die apartheidsregering nie meer kommunisme as verskoning kon gebruik waarom hulle nie die ANC in die land wou toelaat nie. Dit het ook beteken dat die ANC nie meer op die Sowjetunie se ondersteuning kon staatmaak nie. Hulle is dus in 'n sekere mate gedwing om met die apartheidsregering te begin onderhandel.
- 10 Dit het beteken dat apartheidsoldate uit Angola onttrek het; dus is nog een van die struikelblokke wat in die pad van onderhandelings gestaan het, verwyder. Dit het die apartheidsregering gewys hulle is nie onoorwinbaar nie en dat dit beter sou wees om te onderhandel oor 'n ooreenkoms om vrede in die land te bring as om aan te hou verloor in 'n oorlog wat hulle nie kon wen nie.
- 11 Die ANC is weer in die land toegelaat en dies meer; vrylating van politieke gevangenes (soos Mandela); gewillig om met alle mense en partye in Suid-Afrika te onderhandel om 'n vreedsame oplossing vir die land se probleme te vind.
- 11.1 Dit het Suid-Afrika vir ewig verander en byna 400 jaar van wit heerskappy (sedert 1652) tot 'n einde gebring; het die weg gebaan vir demokrasie en menseregte; enige ander gepaste antwoord.
- 11.2 Om kwessies te hanteer:
- 11.2.1 Deur die WVK en die oprigting van monumente en gedenktekens (jy kan ook die veeltalige volkslied, Mandela se betrokkenheid by die rugbywêreldbeker in 1996 en dies meer noem).
- 11.2.2 Eerstens deur die HOP en toe deur Gear. Jy moet verduidelik wat hierdie twee programme behels en hoe die nuwe regering dit probeer gebruik het om die nalatenskap van apartheid in 'n ander lig te stel.

Antwoorde

Eksamen oefen

- 1 Hoe het die verval van die Sowjetunie en die einde van die Koue Oorlog bygedra tot die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika?

1.1 Bron A:

1.1.1 Het die val van kommunisme tot gevolg gehad; het die apartheidsregering gedwing om te verander; Gorbatsjof wou onderhandel en hervorm; het daartoe gelei dat die ANC sy politieke standpunt verander en met die NP-regering begin onderhandel het; enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

1.1.2 Het gelei tot gesprekke in die geheim tussen die Suid-Afrikaanse regering en die ANC; druk van die VSA op Suid-Afrika om veranderinge aan te bring; enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

1.1.3 Hulle het gevrees dat die onderskeie ondersteuners dit sou verwerp. Die pad vorentoe is in hierdie ontmoetings ondersoek. Dit is nie formeel aangevra nie, maar was 'n poging om 'n middeweg te vind vir die uitdagings waarteen die land te staan gekom het. Die ANC was steeds verbied en die NP-regering wou nie gehad het enigiemand moet agterkom dat hulle met die ANC praat nie. Suid-Afrika was nog nie gereed vir openlike gesprekke vir onderhandelings nie. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

1.1.4 Kommunisme is nie meer as 'n bedreiging beskou nie. Suid-Afrika was nou gedwing om met anti-apartheidsorganisasies te onderhandel en hervormings te versnel. Suid-Afrika het besef dat dit geen ondersteuning van Westerse bondgenote sou kry om die status quo te handhaaf nie. Die ANC is beskou as swak sonder die ondersteuning van die USSR. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

Antwoorde

1.2 Bron B:

1.2.1 Het 'n einde gebring aan Sowjetbeheer in Oos-Europa; gelei tot die uiteindelijke disintegrasië van die USSR; kommunisme het begin disintegreer; enige ander gepaste antwoord. (1 x 1) (1)

1.2.2 Die ANC is nie meer deur die Sowjetunie ondersteun nie; die einde van die kommunistiese bewind in Rusland en dus hoef wit mense nie meer bang te wees dat kommunisme en die USSR sou oorvat nie; het ekonomiese stabiliteit verseker en dus geen vrees vir nasionalisering nie; Suid-Afrika kon steeds 'n kapitalistiese ekonomie hê; enige ander gepaste antwoord. (1 x 2) (2)

1.2.3 Die ANC is nou gedwing om die gewapende stryd te los en te begin onderhandel. Hulle moes van 'n weermag in die geheim na 'n openbare organisasie verander. Die ANC het dus geen keuse gehad as om met hul vyande te begin onderhandel nie. Hulle is gedwing om met die regering van daardie tyd saam te werk om 'n politieke oplossing te vind. Enige ander gepaste antwoord. (2 x 2) (4)

1.3 Vergelyk bronne:

- Albei bronne verwys na die geleentheid wat De Klerk gehad het om hervormings in te stel en met onderhandelings te begin.
- Bron B (uittreksel 1) gaan oor die val van die Berlynse Muur en die geleentheid wat De Klerk gehad het om met hervormings te begin.
- Bron B (uittreksel 1): Die NP-regering kon nie meer die verskoning gebruik dat Suid-Afrika 'n veilige hawe teen kommunisme gebied het nie.
- Bron A lê klem op die einde van die Koue Oorlog en die geleentheid wat dit Suid-Afrika gebied het om met onderhandelings te begin.
- Bron A wys dat die USSR ophou inmeng het met die binnelandse sake van Afrika (SA). (2 x 2) (4)